Eugene Terre'Blanche, 5.
Jesus of Montreal, 84.

ONS IS DIE NUWE SUID-AFRIKA

# Vrye Weekblad



27 Julie 1990 Tel: (011) 836-2151 Fax: 838-5901 Prys: R1,50 (R1,33 + 17c AVB)

Die donker wolk oor Oom Karel se mense - bl 7



Mbeki praat kaalkop

# Staakvuur nóú nodig



Ontmoet kameraad Chris Hani, Supervalk - bl 10

HENNIE SERFONTEIN

**Dit is van die grootste nasionale belang dat 'n ooreenkoms nou tussen die regering en die ANC aangegaan word dat alle geweld voortaan gestaak sal word, sê die hoof van die afdeling buitelandse sake van die ANC, Thabo Mbeki.**

**Mbeki het in 'n onderhoud met Vrye Weekblad probeer om olie op die troebele waters te gooi ná die Umkhonto we Sizwe-stafhoof, Chris Hani, se skerp uitlatings oor 'n verskerping van die gewapende stryd.**

**Staatspresident FW de Klerk het gister gesê die ANC het die inligting oor 'n nuwe insurgensie deur Umkhonto we Sizwe nie ernstig genoeg opgeneem nie. Daar was gisteraand 'n sterk moontlikheid dat die regering Donderdagaand nog die ANC se vise-president, Nelson Mandela, sou ontmoet om die nuwe probleme uit te stryk.**

Intussen het nog 'n senior kommunis en ANC-leier, Ronnie Kasrils, gister gesê hy weet daar is 'n lasbrief uit vir sy inhegtenisname en hy gaan nou ondergronds. Hy het tydens 'n middagete van buitelandse korrespondente erken dat hy en die SAKP-leier wat Woensdag aangehou is, Mac Maharaj, ondergrondse strukture gevestig het, maar bygevoeg dat dit in diens van die ANC was. Hy het die regering se aantyginge van 'n "kommunistiese komplot" as "lagwekkend" beskryf.

Mbeki het gister gewaarsku dat dit tans prakties onmoontlik is om te verwag dat die gewapende stryd opgeskort word voordat die regstreekse of onregstreekse polisiegeweld nie onmiddellik en sigbaar beëindig word nie. Mbeki het die vraag gevra: "Hoe kan ons hoop dat die opskorting van geweld vir ons ondersteuners aanvaarbaar sal wees terwyl die geweld van die polisie en hul bondgenote, die swart- en wit vigilantes, op die ANC en sy bondgenote voortduur?

"Ons eie mense sal ons beskuldig dat ons gek is en besig is om aan die polisie uit te verkoop. Ons sal verwyt word dat ons die reg tot selfverdediging opsê terwyl 'n openlike en volgehoue veldtog van terrorisme teen ons voortwoed."

Mbeki beklemtoon: "As die huidige politieke onderhandelingsproses suksesvol moet voortgaan, dan is dit absoluut noodsaaklik dat albei partye - die ANC en die regering - nie moet vrees dat daar enige bedreiging van politieke geweld is nie.

"Daarom moet die kwessie van 'n gesamentlike bindende skietstaking of 'n gesamentlike opskorting van vyandelikhede onmiddellike aandag as 'n eerste prioriteit geniet. Dit moet op beide partye van toepassing wees."

Mbeki het kommentaar gelewer op berigte van inhegtenisnemings van ANC-lede, die onlangse infiltrasie van guerillas van Umkonto we Sizwe en 'n beweerde komplot van die SAKP om mag oor te neem as die huidige onderhandelingsproses misluk.

*Vervolg op bl 2*

# Ver-regses se turf sit al meer

JACQUES PAUW

DIE Polisie stel ondersoek in na die betrokkenheid van senior ampsdraers van die Konserwatiewe Party en ander ver-regses aan die Oos-Rand by verskeie politieke misdade en wandade die afgelope maande.

Die polisie ondersoek onder meer 'n voorval waar 'n varkkop op die stoel van 'n raadslid van die Nasionale Party geplaas is en 'n meeluisterskandaal in die Boksburgse stadsraad waarby die KP glo betrokke is. Verskeie ander voorvalle word ook ondersoek.

Die jongste ondersoek hou verband met die beweerde regse komplot aan die Oos-Rand wat verlede maand deur die assistent-vervoerbestuurder van die Boksburgse stadsraad, Jannie Smith, blootgelê is. Verskeie bekende ver-regses, onder meer die onder-burgemeester van Boksburg, TJ Ferreira, is by die komplot betrek.

Intussen is die ondersoek na die komplot reeds só ver gevorder dat die polisie vandeesweek begin het om formele klagtes aan elf moontlike beskuldigdes te stel. Die dossier sal binnekort na die prokureur-generaal verwys word, en na verwagting sal formele aanklagte, wat onder meer verraad en sameswering mag insluit, kort daarna volg.

Intussen het twee senior NP-LP's aan die Oos-Rand, Sakkie Blanché en dr Boy Geldenhuys, vandeesweek te kenne gegee dat hulle van voorneme is om die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, te gaan spreek oor die beweerde regse komplot nadat hulle na van die bandopnames geluister het. Hulle beskou die saak in 'n baie ernstige lig.

Die hoof van die NP in die Boksburgse Stadsraad, Chris Smith, het vandeesweek bevestig dat Geldenhuys en Blanché "uiters geskok" is nadat hulle van die getuienis onder oë gehad het. "Dit is geen bierblikpraatjies nie. Dit is baie, baie ernstig."

Chris Smith is in besit van bandopnames en getuienis dat KP-lede en ander regses verantwoordelik was vir onder meer die plaas van die varkkop op Issy Kramer se stoel in die raadsaal van die Boksburgse Stadsraad, meeluistering in dié raad en 'n NP-lid se motorruite wat uitgeslaan is.

Vrye Weekblad verneem dat die speurhoof van die SA Polisie, genl Jaap Joubert, persoonlik oor die nuwe klagtes in kennis gestel is en dat 'n polisiemajoor binnekort verdere verklarings by Jannie Smith sal afneem.

Die volgende getuienis het na vore gekom:

* Dit blyk nou dat die meeluister-apparaat wat in April vanjaar in die Raadsaal geplant en tot 'n klag teen die NP gelei het, deur die KP self geplant is. Drie KP-stadsraadslede is hierby betrokke.

* Die varkkop wat in Februarie vanjaar op Kramer, NP-stadsraadslid, se stoel in die raadsaal gevind is, is deur 'n bekende ver-regse van die Oos-Rand geplant. Die KP het Chris Smith daarvan beskuldig dat hyself die kop geplant het.

* KP-stadsraadslede was betrokke by die insident laat verlede jaar toe Gloria Bosch, 'n KP-lid wat na die NP toe oorgeloop het, se motorruite uitgeslaan is.

* 'n Ver-regse erken dat hy betrokke was by die insident by die Boksburg-meer vroeër vanjaar toe 'n swart fotograaf aangerand is.

Jannie Smith sê hy is deur 'n KP-stadsraadslid genader om meeluisterapparaat in die hande te kry om die koukus van die NP mee af te luister. Die meeluister-apparaat is in die Issy Kramer-komiteekamer geplant, terwyl KP-lede in 'n naburige kantoor daarna geluister het.

Smith sê die KP het sowat drie maande lank die NP-vergaderings meegeluister voordat die NP klaarblyklik iets agtergekom het en die vergadersaal verskuif het na die kantore van 'n

*Vervolg op bl 2*

*SAKP-leier in aanhouding*

# Komplot teen rooies beweer

AUDREY BROWN

Die aanhouding van 'n leier van die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party, Mac Maharaj, drie dae voor dié party se eerste groot vergadering sedert dit ontperk is, word nou wyd gesien as deel van 'n plan van die regering om onmin tussen die nasionaliste en die kommuniste in die ANC te saai en die SAKP te ontwrig.

Renier Schoeman, die Nasionale Party se inligtingshoof, het dié vermoede versterk met sy uitlatings voor die World Communist League in België dié week.

Hy sê die regering hoop dat die wettiging van die SAKP sal lei tot 'n "splitsing" tussen die twee partye. "Die SAKP se verhouding met die ANC is parasities en heeltemal negatief. Die tyd het dus vir die ANC aangebreek om die sluwe invloed wat dié ideologies anachronistiese organisasie op die ANC se besluite het, te beëindig." Hy glo dat 'n splitsing tussen die twee net goed kan wees vir alle Suid-Afrikaners.

Maharaj se aanhouding volg kort op die hakke van 'n lekkasie aan koerante deur die Nasionale Intelligensiediens van 'n "rooi komplot" om die onderhandelingsproses in die wiele te ry.

Minstens 40 mense is in verband hiermee in hegtenis geneem. Van die aangehoudenes is Billy Nair en Praveen Naidoo van Natal, albei senior lede van die United Democratic Front en die Natal Indian Congress.

In ANC-kringe word bespiegel dat nog 'n senior lid van die ANC in hegtenis geneem gaan word.

Daar word ook gesê dat Chris Hani van Mkhonto we Sizwe se uitlatings in die Transkei die afgelope naweek daartoe gelei het dat Maharaj in aanhouding geneem is. Maharaj is deel van die regering se amnestie-aanbod van 2 Februarie. 'n ANC woordvoerder het gister gesê Maharaj se aanhouding sal indringend met die regering bespreek word.

Jeremy Cronin van die SAKP het gister op 'n nuuskonferensie gesê mense bly "sinies" oor onderhandelinge terwyl dié dinge gebeur. "Dit is duidelik dat dié 'n poging is om die saamtrek Sondag te beïnvloed. Maharaj is 'n sleutelfiguur in die beplanning en hy word drie dae voor die saamtrek aangehou."

Hy het ook daarop gewys dat dit ingevolge die Wet op Binnelandse Veiligheid nog onwettig is om kommunisme te verkondig.

Volgens Cronin is 150 MK-kaders sedert Februarie in hegtenis geneem.

Volgens ooggetuies wat aanwesig was by die huis in Mayfair waar Maharaj in hegtenis geneem is, het die polisie gesê dat die amnestie-bevel nie geld nie.

Tien veiligheidspolisiemanne in burgerdrag het net na half ses Donderdagaand in vier motors by die huis aangekom. Hulle het eers gesê Maharaj word ingevolge artikel 50 van die Strafproseswet aangehou, maar het dit later na artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid verander.

Die huis is vir meer as 'n uur lank deursoek en die polisie het op verskeie dokumente beslag gelê. Die polisiemanne is gevra of hulle 'n lasbrief om die huis te deursoek of 'n aanhoudingsbrief gehad het, wat deur die Strafproseswet vereis word.

Hulle was nie in besit van dié dokumente nie, en 'n prokureur, Peter Harris, is vertel om dit by die Sandtonse polisiekantoor te kry. Die dokument is nooit aan hom gegee nie.

# Staakvuur nóú nodig, sê Mbeki

Van bl 1

Hy wou hom nie oor spesifieke beskuldigings uitlaat nie, behalwe dat hy die bewering van 'n "komplot" kategories ontken. Hy het egter beklemtoon dat die verbintenis van sowel die ANC as die regering tot die onderhandelingsproses nie beteken dat albei partye nie die reg het om tot verdere aksie oor te gaan as een party die proses laat skipbreuk lei nie.

Mbeki sê die ANC het op vandeesweek se vergadering van die uitvoerende komitee hulself opnuut tot die onderhandelingsproses verbind. Belangrike voorstelle word op 6 Augustus aan die regering voorgelê oor kwessies soos die wyse om geweld op te skort en wat die volgende stappe na 'n nuwe grondwet behoort te wees.

Toe Mbeki daarop gewys is dat die nuus oor die inhegtenisneming van en infiltrasie deur ANC-vegters 'n skok is vir die vertroue van blankes in verdere onderhandelings en die regses bevoordeel, het hy skerp geantwoord:

"Hoekom praat almal net oor blanke vrese en vertroue? Die vraag is wat het gebeur met swart vrese en vertroue oor die onderhandelings terwyl ons eie mense gedood word? Dit is so dat swart vertroue in die proses erg geknou is en dat die atmosfeer vir vrede versteur word deur onlangse gebeure."

Die uitvoerende komitee is Woensdagmiddag breedvoerig deur verteenwoordigers van die Breë Demokratiese Beweging (BDB) van oor die hele land ingelig oor 'n toename in georganiseerde aanvalle van die polisie en vigilantes op ondersteuners van die ANC.

Mbeki sê: "Die vraag is soos 'n refrein deur die een afgevaardigde na die ander aan die ANC gestel: Waar is MK? Wanneer kom hulle ons beskerm? Dit geld veral in Natal waar sake besig is om heeltemal hand-uit te ruk.

"Dié prentjie was een van toenemende regse geweld, geweld deur die polisie self en geweld deur swart en wit vigilantes. Dit is duidelik dat die regering daarin faal om enigiets effektief oor dié toenemende geweld te doen."

Die BDB het die ANC ingelig dat daar van oor die hele land 'n versoek van ondersteuners is dat MK hulle moet kom beskerm. Hy erken dat van die persone wat in hegtenis geneem is, die land na 2 Februarie of selfs na die Groote Schuur-beraad kon binnegekom het. Hy beweer egter dat dit gedoen kon gewees het in reaksie tot dié oproepe om hulp.

Mbeki sê: "Die regering beweer dat hulle nie betrokke is in geweld teen ons nie. Die ANC is ontperk en ons is vry om polities op te tree, maar dan kom die polisie en maak hulle skuldig aan optredes heeltemal in stryd met die regering se aansprake dat hulle geweld teen ons laat vaar het."

Hy het verwys na 'n insident Woensdag toe hostelbewoners in Jabulani, Soweto, van die werk af weggebly het en later die dag andere wat van die werk terugkeer het, aangeval het.

Mbeki sê: "Dit is treffend dat spesifieke spoorwegwaens aangeval is van mense wat ANC-liedere sing. Die onheilspellende is dat sowel die pers as vakbond-leiers reeds gedurende die loop van die dag daarvan bewus was dat só 'n aanval sou plaasvind, maar die polisie het niks geweet en was nie teenwoordig tydens die aanvalle op die treine en by die spoorwegstasie nie.

"Ons glo eenvoudig net nie dat die polisie nie geweet het nie. Dit was in hulle belang om niks daaraan te doen nie. Daarom het hulle nie opgetree nie."

Hy verwerp verduidelikings dat aanvalle in 'n aantal dorpe in die Transvaal deur Inkatha op die ANC "spontaan" sou wees. "Dit is duidelik dat al dié gebeure goed beplan en georkestreer is terwyl die polisie passief of aktief dit ondersteun. Ons weier eenvoudig om te glo dat die polisie niks vooraf hiervan weet nie."

Verwysende na die feit dat Piet "Skiet" Rudolph nog steeds op vrye voet is, sê Mbeki: "'n Duidelike boodskap word hierdeur aan die ANC gestuur. Nie een van ons glo dat die polisie nie regtig in staat is om hom te vind nie."

Hy sê die tyd het aangebreek dat die regering openlik moet erken dat hulle nie volle beheer oor die polisie het nie. Mbeki bevraagteken ook die optrede van die polisie by Sebokeng: "Hoekom laat hulle gewapende persone toe om na 'n vreedsame en wettige vergadering te gaan? Hoe kan hulle sê dat tradisionele wapens soos assegaaie en knopkieries nie gevaarlik is nie?"

Hy beklemtoon dat dié probleme slegs behoorlik aangespreek kan word as daar 'n gelyktydige vredesooreenkoms en staking van geweld plaasvind. "Wat op die ANC van toepassing is, moet ook geld vir die polisie en die weermag."

## Plan vir terugkeer van vlugtelinge

'n KOöRDINERINGSKOMITEE van Suid-Afrika en die Wêreldraad van Kerke het vir die terugkeer van 100 000 vlugtelinge saamgestel is, het 'n plan voorgestel waardeur dié mense oor 'n periode van 18 maande na Suid-Afrika kan terugkeer.

Die hele projek sal sowat R300 miljoen kos. Dié bedrag geld sal voorsiening maak vir die basiese behoeftes van die ballinge in die eerste 18 tot 24 maande van hul verblyf in Suid-Afrika.

Tydens 'n tweedaagse ontmoeting van die Wêreldraad van Kerke in Switserland is 'n dringende versoek vir R3,5 miljoen gedoen.

Dié vergadering is deur die sekretaris-generaal van die SA Raad van Kerke, dr Frank Chikane, gelei. Die geld sal gebruik word vir die aanstelling van personeel om die projek in werking te stel en die nodige infrastrukture op te rig.

Die Verenigde Volke se Hoofkommissaris vir Vlugtelinge het nie direk aan die besprekinge deelgeneem nie omdat omstandighede in Suid-Afrika nog nie geskik is vir die terugkeer van die vlugtelinge nie. Daar is steeds diskriminerende wetgewing en algemene amnestie is nog nie aan dié mense toegeken is nie.

Die Verenigde Volke voorspel dat daar tussen 30 000 en 40 000 vlugtelinge in Zambië is. - AFP

## Plakkers wil bos help red

DIE 2000 plakkers wat tans in die DukuDukuwoud in Natal bly het dié week geskiedenis gemaak toe hulle saam met die regering en die Natuurlewevereniging geskikte gebiede vir hul eie hervestiging geïdentifiseer het.

Die toekoms van die Dukuduku-woud, die grootste en beste voorbeeld van 'n laagliggende woud in Suider-Afrika, word bedreig weens die teenwoordigheid van die plakkers.

Sowat 25 persent van die woud is al vernietig en vroeër vandeesmaand het 'n landdros bevind dat die plakkers onwettig in die woud bly en dit moet verlaat. By die verhoor het Keith Cooper, direkteur van natuurbewaring van die Natuurlewevereniging, aangebied om as bemiddelaar tussen die regering en die plakkers op te tree.

Die plakkers het dit aanvaar en dié week het 'n komitee bestaande uit verteenwoordigers van die Natuurlewevereniging, die plakkers, die DP-LP Rupert Lorimer en Louis Koch van die Natal Provinsiale Administrasie saam terreine uitgekies wat geskik is vir ondersoek. Cooper sê dit is die eerste keer waarvan hy weet dat plakkers, die regering en natuurbewaarders saam 'n oplossing soek vir 'n só 'n netelige probleem en sê dit hou groot belofte in vir die toekoms van natuurbewaring in Suid-Afrika.

# Ver-regse turf sit al meer

Van bl 1

plaaslike prokureur, James van der Merwe.

Aanvanklik is daar gemeen dat die risiko te groot sou wees, en daar is besluit dat iemand die volgende dag die prokureurskantore se krag sou afskakel en dat 'n afstandbeheerde meeluisterapparaat geplant sou word. Die apparaat is geplant terwyl Van der Merwe op 'n sakebesoek in die Oos-Transvaal was.

'n KP-lid het Smith kort hierna genader en voorgestel dat 'n meeluister-apparaat in die saal geplant moet word waar die bestuurskomitee, wat uit KP-lede bestaan, hul maandelikse vergaderings met departementshoofde hou.

Tydens 'n vergadering van die bestuurskomitee in April het die KP gevra dat die saal gevee moet word. Die persone wat die saal gevee het, was die hoof van burgerlike beskerming van die raad, Jan Heyneke, en sy adjunk, Hertjies Engelbrecht, wat die meeluisterapparaat gevind het. Hierna het die stadsklerk van Boksburg 'n band van die KP gekry waarop die NP die stadsklerk bespreek. Die KP-lid het gesê dat hy die band deur die pos ontvang het. 'n Klag is deur die KP teen die NP by die polisie ingedien.

Smith sê hy is steeds in besit van die meeluisterapparate wat gebruik is en fakture toe dit aangekoop is.

Chris Smith sê Jannie Smith se inligting klop presies met sy eie weergawe van die gebeure en dat die NP deur die KP in 'n verraderlike lokval gelei is.

Hy het bevestig dat die NP agtergekom het dat hul vergaderings meegeluister word en dat hul besluit het om die vergaderings na die prokureurskantore te verskuif. Die KP het hom daarvan beskuldig dat hy die apparaat geplant het.

Chris Smith is ook in besit van getuienis dat 'n ver-regse van die Oos-Rand, waarskynlik in samewerking met KP-lede, die varkkop op Issy Kramer se stoel in die raad geplant het. Die kop was in 'n Joodse vlag toegedraai.

Die kop is op Kramer se stoel gevind kort voor 'n raadsvergadering moes begin. Smith sê dis duidelik dat dié daad deur persone gepleeg is wat 'n intieme kennis van die raadsaal gehad het en presies geweet het waar Kramer sit. Kort na die kop gevind is, het van die KP-lede gestaan en lag.

Gloria Bosch se motorruite is uitgeslaan kort nadat sy die KP verlaat en by die NP aangesluit het. Een van die beskuldigdes vertel op band dat hy byna in die moeilikheid was nadat die gewese burgemeester, Beyers de Klerk, amper sy mond oor dié insident verbygepraat het.

## Woedende Moslems slaan Amerikaanse evangelis

WOEDENDE Moslems het 'n Amerikaanse evangelis Woensdag bygedamp nadat hy die geloofwaardigheid van die Koran bevraagteken het.

Hekelaars het kort-kort vir Anis Shorrosh in die rede geval terwyl hy 'n toespraak in Wittebome naby Kaapstad gemaak het waartydens hy gesê het dat daar drie teenstrydige weergawes van die Koran bestaan. Woedende lede van die gehoor het op die verhoog geklim en vir sy teregstelling gevra.

Aan die einde van die toespraak was die verhoog vol mans wat vir Shorrosh geskop en geslaan het. 'n Man is tydens die gedrang in die kop gesteek toe hy probeer het om Shorrosh te beskerm.

In sy poging om van die geweld af weg te kom, is Shorrosh byna doodgedruk tussen groepe bakleiende mans. 'n Hekkie wat van die verhoog af lei is platgeskop net na Shorrosh daardeur ontsnap het.

"Ek was nog nooit in so 'n gevaarlike situasie nie," het Shorrosh agterna gesê. - AFP

## *Saterdag se opmars:*

# Staak dié moorde, vra Kaap

CHRISTELLE TERREBLANCHE

"GEEN versoening sal in Suid-Afrika of in Suider-Afrika moontlik wees voor al die aktiwiteite van moordbendes nie ten volle blootgelê is nie", sê 'n Suid-Afrikaner wat in Zimbabwe deur 'n motorbom vermink is. Die bom is volgens buitelandse getuienis deur Suid-Afrikaanse agente geplant.

Jeremy Brickhill het per telefoon uit Londen op 'n nuuskonferensie in Kaapstad aan die voorsitter van die Veldtog vir 'n Geregtelike Ondersoek na Moordbendes, Barney Jordaan van die regsfakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch, gesê hy steun die eise van die veldtog ten volle.

Die veldtog, wat vir môre (Saterdag) 'n optog deur die middestad van Kaapstad gereël het, eis dat die BSB ten volle ontbind word en dat die Harms-kommissie se opdrag verbreed moet word om ondersoek na buitelandse gruweldade in te sluit.

"Ek het my lankal bereid verklaar om voor Regter Harms getuienis te lewer oor die voorval waarin ek en nog 17 mense in Harare beseer is, maar dit is onmoontlik aangesien die opdrag nie vir dade van ontwrigting in die buiteland voorsiening maak nie", sê Brickhill.

Brickhill hou vol dat hy nog nooit 'n lid van die ANC was nie, maar ten tye van die ontploffing vir Zapu gewerk het. "Ek is baie bewus van die effek wat Suid-Afrika se sogenaamde veiligheidsmagte op buurlande se inwoners en ekonomieë gehad het", sê hy.

In nog 'n telefoniese onderhoud uit Londen het die regisseur van die dokumentêre programme "Apartheid's assasins" en "Suffer the Children", Nicholas Claxton, gesê hy het in 'n poging om 'n program oor die aard en omvang van Suid-Afrikaanse moordbendes te maak, heelwat inligting bekom wat hy graag aan 'n onafhanklike en internasionale ondersoek oor moordbendes sou wou voorlê.

"Dit blyk dat die raamwerk van die Harms-kommissie te beperk is om my inligting oor die moordbendebedrywighede in die frontlinie-state te akkommodeer", sê Claxton, wat na die uitsending verbied is om weer Suid-Afrika te besoek.

"Op 1 Augustus 1990 word die Harms-kommissie se ondersoek rakende die bedrywighede van sogenaamde moordbendes voortgesit", skryf die Veldtog dié week aan Staatspresident FW de Klerk. "Ons neem met kommer kennis dat u steeds weier om die kommissie se opdrag uit te brei sodat buitelandse optredes ook ondersoek mag word. Voorts weier u om die BSB wat na bewering nog besig is met 'n verdere 200 projekte, te ontbind."

Die veldtog nooi De Klerk "vriendelik dog dringend" uit om deel te neem aan 'n openbare debat op televisie oor die eise.

Briewe van ondersteuning vir sowel die optog as die eise is ontvang van onder meer die Westelike Provinsie Raad van Kerke, die Onafhanklike Raad van Ondersoek na Informele Onderdrukking, die Civil Rights League, die Black Sash, IDASA, die ECC, Human Rights Commission, Laywers for Human Rights, Koinonia, die ANC/UDF/SAKP-alliansie en SAYCO.

Willie Hofmeyr, 'n streekleier van die UDF, het op die nuuskonferensie gesê dié organisasie is meer as enige ander deur die BSB benadeel. "Ons vise-president, adv Dullah Omar, was 'n teiken", sê Hofmeyer.

Die kantoor van 'n affiliaat, die Early Learning Centre in Athlone, is deur die BSB opgeblaas terwyl 'n vergadering daar sou plaasvind. Volgens Hofmeyr steun die UDF al die eise van die veldtog asook 'n algehele ontbloting van BSB- en polisie-moordbende bedrywighede.

Die Demokratiese Party het aangedui dat Wes-Kaapse LP's en hul gesinne saam gaan stap. "Ons moet hierdie kanker uit ons gemeenskap weer voordat ons na 'n normale, gesonde bestaan kan terugkeer", sê die Weskaapse voorsitter van die party, Jannie Momberg.

"Dit is na ons wete die eerste keer in die geskiedenis dat soveel uiteenlopende organisasies hulle kragte saamspan ter wille van openheid", het een van die Veldtog-woordvoerders gesê.

Jordaan het gesê die doel is om op te marsjeer, nie om te konfronteer nie en dat nog met die landdros onderhandel word oor die roete wat gevolg sal word. Mense word genooi om met vlotte en balaklava's te kom stap. Versoekskrifte sal aan die SAW en veiligheidspolisie oorhandig word waarin gevra word dat lede nie opdragte uitvoer wat menselewens met opset in gevaar stel nie.

* Die optog begin môre-oggend om tienuur op die Parade in die middestad van Kaapstad.




**Dié banier en gehangde pop ter ondersteuning van die veldtog om die Harms-kommissie se magte uit te brei en die BSB te ontbind, is vandeesweek oor 'n hoofweg net buite Kaapstad gehang. Die polisie het na 'n tyd die banier en pop verwyder**

## Vrystaters protesteer saam

CHRISTELLE TERREBLANCHE

DIE Vrystaatse Afrikaners het besluit dat ook hulle nie in hul strewe na geregtigheid gestuit gaan word nie en hul aangesluit by die groep Kapenaars wat Saterdag 'n protesoptog teen moordbendes hou.

"Ons hou Saterdag 'n protes-optog in solidariteit met versoeke dat die BSB ontbind word, dat die Harms-kommissie se raamwerk na buitelandse bedrywighede uitgebrei word en dat die polisie weier om opdragte uit te voer waardeur mense se lewens bedreig word", sê dr Hennie Strijdom van die departement Regte aan die Vrystaatse Universiteit.

"Ons het lankal ons ontevredenheid uitgespreek en niks is nog gedoen nie", sê Strijdom, wat onlangs sy rang as luitenant in die SA Weermag opgesê het "uit protes teen die weermag se betrokkenheid by politieke moorde".

Die optog begin môre-oggend om nege-uur by die depot van die Jakaranda-busdiens. Soos in die Kaap sal 'n versoekskrif aan die hoof van die veiligheidspolisie in die stad oorhandig word waarin gevra word dat die polisiemag hom van moordbende-aktiwiteite moet weerhou.

Volgens Strijdom is met buite-parlementêre groepe in die township (Mangaung) geskakel en is ook daar "groot steun aan die optog toegesê".

Die koördineerder van die End Conscription Campaign (ECC) in Bloemfontein, Jan Botes, het aan Vrye Weekblad bevestig dat "steun oor 'n wye front" verkry is.

Almal wat hulle met die versoeke vereenselwig is welkom om saam op te marsjeer.

# Dennis Worral uit stryd om DP-leierskap?

HENNIE SERFONTEIN

Dr Dennis Worral, die mede-leier van die Demokratiese Party, (DP) gaan heel moontlik homself nie verkiesbaar stel vir die leierskap tydens die spesiale krisis-kongres van die DP wat begin September gehou word nie.

Dit beteken dat die leierskap uitgeveg gaan word tussen dr Zach de Beer, die ander mede-leier, en Tiaan van der Merwe, die voorsitter van die DP. Op dié stadium lyk dit nie of daar ander kandidate is nie.

Worral het dié week gesê: "Ek het nog nie besluit of ek 'n kandidaat in die leierskap-verkiesing gaan wees nie. My finale besluit sal afhang van wat ek in die beste belang van die party beskou en nadat ek alle faktore sorgvuldig oorweeg het."



**Dr Dennis Worral**

Hierdie stelling word in politieke kringe as verrassend beskou. Want tot nou toe is allerweë aanvaar dat Worral homself outomaties vir die leierskapsverkiesing teen De Beer verkiesbaar sou stel.

Van der Merwe wou hierdie week nie bevestig of hy wel 'n kandidaat is nie, maar dit word allerweë aanvaar dat hy wel genomineer gaan word.

Die feit dat Worral onverwags onseker is of hy gaan staan, beteken dat hy twyfel of hy wel vir De Beer kan verslaan. Daar was skerp kritiek op Worral na sy omstrede besluit om die Umlazi-tussenverkiesing te beveg.

Dit beteken ook dat die Worral-ondersteuners bevrees is dat 'n De Beer-oorwinning nadelig is vir die DP in sy poging om 'n duidelike nuwe politieke rigting in te slaan en om 'n nuwe beeld te skep.

Die aanduidings is dat die "nuwe bloed" in die DP, wat ondersteuners van Worral en Wynand Malan insluit, hul kragte agter Van Der Merwe sal ingooi. Tot nou toe egter, ontken die Worral- en Van Der Merwe-kampe dat 'n verstandhouding bereik is.

Hierdie twee groepe meen dat De Beer se "kapitalistiese" beeld as verteenwoordiger van die ou Progge - die sogenaamde "Houghton-kliek" - en sy jarelange verbintenis met Anglo American, nadelig is in die pogings om 'n nuwe DP te projekteer. Veral op 'n stadium dat die fokus skerp gaan val op 'n nuwe ekonomiese bedeling vir Suid-Afrika.

De Beer het bevestig dat hy wel kandidaat is en dat hy geen voorneme het om hom aan die stryd te onttrek nie. Hy sê: "Bewering dat ek die verlede verteenwoordig, is vergesog, tensy mense dink dat ek op 60 te oud is. Dit lyk vir my egter 'n deug en nie 'n nadeel nie om bekend te wees as iemand wat jare lank vir dieselfde beginsels gestaan het. Dit beteken nie dat ek iemand in die gesig wil vat wat eers onlangs hierdie beginsels ondersteun het nie" - 'n steek in die rigting van Worral en die "nuwe bloed" in die party.

Met verwysing na kritiek oor sy Anglo American-verbintenisse sê hy: "Dit verteenwoordig suiwer sosialistiese denke en is inderwaarheid blindelingse bevooroordeeldheid teen groot besigheid. As ek terugkyk, kan ek geen rede sien wat verkeerd was met die feit dat ek vir Anglo American gewerk het nie. My tien jaar op die direksie daarvan is praktiese bewys dat ek oor sekere leierskap-hoedanighede beskik."

# Geen maklike pad na vryheid...



Die groot kulkunstenaar, Houdini

**Hoe vry is ons nou?**

Joernaliste word steeds deur 'n magdom wette en regulasies beperk. Mense wat aan protesoptogte deelneem word steeds met traanrook gespuit, met knuppels geslaan en geskiet. Die Publikasieraad gaan voort om films en boeke te verban. Wetgewing wat verslaggewing oor die polisie, weermag en gevangenes beperk, word steeds toegepas. Die dinge vind steeds plaas ten spyte van die sogenaamde "nuwe Suid-Afrika", ten spyte van ontbannings en die gees van versoening waarvan ons elke dag hoor.

Jy kan jou stem voeg by die stryd teen sensuur deur by die Anti-Censorship Action Group (ACAG) aan te sluit.

Ons maandelikse publikasie (Update) dokumenteer alle wette en regulasies van sensuur. Ledegeld is R10 vir individue en R20 vir organisasies.

Vir meer inligting skakel: (011) 331-3517.



A C A G
ANTI-CENSORSHIP ACTION GROUP

☐ JA, ek wil graag deel word van die stryd teen sensuur. Ek sluit in 'n tjek/posorder gekruis en uitbetaalbaar aan die Anti-Censorship Action Group vir die bedrag van R10 ☐ R20 ☐. (Merk A.S.B.)

Naam: ______________________

Posadres: ______________________

______________________ Kode: __________

Tel: (H) ______________________ (W): __________

Pos aan: Anti-Censorship Action Group, Posbus 260425, Excom 2023.

*Eugene sien 'n land vol skedels*

# AWB 'aanvaar Hani se oorlogsverklaring'

PEARLIE JOUBERT

IN een van sy mees militante toesprake ooit het die leier van die Afrikaner-Weerstandsbeweging (AWB), Eugene TerreBlanche, vandeesweek Chris Hani van die ANC se "oorlogsverklaring" aanvaar en Staatspresident FW de Klerk as "meidagtig" uitgekryt.

"Ek ken een groot land vol skedels en gebeentes, 'n land gekoop met moedertrane en kinderlyke, 'n hartseer land. 'n Volk wat niks van geen swart volk, nie 'n enkele sentimeter grond, gesteel het nie. Nou wie de dônner is hierdie Xhosa, Mandela, wat die Boere se republieke vir hom wil vat?"

TerreBlanche het Woensdagaand tydens 'n vergadering in Germiston gesê: "Die ANC en Hani het 'n oorlog gekies, hulle het 'n oorlog verklaar en die AWB het die oorlogsverklaring aanvaar. Laat dit kom.

"Ons sal hulle gelykblaas met die aarde. En as Vlok probleme daarmee het, hier staan ek, kom haal my nou, maar hy sal dit nie waag nie - die ou meid."

TerreBlanche het Hani se uitsprake oor die oorname van mag skerp aangeval en onder oorverdowende applous gesê:

"Jy's haantjie genoeg in die kringe van die ANC en met jou swart radikale ondersteuners om jou. Maar jou broek sal bewe, jou voorvel sal ons aftrek."

TerreBlanche sê hy vertrek Vrydag na Londen om die Boere se saak aan die wêreld te gaan stel.

"Ek moet altoos antwoord as die beuel blaas en daarom vertrek ek Vrydag na Engeland waar ek genooi is om deel te neem aan 'n debat op die Britse televisie. My eie mense, my eie regering, het dit nog nooit gewaag om my tien minute tyd te gee op die televisie nie.

"Die Britte stuur 'n vliegtuig om my te kom haal sodat ek met die Britte en die wêreld kan praat en die saak van die Boere aan miljoene kan oordra."

Oor onderhandelinge het TerreBlanche gesê die ANC het niks wat die Boere wil hê nie. "Ons is gebind tot die God van Bloedrivier en staan kompromieloos. In jou toordokters en dolos-gooiers en Firestone-buitebande stel ons nie in die minste belang nie. Hier sal die bloed vloei in Suid-Afrika.

"Slovo sê hy gaan ons plase vat en herverdeel, maar hierdie papbroek De Klerk is meidagtig genoeg om nogtans te sê: Ek praat met julle oor die tafel en gaan met julle onderhandel."

TerreBlanche het gesê die AWB het 16 jaar gelede ontstaan "sodat ons aan die politici kan sê: as julle oorgee, dan gee julle alleen oor. Die dag wanneer julle aan die ANC oorgee, dan vat ons terug - met geweld, met mag, met oorlog. Trek nou laer, want God wil 'n laer hê en word God se soldaat teen die kommunisme waarvan die Satan uit die hel hul leier is."

TerreBlanche sê "indien De Klerk 'n greintjie politieke integriteit en 'n greintjie moed in hom gehad het", sou hy die onderhandelinge met die ANC "summier staak".

"As hy die moed wat Piet Rudolf in sy pinkie het, in sy ou logge liggaam gehad het, moes hy sy noodtoestand weer afkondig om hierdie terreur te stop".

TerreBlanche het die minister van Onderwys en Opleiding, Stoffel van der Merwe, uitgedaag tot 'n openbare debat oor sy uitsprake dat "die voorland van die regses die tronk is".

"Om die wêreld en sy Indiërvriende te beïndruk, dreig hy die regses. Dit sal die donnerse dag wees dat jy die regses in die tronk sit. Hy sal dit nie waag nie, die ou meid. Ek daag hom uit om op hierdie platform 'n vergadering te hou en dit sal wonderlik wees as hy in debat met my tree, maar ek weet nou al ou Stoffel kan meer gebuig word as 'n troffel.

"Wie de donner kan die gees wat vry wil wees, afdryf met die troffel, Ouma se pantoffel, en diegene wat dit nie verstaan nie, moet standerd ses houtwerk gaan doseer in die aanpassingsklas," het hy onder luide applous geskreeu.

Die hoof van die AWB-kommando's, Servaas de Wet, het ook op die vergadering vir Hani gedreig en gesê: "Die dag as hy probeer om ons Boere met sy bendes aan te val, dan sal ons hom uitwis van hierdie aardbodem af."

# Oesduiwels doenig in Britse landerye



Hierdie eienaardige kringe in 'n koringland in Engeland het verlede week sterrekundiges op hol gehad. Soortgelyke kringe is al in 1678 vir die eerste keer in die suidelike gedeeltes van Engeland opgemerk.

Foto: AFP

LONDEN - Die groot opgewondenheid het in die donkerte begin met die verskyning van vreemde oranje ligte bo 'n mielieland in die suide van Engeland - en vir 'n paar uur het wetenskaplikes geglo dat hulle baie naby is aan die oplossing van die raaisel oor Engeland se eeu-oue geheimsinnige oeskringe.

Maar in die skerp daglig het die wetenskap op sy neus moes kyk toe nadere ondersoek toon dat, bo en behalwe die twee nuwe kringe in die veld, daar ook 'n paar ouija-borde (wat in vroeër tye in verborge rituele gebruik was), 'n aantal houtkruise, stukke draad en voetspore van mense in die veld was.

Nou word aanvaar dat die jongste verskyning van dié bekende oeskringe duidelik 'n gekskeerdery was.

"Hierdie gekskeerdery was totaal onverantwoordelik, dit was net vir omtrent 10 sekondes lank snaaks," sê Colin Andrews, leier van 'n groep wat hierdie kringversynsels ondersoek. Die groep werk saam met die BBC en 'n Japanse televisiespan om die kringe te ondersoek en hul verskyning op film vas te lê.

Maar ten spyte van die hoop op 'n deurbraak wat deur die jongste fiasko in die wiele gery is, was Andrews en ander Britse wetenskaplikes asook die ondersteunende televisiespanne gou weer terug op hul pos om van 'n heuwel in suidelike Engeland af die volgende verskyning in te wag.

Die geheimsinnige kringe, van verskillende groottes maar steeds byna perfekte sirkelvorms, verskyn sedert die middeleeue bokant koringen mielielande in die suide van Engeland - en was op 'n tyd toegeskryf aan "bewegende oesduiwels".

Archibald Roy, 'n professor in sterrekunde aan die Universiteit van Glasgow en president van die Sentrum vir die Bestudering van Oeskringe, sê daar bestaan die teorie van 2 000 jaar gelede dat die Britte se Keltiese voorouers die klipkringe by Stonehenge en Avebury gebou het om die gode te paai ná die verskyning van oeskringe.

Maar een van die mees onlangse teorieë is dat die kringe, wat die oeste in hul onmiddellike omtrek platvee, veroorsaak word deur intense mini-warrelwinde; en dat die ligte wat met hul verskyning gepaard gaan, veroorsaak word deur deeltjies stuifmeel, stof en sout wat 'n elektriese lading verkry as gevolg van die intense wrywing in die warrelwind.

Belangstelling in die verskyning van die kringe het die afgelope jare toegeneem nadat hulle meer gereeld waargeneem is. Roy sê die sowat 400 kringe wat tot dusver hierdie jaar verskyn het, kan nie almal toegeskryf word aan gekskeerdery nie.

"Ek sal nie stry dat "bo-natuurlik" die beste beskrywende woord is vir wat ons in die egte kringe sien nie," sê Andrews, wat reeds vir meer as 12 jaar die verskynsel ondersoek.

"Maar ek is seker dat dit wat ons vandag as bo-natuurlik beskryf, môre bloot wetenskap kan wees," het hy bygevoeg.

'n Woordvoerder van Nippon Televisie sê die maatskappy het 'n span van sowat tien mense wat permanent in 'n veld in die suide van Engeland uitkamp waar baie van vanjaar se kringverskynsels reeds plaasgevind het. 'n Woordvoerder van die BBC sê die korporasie stel baie daarin belang om oor dié verskynsel verslag te doen.

Maar nie almal deel die wetenskap en die media se belangstelling in hierdie kringverskynsels nie. Jonathan King, die mede-eienaar van die stuk grond waar vandeesweek se gekskeerdery plaasgevind het, sê "hulle werk op my senuwees".

"Ek wens net iemand wil die Loch Ness-monster gaan vang en van my grond af padgee," kla hy. - AFP

# SA se leiers (27): Mac Maharaj

IRENE LOUW



SATHYANDRANATH Ragunanan "Mac" Maharaj is in 1935 op Newcastle in Natal gebore. Hy is die vierde van agt kinders. Maharaj het by die St Oswald Skool op Newcastle gematrikuleer en daarna deeltyds vir sy B.A.-graad aan die Universiteit van Natal gestudeer.

Op universiteit het hy op die studenteraad gedien wat 'n veldtog teen segregasie op die kampus gelood het. Tussen 1955 en 1956 was hy as redakteur van die studentekoerant, Student Call, bedrywig. Hy het sy graad in 1955 voltooi.

Met die inhegtenisname van ANC-lede in die vyftigerjare is hy gevra om as redakteur van dié organisasie se koerant, New Age, oor te neem. In Augustus 1957 is hy die land uit om in Brittanje te studeer nadat hy nie 'n permit kon kry om in Suid-Afrika verder in die regte te studeer nie. In 1959 skryf hy in as deeltydse student aan die Londen School of Economics vir 'n LLB-graad.

Met die Sharpeville-voorval in 1960 is hy deur die ANC gevra om na Suid-Afrika terug te keer. Op 2 Mei 1960 het hy saam met sy vrou, Ompragash, na Suid-Afrika teruggekeer, en het hy by 'n regsfirma begin werk. In Julie 1964 is Maharaj in Doornfontein, Johannesburg in hegtenis geneem en word hy van sabotasie aangekla en in die "Little Rivonia Trial" skuldig bevind.

Hy word tot twaalf jaar gevangenisstraf gevonnis wat hy op Robben-eiland uitdien. Terwyl hy sy vonnis uitdien, verwerf Maharaj sy B.Admin-graad en daarna sy meestersgraad. Op 8 Desember 1976 word hy vrygelaat en onmiddellik vir vyf jaar ingeperk.

Sy vrou het die land in 1974 met 'n uitgangspermit verlaat en in Londen gaan woon. Maharaj het in opdrag van die ANC in 1977 die land verlaat om in Lusaka vir die organisasie te gaan werk. As 'n senior amptenaar in die Politieke Departement van die ANC, is Maharaj in 1985 by die Kabwe-konferensie tot die organisasie se Nasionale Uitvoerende Komitee verkies.

Hy is ook 'n lid van die SAKP se Sentrale Komitee. Sedert 1961 is hy lid van Umkhonto we Sizwe. Hy het onlangs na Suid-Afrika teruggekeer ná 27 jaar in ballingskap.

AGTERGROND

## *Inkatha en ANC bots nou ook in Transvaal*

# Leer die duur lesse van Natal!

**'n Beplande Inkatha-saamtrek "vir vrede", gerugte van 'n aanval op UDF/ANC-ondersteuners daarna, gewapende Inkatha-ondersteuners wat openlik rondstap sonder dat die polisie teen hulle optree, teenstrydige weergawes oor wie eerste met die aanval begin het en bewerings dat die polisie kante neem....Dit vertel 'n storie van wat sedert 1986 vir inwoners van die geweld-geteisterde Natal baie bekend is. Dié keer is die toneel egter die township Sebokeng, 50km suid van Johannesburg. CHRISTELLE DE JAGER kyk na die verskillende kante van die saak**

COSATU sê daar is vooraf deur Inkatha beplan om UDF/Cosatu ondersteuners ná die Inkatha-saamtrek Sondag in Sebokeng aan te val. Ooggetuies vertel hoe die polisie Inkatha-ondersteuners, gewapen met gewere, knopkieries, panga's en messe, deur die township vergesel het, en net toegekyk het hoe Inkatha onskuldige omstanders aanval.

Inkatha en die polisie sê weer dat mense met UDF en Cosatu T-hempies die moeilikheid begin het deur buite die Sebokeng Stadion, waar Inkatha vergader het, saam te drom met die doel om Inkatha uit te lok.

Maar wie ookal verantwoordelik was, daar is sedert Sondag meer as 20 mense in Sebokeng dood en die geweld het reeds versprei na ander gebiede in die Transvaal soos Soweto en Ermelo.

Volgens kenners van die Natal-geweld en politieke navorsers is hierdie maar net die begin as daar nie onmiddelik iets gedoen word om die geweld in die kiem te smoor nie.

"Ek bid nou net dat die polisie 'n les van Natal geleer het en nie dieselfde foute in die Transvaal gaan maak nie. Daar moet onmiddelik en onpartydig opgetree word," sê die redakteur van die Natalse weekblad Echo, Khaba Mkhize.

Mkhize leef en werk vir jare reeds te midde van die geweld en waarsku dat as 'n kultuur van geweld, wraak en vergelding eers geskep is, kan dit moeilik gekeer word.

Die feit dat die polisie toelaat dat Inkatha wapens dra omdat dit "kultureel" is, dra by tot die skep van die kultuur van geweld, sê hy. "Die sogenaamde kulturele wapens maak dood en skep spanning in 'n gemeenskap. Miskien sal die polisie nou daaroor besin nadat een van hul lede in Sebokeng met 'n kulturele wapen doodgemaak is."

Mkhize glo dat daar sekere elemente in die land is wat graag sal wil hê dat swart op swart geweld deur die land versprei sodat die hele onderhandelingsproses in die wiele gery word. Inkatha is byvoorbeeld nie tans deel van die proses nie en regse elemente sou dit ook verwelkom.

'n Navorser by die Universiteit van Natal, John Aitchison, wat die afgelope drie jaar die geweld in Natal bestudeer, sê dit wat in Sebokeng gebeur het, kom baie ooreen met van die oorspronklike insidente wat die siklus van politieke geweld en wraak in Natal begin het.

Hy het bygevoeg dat die optrede van die polisie – om Inkatha-ondersteuners toe te laat om die vergadering gewapen by te woon en dan so deur die township te beweeg – dieselfde partydige en onprofessionele gedrag is as wat die Natal-geweld vererger het.

"Dit is noodsaaklik dat die verspreiding van die Natal-geweld na die Transvaal in die kiem gesmoor word. Die versuim van die polisie om dit te doen sal op die lang duur rampspoedig wees, watter vertroosting dit ookal op die kort termyn aan regse elemente sou gee om wanorde tussen swart politieke bewegings te sien. As die polisie oorspronklik in Natal reg opgetree het, sou duisende lewens gered gewees het."

Aitchison sê die tydsberekening van die uitbreek van Inkatha-geweld in Sebokeng is interessant. Hy het opgemerk dat vorige groot uitbarstings van Inkatha-geweld saamgeval het met tye wanneer Inkatha hul politieke mag moes bevestig.

"In 1985 het die UDF sy mag met die verbruikersboikot begin toon, in 1987 was daar 'n moontlikheid van 'n vierde kamer in die parlement, vroeër die jaar is die ANC gewettig, en elke keer daarna het geweld uitgebreek. Nou het hul 'n politieke party geword en wil hulle 'n nasionale krag word."

'n Verteenwoordiger van die Demokratiese Party in Natal, Pierre Cronje, glo die Sebokeng-geweld wys weereens die dubbele standaarde waarvolgens die polisie optree.

"Inkatha het beplan om uittartend te wees, en dit is hoekom die saamtrek juis in Sebokeng gehou is. Sebokeng is bekend as 'n ANC-magsbasis en 'n gemeenskap wat polities baie bewus is. Die polisie het van die gevaar geweet en nog steeds toegelaat dat Inkatha gewapen hul saamtrek hou.

"In plaas daarvan dat almal mekaar blameer, moet 'n veelparty veiligheidsbeheerkommissie saamgestel word. Dit is onmoontlik dat dieselfde mense wat vir die afgelope 40 jaar sekere mense moes onderdruk, dit nou alleen kan doen," sê Cronje.

Johannes Rantete, 'n navorser by die Universiteit van die Witwatersrand se Sentrum vir Beleidstudies, sê hy glo die verspreiding van die Natal-geweld na Transvaal is deur Inkatha beplan.

"Dit maak nie nou saak wie wat eerste gedoen het nie. Die potensiaal vir geweld was geskep net deur 'n Inkatha-vergadering in 'n groot, en maklik opvlambare, comrade-gebied soos Sebokeng te hou."

Rantete het die hostel-stelsel genoem as iets wat maklik deur die verkeerde mense uitgebuit kan word. Die meeste Inkatha-ondersteuners in Transvaal is mense uit Natal wat in die Transvaal werk en in hostelle bly.

In Sebokeng het die twis tussen Inkatha en die gemeenskap by die hostel in die township begin en in Woensdagaand se aanval by die stasie in Soweto, is inwoners van die nabygeleë hostel daarvoor blameer.

Inwoners het nou die sowat 100 Inkatha-ondersteuners toegang tot die Sebokeng-hostel verbied. "Die Inkatha-mense werk in die gebiede en moet iewers bly. 'n Mens kan hulle nie net uit 'n gebied verwyder nie. Hulle het die reg om aan die party van hul keuse te behoort. Al wat ek kan dink, is dat iets aan die hele hostel-stelsel gedoen moet word," sê Rantete.


## THE HUDDLESTON INTERNATIONAL REGISTER OF SOUTH AFRICAN WAR RESISTERS

* Ons, die ondertekendes, wie verplig word om in die Suid Afrikaanse Weermag te dien, weier om die diensplig te doen weens die SAW se rol in die behoud van apartheid.
* Ons, wie nou buite Suid Afrika woon, ondersteun diegene wie hul binne Suid Afrika teen diensplig uitgespreek het, veral die persone wie tronkstraf uitdien weens hul teenstand daarteen.

DARRYL ABRAHAMS (Brittanje)
PETER ANDERSON (Brittanje)
JOHN ARNOLD (Brittanje)
JASON ASKEW (Brittanje)
JOHN ATMORE (Brittanje)
ALAN BAILEY (Nieu-Seeland)
SANDY BALFOUR (Brittanje)
ADAM BARNETT (Brittanje)
JAMES BARRETT (Brittanje)
COLIN BARTLETT (Brittanje)
JOHN BASKIND (VSA)
NICHOLAS BEDNALL (Brittanje)
WILHELM BEHRENS (Brittanje)
DAVID BELLAMY (Brittanje)
COLIN BELTON (Brittanje)
DESMOND BENN (Brittanje)
SHAUN BENTON (Brittanje)
GUY BERGER (Brittanje)
KARL BERGH (Holland)
ALEXIS BIZOS (VSA)
KIMON BIZOS (Brittanje)
AUBREY BLUHMSOHN (Brittanje)
STEPHEN BLUMENTHAL (Brittanje)
GOEFF BOERNE (Brittanje)
WALTER BRINZER (Brittanje)
BRANDON BROLL (Brittanje)
THOMAS BURGESS (Brittanje)
IAN BURTON-CLARKE (Brittanje)
ANTHONY CARR (Brittanje)
STEPHEN CARR (Namibia)
SPENCER CARRUTHERS (Brittanje)
GAVIN CAWTHRA (Brittanje)
THEO CHAPLIN (Brittanje)
STEPHEN CHAPMAN (Brittanje)
MARK CHARNAS (Holland)

STEPHEN CHEIFITZ (Brittanje)
ROGER CODRAI (Brittanje)
LEON COETZER (Holland)
NICHOLAS COPE (Brittanje)
DAVID COPELAND (Brittanje)
DAVID COPLEY (Brittanje)
JAMES CORRIGALL (Brittanje)
CLIFFORD CUNNINGTON (Brittanje)
DANNY DARAN (Holland)
ANDREW DE BEER (Brittanje)
PATRIC DE GOEDE (Brittanje)
GRAHAM DE SMIDT (Brittanje)
STEPHEN DEVEREUX (Brittanje)
PHILLIP DEXTER (Brittanje)
MICHAEL DOCKING (Brittanje)
STEPHEN DOLLERY (Brittanje)
PADDY DONNELLY (Brittanje)
W DOYLE (Brittanje)
PETER DREWETT (Brittanje)
SIMON DUNCKLEY (Holland)
GREGORY DUNN (Brittanje)
CHRISTOPHER DUNNE (VSA)
RICHARD DUNNE (VSA)
FRANCOIS DU PLESSIS (Duitsland)
NICHOLAS DUVENAGE (Brittanje)
ANDREW EAGLE (Brittanje)
MATTHEW EAGLE (Brittanje)
NICHOLAS EASTON (Brittanje)
ROBERT ENSOR (Holland)
ADRIAN ESTMENT (Brittanje)
CARL FALCK (Brittanje)
ADRIAN FALKOV (Brittanje)
TERENCE FANNIN (Brittanje)
SHAUN FAUTLEY (Holland)

ROGER FIELD (Brittanje)
NIC FINE (Brittanje)
RAOUL FISHMAN (Brittanje)
DAVID GARDNER (Brittanje)
JAMES GARDINER (Brittanje)
PAUL GERAGHTY (Brittanje)
REINO GEVERS (Duitsland)
DAVID GOLDBLATT (Brittanje)
VAUGHAN GOOLDSCHAGG (Brittanje)
ANDREW GOTZ (Frankryk)
DYLAN GOWER (Brittanje)
J GOWER (Brittanje)
MARK GUTHRIE (Brittanje)
ANDREW GWILLAM (Brittanje)
PETER GWILLAM (Brittanje)
CRAIG HAMILTON (Brittanje)
NICHOLAS HANKEY (Brittanje)
ANDRE HART (Brittanje)
ANTHONY HAWKE (Norway)
JOHN HAWKINS (Brittanje)
RICHARD HILL (Australie)
KEES HOLLENBACH (Brittanje)
RUSSELL HOLMDEN (Brittanje)
GRANT HOLTON (Brittanje)
GORDON HUDSON (Brittanje)
BRIAN HURWITZ (Brittanje)
BARRY HYMER (Brittanje)
DAWIE JACOBS (Holland)
JOEL JACOBSON (Brittanje)
LEE JOHNSON (Brittanje)
ANTON JOHNSTON (Brittanje)
DAVID JOHNSTONE (Brittanje)
FRITZ JOUBERT (Brittanje)
PETER JUDS (Brittanje)

RICHARD KETLEY (Brittanje)
GERARD KLEINHANS (Holland)
EBERHARD KNAPP (Duitsland)
PAUL KNUTSEN (Brittanje)
GRAHAM KOCH (Brittanje)
JAN KORVINCK (Switzerland)
GERALD KRAAK (Brittanje)
FRANCOIS KRIGE (Brittanje)
JOHN LAZAR (Brittanje)
DOUGLAS LEAF (Brittanje)
GRANT LEAITY (Holland)
PHILLIPPE LE HAUSSE (Mauritius)
DAVID LEIBOWITZ (Brittanje)
MALCOLM LESLIE (Holland)
J LEUW (Brittanje)
BRYAN LEVINE (Brittanje)
BARRY LEVINRAD (Denemarke)
ERIC LEVINRAD (VSA)
NORMAN LEVINRAD (VSA)
MICHAEL LEVY (Brittanje)
CRAIG LEYLAND (England)
DORIAN LOVE (Brittanje)
A MACUN (Brittanje)
MICHAEL MAGOWAN (Brittanje)
MERVYN MALAN (Holland)
FRANCOIS MARAIS (Brittanje)
HILTON MARLTON (Brittanje)
ROGAN MATHIE (Brittanje)
MARK MATZOPOLOUS (Brittanje)
STEVEN McEWAN (Brittanje)
MARK McLENNAN (Holland)
CLIVE McMINN (Brittanje)
JONATHAN MELUNSKY (Brittanje)
PETER METERLEKAMP (Brittanje)
STEPHAN MEYER (Switzerland)

HUGH MONTEITH (Brittanje)
C MOTTES (Denemarke)
BRETT MURRAY (Brittanje)
GREGG MURRAY (Brittanje)
PAUL MYBURGH (Nieu-Seeland)
PAUL NAGEL (Brittanje)
DONALD NICHOLSON (Brittanje)
ROBERT NOWICKI (Brittanje)
EVAN OBERHOLSTER (Holland)
GERALD O SULLIVAN (Brittanje)
RONATO PAMA (Canada)
DAVID PARKIN (Swede)
JOHN PASSMORE (Brittanje)
JIM PATERSON (Brittanje)
DEREK PENNINGTON (Brittanje)
TONY PINCHUK (Brittanje)
MICHAEL POPPLETON (Brittanje)
FRANCOIS POTGIETER (Brittanje)
DONALD RALLIS (VSA)
KEITH RAPER (Brittanje)
GRAEME REID (Brittanje)
M REUTER (Duitsland)
ALISTAIR ROBERTSON (Canada)
GLEN ROBINSON (England)
CHARLES ROUX (England)
LAURIE ROSE-INNES (Holland)
JOHN SAUNDERS (VSA)
ECKARD SCHLOTFELDT (Brittanje)
JOE SCHUBERT (Zimbabwe)
PHILLIP SEBA (Brittanje)
MARK SEBBA (Brittanje)
LARRY SHORE (VSA)
TERENCE SHOTT (Brittanje)
IAN SIMMS (Frankryk)
HOWARD SIMSON (Swede)

DAG SOLVE SKORGE (Duitsland)
STEPHEN SLAYEN (Brittanje)
ERLE SMITH (Brittanje)
MARK SOUTHGATE (Brittanje)
PETER SPEED (Brittanje)
ROLAND STANBRIDGE (Swede)
ROBIN STAPLEY (Brittanje)
CONRAD STEENKAMP (Duitsland)
CLIVE SWAN (Brittanje)
WILLIAM TARR (Brittanje)
MATTHEW TEMPLE (Brittanje)
ANTON THAL (Brittanje)
ANTHONY THOMAS (Brittanje)
STEPHEN THOMAS (Brittanje)
STEVE THORNE (Holland)
JOHN VAN ALMELO (Brittanje)
FRANK VAN DIGGELEN (Brittanje)
GREGORY VAN DRUTEN (Holland)
MARIUS VAN NIEKERK (Swede)
JOHAN VAN ROOYEN (Brittanje)
RAY VAN STADEN (Brittanje)
ROBBIE VAN WYK (Holland)
THOR VON LIERES (Duitsland)
ARNOLD WARD (Brittanje)
DALE WHITFIELD (Brittanje)
DAVID WICHT (Brittanje)
ROCKY WILLIAMS (Brittanje)
TERENCE WINBURG (Swede)
MICHAEL WOOD (Brittanje)
DARREL WRATTEN (Brittanje)
DESMOND WRIGHT (Brittanje)
CHARLES YEATS (Brittanje)
MARTIN YELVERTON (Brittanje)
STEPHEN YELVERTON (Brittanje)
ANTHONY ZWI (Brittanje)
MORRIS ZWI (Brittanje)

**BORGE VAN DIE HUDDLESTON INTERNATIONAL REGISTER:**
JOHN BATTLE MP TONY BENN MP MARY BENSON LADY TESSA BLACKSTONE BISHOP STANLEY BOOTH-CLIBBORN AND MRS ANNE BOOTH-CLIBBORN FR MICHAEL CAMPBELL-JOHNSTON SJ JEREMY CORBYN MP FRANK COOK MP BISHOP RICHARD HARRIES ARCHBISHOP TREVOR HUDDLESTON CR LORD RAYMOND HYLTON KEN LIVINGSTONE MP RABBI JEREMY ROSEN JANET SUZMAN DAVID OWEN MP IENAN WYN JONES MP
**Uitgeryk deur:**
THE HUDDLESTON INTERNATIONAL REGISTER OF SOUTH AFRICAN WAR RESISTERS, B M BOX 7660, LONDON, WC1N 3XX, UK.
Navrae van verdere ondertekendes is welkom.

## *SAKP se wedergeboorte*

# 'n Wolk hang oor die hamer en sekel...

**Die Suid-Afrikaanse Kommuniste Party gaan homself dié naweek die eerste keer aan die algemene publiek van Suid-Afrika voorstel. THANDEKA GQUBULE verwoord die baie vrae wat daar nog oor die SAKP gevra word - selfs uit ver-linkse kringe**

DUISENDE Suid-Afrikaanse jongmense, werkers en intellektuele sal Sondag vir die eerste keer hul rooi partykaarte met trots in die openbaar dra.

Die euforie rondom die eerste massavergadering van die SAKP is in skrille teenstelling met wat dié kaarte deesdae vir die jeug van die Oos-Blok beteken.

Van die ander kant van die aardbol het 'n Joegoeslawiese politieke kommentator onlangs geskryf, asof dit vir Suid-Afrikaners bedoel is: "'n Mens kan jou dit moeilik voorstel hoe trots ons, ek en talle ander jong kamerade, was om dié partywapen te dra. Ennou vra ek myself en al die jong kamerade van daardie dae: hoe het dit gebeur dat ons vandag te skaam is om dié wapen aan te steek?"

Wim Booyse, politieke konsultant en hoof van Peace and Conflict Studies, wonder hoe dit moontlik was vir die SAKP om dwarsdeur die revolusies van Oos-Europa te slaap.

Maar steeds pryk al hoe meer rooi graffiti op die mure van Johannesburg en kom al meer prominente burgers na vore as lede van wat in dié kringe "Die Party" genoem word.

Joe Slovo, die openbare gesig van die SAKP, het onlangs op 'n perskonferensie gesê die party is nou gewilder as ooit tevore.

Die party verkeer tans onder druk om te verduidelik waarom die meeste van sy strukture steeds ondergronds bedrywig is en waarom daar steeds soveel klem gelê word op geheimhouding binne die party self.

Agterdog oor 'n gebrek aan demokrasie en sameswering binne die party vier intussen hoogty, sê waarnemers.

Daar is egter al hoe meer Suid-Afrikaners wat vra of die party wat so 'n groot aantrekkingskrag onder die jeug, werkers en intellektuele het, in die lig van die ineenstorting van kommunisme wêreldwyd - selfs in Afrika - nog 'n bestaansreg het.

Die Suid-Afrikaanse publiek wil weet of die party ontslae geraak het van sy Stalinistiese karakter. Ten spyte van uitgerekte debat hieroor in die plaaslike pers, bly die vraag nog grotendeels onbeantwoord.

Baie mense, onder hulle geesdriftige ondersteuners van die ANC, wil nou nog reguit antwoorde hê oor hoekom daar nog plek is vir die SAKP as dié party dan so ywerig is om almal te verseker dat hulle die ANC se ideale steun en sy leierskap aanvaar.

Is dit vergelykbaar met die rol van die Broederbond binne die Nasionale Party? Waarskynlik nie, want die Broederbond se enigste agenda was om die Nasionale Party aan bewind te kry en te hou en sy ondersteuners se posisies te bevorder. Daar was geen ander agenda nie.

Joe Slovo, die sekretaris van die SAKP, het in 'n onlangse artikel onder die opskrif "Het sosialisme gefaal" probeer om die party se swak beeld te beredder. Pallo Jordan, die publisiteitsekretaris van die ANC, het ook tot die debat toegetree met sy mening dat die ou Staliniste nou terugskarrel na die werke van Trotsky en Bukarrin, wat vroeër as onvolwasse afgemaak is, om die debat tussen linkse en regse standpunte aan te wakker.

Jordan is nie oortuig dat die party hom van sy Satlinistiese verlede afgesny het nie. Van Slovo se "belydenis" skryf hy: "Ek het kameraad Slovo se pamflet gelees en weer gelees in die hoop dat ek 'n verklaring sou vind (vir wat fout gegaan het met kommunisme). Dit was byna onmoontlik om 'n samehangende relaas te kry van wat verkeerd gegaan het."

Jordan skryf in 'n artikel oor die gewetenskrisis van die SAKP: "'n Mens kan nie ligtelik kameraad Joe Slovo se protestasies oor die SAKP se non-Stalinistiese karakter op gesigswaarde aanvaar nie... daar is te veel getuienis tot die teendeel. In die tweede plek het die politieke kultuur van die SAKP se leierskap oor die jare 'n gees van onverdraagsaamheid en kleinlike intellektuele boewery onder sy volgelinge getroetel."

Jordan vra die party om by wyse van sigbare stappe te bewys dat hulle inderdaad die gees van openlikheid en eerlikheid adem wat van Marxiste verwag word.

Ander kritici wil weet of lidmaatskap van die SAKP oop gaan wees vir almal.

Jeffrey Lever, hoof van die Department Sosiologie aan die Wes-Kaapse Universiteit, sê daar is 'n sterk Marxistiese tendensie binne die ANC wat tot nou toe deur die SAKP op 'n afstand gehou is. Hy wonder of diegene wat teen die Stalinisme in die SAKP opgestaan het, weer tot die party toegelaat gaan word.

Mark Phillips van die Sentrum vir Beleidstudies wil graag 'n herlewing sien van die debat oor sosialistiese rekonstruksie binne die SAKP.

Oor Slovo se nuwe gedagterigtings sê die Suid-Afrika-kenner Heribert Adam van Kanada se Simon Fraser-universiteit dat dit nie "naastenby ver genoeg gaan om die tiranie van Stalinisme bloot te lê nie."

Adam kom tot die gevolgtrekking dat Slovo in sy ontleding van die huidige krisis waarin sosialisme homself bevind, die blaam op menslike swakheid plaas eerder as om die oorsaak by Lenin te gaan soek.

"Slovo weier om die ingeboude oorsake van Stalin se tirannie raak te sien," sê Adam. Slovo distansieer hom nou openlik van die gedagte van 'n eenparty-staat. Dit lyk selfs asof Slovo die party se vroeëre uitgemaakte rol as die voorhoede van die onderdruktes ook in heroorweging neem. Blykbaar moet die Party dié rol nou eers as akteur binne die bevrydingstryd verdien.

Die vraag word gevra of die SAKP maar nie steeds 'n junior vennoot van die Kommuniste Party van die Sowjet-Unie is nie - en dan van die harde konserwatiewe elemente daarvan. Of het die Party daarin geslaag om 'n werklike onafhanklike en vrydenkende Suid-Afrikaanse politieke party te word?

Slovo self het begin bely dat die SAKP "deel was van 'n aanbiddende persoonlikheidskultus". Die vraag ontstaan nou of die nuwe flirtasie met die demokrasie maar nie net nog 'n agternalopery is van dit wat onder Mikhail Gorbatjsof in die Sowjet-Unie gebeur nie.

Op hierdie kritiek sê Slovo in die jongste Umsebenzi, amptelike mondstuk van die SAKP: "Ek dink die laaste pilaar van Stalinisme wat binne die party staande gebly het, was ons slaafse navolging van die ganse buitelandse beleid van die Sowjet-Unie. Vir baie van ons binne die party was die ondersteuning van Sowjet-inmenging in Hongarye, Tsjeggo-Slowakye en Afganistan 'n blote refleks - dit was glad nie gebaseer op enige kennis of feite nie. Nou besef ek dat die Sowjet-Unie se inmenging in 1968 in Tsjeggo-Slowakye 'n wrede einde gebring het aan 'n eerlike poging om 'n demokratiese vorm van sosialisme die lig te laat sien. Dit was sekerlik die begin van die anti-sosialistiese histerie wat Tsjeggo-Slowakye nou oorrompel."

Kyk 'n mens krities na die party se optrede van so kort as 'n jaar gelede besef 'n mens dat die party hom blind gestaar het teen sy eie propaganda en heeltemal onkant betrap is deur die draai van die gety teen sosialisme. Op die vooraand van die omverwerping van sosialisme in die Oosblok-lande het die party 'n beleidsdokument aanvaar wat dié lande as 'n "belangrike internasionale mag" bestempel het." Die lande word geloof vir hul "hoogs ontwikkelde ekonomieë, hul uitgebreide wetenskaplike basis en hul betroubare militêre verdedigingspotensiaal."

Die dokument het skaars die Party se lede bereik, of duisende werkers van Oos-Duitsland het met hul rammelkas-motors by die Berlynse Muur begin tou staan om na die Weste oor te loop. Die Party se 1989-program huldig die mening dat in die sosialistiese lande 'n "nuwe lewe besig is om vorm aan te neem waar daar nie meer onderdrukkers en onderdruktes is nie, geen uitbuiters of uitgebuites nie en waar die mag aan die mense behoort."

Selfs die mees geharde party-lid kan hom nie blind staar teen die ironie nie.

Kritici is van mening dat of die party nou sy sogenaamde vanguard-rol self toeken of dit verdien, bevestig die party met dié houding dat hy homself hoër en beter as die gemeenskap ag en dus in wese ondemokraties bly.

Slovo se antwoord hierop is dat die party, net soos ander politieke partye, vir 'n magsbasis sal moet meeding.

Oor die kwessie van demokratiese sentralisme binne die party is daar blykbaar verdeeldheid. Slovo erken self dat hy sedert die vyftigerjare oor verskeie kwessies skepties staan. Hy het stilgebly omdat hy nie konflik binne die party wou skep nie.

Maar in die jongste Umsebenzi word daar aangevoer dat demokratiese sentralisme korrek is vir die party omdat dit "nie 'n debatsvereniging is nie. As die hoër strukture van die party eers 'n besluit geneem het, moet alle laer strukture en individuele lede hul daarby neerlê.

Die SAKP het egter een uitstaande kenmerk wat hom anders maak as ander kommunistiese partye. Waar kommunistiese partye wêreldwyd gebou was rondom sosialistiese eksperimente, het die SAKP as 'n vegter van apartheid 'n belangrike fondament gelê. Die SAKP het 'n belangrike bydrae gelewer tot die konseptuele raamwerk van die breë Suid-Afrikaanse bevrydingstryd. Die party het die deurslag gegee in die besluit om oor te gaan tot die gewapende stryd. Party-lede het ook deurgaans self die wapen opgeneem.

Volgens Kehla Shubane van die Sentrum vir Beleidstudies het die party 'n "skisofreniese geskiedenis" - as bevegters van apartheid en bouers van nou gediskrediteerde sosialisme.

Hierop vra Adam die vraag: "Hoe kan mense met so 'n akute sin vir ongeregtigheid in hul eie land hulself so blind gestaar het teen die lyding en onderdrukking van ander?

## Gaan dié leiers Sondag opstaan?


John Nkadimeng


Sydney Mufamadi


Joe Slovo


Murphy Morobe


Moses Mayekiso


Raymond Suttner


Chris Hani


Jeremy Cronin


Dan Tloome


Mohammed Valli Moosa


Mac Maharaj


Chris Dlamini

## 'God skuil agter die kerk se blou gordyn'

# 'n Kerkman baken sy geloofsgrense af

**INA VAN DER LINDE gesels met biskop Manas Buthelezi, neef van Mangosuthu, oor sy Christenskap en sy rol in die kerk en die gemeenskap**



**Biskop Manas Buthelezi**

PRESIES om vyf minute voor agt haal die hoofkok in die groot gemeenskaplike kombuis van die Lutheran Centre in Soweto sy voorskoot af, en vou dit op.

Laatkommers by die ontbyttafel wat die sentrum as vergaderplek gebruik, moet eers wag, want die kok en die opwassers en kelners, die tiksters en die nagwag by die voordeur, gaan oggendgodsdiens hou saam met dr. Manas Buthelezi, biskop van die Evangelies-Lutherse Kerk vir sentraal-Transvaal.

Vir die volgende uur en selfs langer word niemand by die voordeur ingelaat nie, en antwoord niemand die telefoon nie.

Onlangs het selfs twee lede van die SA Kommuniste Party, Mac Maharaj en Joe Slovo, een oggend die godsdienstige byeenkoms bygewoon. Hulle was deel van die uitvoerende komitee van die ANC wat die Lutheran Centre gebruik het vir 'n vergadering. Buthelezi het die hele groep genooi om te kom, en dié twee het opgedaag.

*'Alles wat jy doen het 'n godsdienstige dimensie. Soos die manier waarop swart kinders geleer word dat mens sit as jy water drink; en as jy eet, sing jy nie.'*

Gevra oor die teenwoordigheid van twee uitgesproke ateïste by die godsdiensbyeenkoms, sê Buthelezi hy glo aan 'n geestelike realiteit en meen die blootstelling van Kommuniste hieraan, kan nie kwaad doen nie. Daar is aspekte van Marxisme oor die beter verdeling van rykdom wat moontlik bruikbaar kan wees, terwyl ander konsepte onwerkbaar blyk te wees. Hieroor wil hy hom nie uitspreek nie.

"'n Standpunt wat egter nie ruimte laat vir God nie, is vir my onaanvaarbaar. Om ateïsme in Afrika te propageer, sal in elk geval baie moeilik wees", sê hy.

Buthelezi (55) het pas ná sewe jaar in die spervuur as president van die grootste ekumeniese liggaam in die land, die SA Raad van Kerke, uitgetree.

"Swart spiritualiteit is 'n allesomvattende begrip wat diep in die tradisionele denke gesetel is", sê Buthelezi. "Alles wat jy doen het 'n godsdienstige dimensie. Soos die manier waarop swart kinders geleer word dat mens sit as jy water drink; en as jy eet, sing jy nie.

"As kind het ek vas geglo dat God agter die blou gordyn in die kerk skuil. So naby en so persoonlik is God. Hy is iemand wat luister, selfs al luister niemand anders na jou nie".

Deelname aan godsdiens behels dat die individu in die gemeenskap opgaan. Dis nie 'n intellektuele oefening nie, maar 'n gemeenskapservaring waarvan gebede, sing en dans belangrike onderdele uitmaak.

"Ek behoort aan die gemeenskap. Die kerk is nie 'n private toevlugsoord waar individue kom en gaan nie. Ons het daar nie geheime van ons eie nie, maar daar word van ons verwag om ons mislukkings, probleme en ons suksesse met mekaar te deel", sê hy.

Dit is moeilik om die biskop in dié raamwerk in te pas. Daar is iets kenmerkends Zoeloe aan hom: 'n koel gereserveerdheid, wat as trots of selfs skugterheid misverstaan kan word. As 'n neef van Mangosuthu Buthelezi, hoofminister van KwaZulu - "in Zoeloe praat ons van broers", verwys hy deurentyd na homself as "ons". Vrae oor die belangrike rol wat hy in die SARK en in swart teologie gespeel het, word verleë weggelag.

## Bevrydingsteologie

Die doelgerigtheid waarmee hy die afgelope sewe jaar soms teen die radikales in die SARK standpunte bly stel het, skets ook 'n ander sy van Buthelezi.

Nie dat hy in sommige kringe nie self as radikaal bestempel sou word nie. Hy was een van die eerste teoloë in Suid-Afrika wat oor bevrydingsteologie begin skryf het. Dit was in 1968 toe hy na sewe jaar uit die VSA teruggekom het, waar hy sy meesters- en doktorsgrade in die teologie voltooi het.

Jong leeus in die University Christian Movement, waaronder Steve Biko, het sekere vrae begin vra oor die relevansie van die Evangelie vir die swart wêreld en ervaring.

"Ons moes nuut begin dink oor die vrae wat hulle gevra het. Toe die swart bewussynsbeweging hier begin het, het die regering gedink dit pas heeltemal in die kraal van apartheid. Na 'n rukkie het hulle begin agterkom dat ons iets heeltemal anders sê.

"'n Versameling opstelle oor Swart Teologie is tot vandag nog verbied... Vandag kraak ons eenvoudig nie meer ons koppe om te probeer vasstel wat verbied is en wat nie", sê hy.

"In die VSA het ons twee dinge geleer", vertel Buthelezi: "Dat dit moontlik is om vriendskappe met witmense aan te knoop. En dat hy nie moet probeer om iets te wees wat hy nie is nie".

Hy is dikwels genooi om by kerke op te tree en altyd was dit asof die mense iets anders van hom verwag.

"Dit was asof die Amerikaners aan ons wou sê: Wees jouself. Mense kan net van jou leer indien jy jouself is en nie probeer om iets anders te wees nie".

As kind het sy geslag hard probeer om hulself aanvaarbaar te maak deur die witman se kultuur en maniere aan te leer. "Ons het nooit die geleentheid gehad om te waardeer wat ons is en wat ons het nie. Met die terugkeer na Suid-Afrika, is probeer om 'n nuwe denkrigting te vestig. Ons het gesê as die witmense ons verwerp, en ons nie wil aanvaar as deel van die gemeenskap nie, moet ons eers leer om onsself te aanvaar vir wat ons is voordat ons van hulle kan verwag om ons te aanvaar vir wat ons is".

Dit het 'n revolusie in die harte van swart denke begin - so eenvoudig soos dat kinders voortaan Zoeloename gegee word en nie meer wit name nie, en die manier waarop Buthelezi begin preek het.

"Daar is besef dat ons nie buitefaktore soos magteloosheid of armoede moet toelaat om ons eiewaarde af te takel nie. Dis iets wat ons nooit op skool geleer het nie. Ons het geleer om onsself te verstaan. Dit was soos 'n tweede geboorte", sê hy.

## Kerk en Politiek

Vandag word Buthelezi in kerklike kringe as gematig bestempel. "Ek behoort nie aan enige politieke party nie. As mens by een politieke party aansluit, sal jy diegene aan die ander kant aanstoot gee. Ek het nie die vryheid om dit te doen nie, omdat die kerk daar is vir almal."

Die UDF het hom gevra om as beskermheer vir hulle op te tree, maar hy het geweier. "Die oomblik as mens dit doen, voel diegene aan die ander kant dat jy nie ook vir hulle is nie. Ek is heeltemal vry."

Hy het ook nie die Kairos-dokument of die Road to Damascus onderteken nie, twee van die vernaamste teologiese dokumente uit swart kringe die afgelope dekade. Die rede: as mens so 'n dokument onderteken meen Buthelezi moet daar met elke formulering saamgestem kan word, en dit kon hy nie doen nie.

Met tye klink hy byna soos Johan Heyns: "Die kerk hoef nie 'n standpunt oor politieke, ekonomiese, of maatskaplike bloudrukke in te neem nie. Die kerk glo in morele beginsels en dis die taak van die kerk om daardie beginsels te handhaaf.

"Goeie maatskaplike, ekonomiese en politieke bloudrukke behoort aan hierdie beginsels te voldoen en as dit nie daaraan voldoen nie, kan ons dit uitwys".

Oor die feit dat die radikales in die SARK hom verkwalik het omdat hy in 1987 ook die standpunt met sy eerste ontmoeting met die ANC ingeneem het, en daar selfs pogings was om hom uit te stem as president, sê hy vandag: "My standpunt is getoets in die verskillende vergaderings van die Uitvoerende Komitee van die SARK, en hulle het dit aanvaar. Die standpunt het geseëvier in die SARK.

"Die standpunt dat die kerk met almal moet bly praat en nie aan die een kant kan gaan staan nie, is nie destyds verstaan nie. Baie in die SARK het geglo die kerk moet 'n aktiewe rol binne die bevrydingsorganisasies speel".

## Toekomstige rol van die SARK

By die jongste Nasionale Konferensie van SARK in Bellville was dit duidelik dat daar twee strominge in die organisasie aanwesig is. Die een is die stem van Buthelezi wat vra dat die kerke nou na die ontbanning van die ANC, PAC en ander gemeenskapsorganisasies, moet terugkeer na wat hy as die ware taak van die organisasie sien: Teologiese nadenke oor die rol van die kerk in die samelewing.

Die ander stroming word verteenwoordig deur eerw. Frank Chikane, die hoofsekretaris. In sy verslag voor die SARK was dit duidelik dat hy steeds 'n aktiewe rol vir die organisasie sien in die onderhandelingsproses vir 'n nuwe grondwetlike bedeling.

In die verslag het hy 'n definisie verskaf vir wanneer hy apartheid as onomkeerbaar sou beskou: "Die posisie van onomkeerbaarheid sal eers bereik wees wanneer 'n Grondwetlike Komitee bestaande uit al die partye saamgestel is en die huidige regering ontbind is." Verder het hy voorgestel dat sankies eers dan opgehef moet word en dat die standpunt aanvaar en propageer moet word.

Oor Chikane se standpunte wou Buthelezi hom nie uitlaat nie. Hy het dit egter duidelik gemaak dat hy meen die agenda van die SARK anders behoort te lyk.

"Die kerk se unieke agenda het die afgelope twee dekades agterweë gebly. Waar die agenda vroeër bepaal is deur apartheid - 'n agenda wat bepaal is deur die uitdagings wat deur die omgewing gestel is - glo ons nou dat die kerk weer sy ware identiteit moet vind.

"Ons moet vrae vra soos wat is die kerk, is die kerk nodig, waarom is die kerk nodig, wat doen die kerk wat ander gemeenskapsorganisasies nie doen nie? Die kerk het 'n unieke rol, soos om te vra wat die kerk en sy teologie kan bydra tot die oplossing van groepskonflikte, en die aanvaarding van wedersydse respek vir standpunte wat verskil".

Hoewel die kerk steeds 'n invloed moet uitoefen op diegene wat 'n rol speel in die oplossing van die land se politieke probleme, behoort die kerk die klem te laat val op die wedersydse aanvaarding van mekaar; die respek vir mekaar se standpunte; die klem op die saambestaan vorentoe.

OPERATION HUNGER

GOLD RUSH 9

R1 MILJOEN

KOOP NOU!

R10,00 Sorg Sertifikate beskikbaar by Eerste Nasionale Bank, Pick 'n Pay, Computicket, Russels, Cartoria Toyota (Pretoria), Caltex Diens Stasies

Eerste Nasionale Bank

MET U HELP LEWE ONS KINDERS

## *Doodslêers van die ANC*

# 'n Pad besaai met lyke en lyding

DIÉ lêers word gehou in die ANC se biblioteek wat in die kantoor van die International Defence and Aid Fund for Southern Africa (IDAF) in Londen gehuisves word. Die biblioteek beskik oor uitgebreide navorsing oor wandade deur Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte en moordbendes.

In baie gevalle bestaan omvattende profiele van individuele moordenaars of lede van "kommando's", soos moordbendes soms bekend staan.

Hier is enkele voorbeelde van die terreuraanvalle waaroor daar getuienis bestaan.

**1974:** Abraham Tiro, permanente sekretaris van die Suid-Afrikaanse Studente-Organisasie (SASO) sterf nadat 'n pakketbom aan hom naby Gabarone afgelewer is. Die pakkie het die stempel van die International University Exchange Fund gedra, hoewel die Fonds nooit so 'n pakkie aan Tiro gestuur het nie. Die Suid-Afrikaanse Departement van Buitelandse Sake het verantwoordelikheid vir die daad ontken.

**1974:** Enkele dae ná Tiro se dood sterf nog 'n Suid-Afrikaanse uitgewekene in 'n pakketbom-ontploffing. John Dube was die ANC se adjunk-verteenwoordiger in Lusaka. Drie mense is in die ontploffing beseer.

**1978:** 'n ANC-leier, Ablom Duma, word in 'n ontploffing in Swaziland gewond. Die selferkende leier van 'n polisie-moordbende, kapt Dirk Coetzee, het in sy getuienis erken dat die veiligheidspolisie by die aanval betrokke was. Duma se arm is in die ontploffing afgeruk terwyl hy besig was om pos uit 'n posbus te haal.

**1978:** In dieselfde jaar word ANC-lede John Majola en Willie Nyoni in Swaziland in 'n lokval gelei. Die bekende Natalse akademikus en anti-apartheidsaktivis, dr Rick Turner, word doodgeskiet.

**1979:** Vader John Osman, 'n Anglikaanse priester van Nieu-Seeland, se regterhand word in Maseru deur 'n pakketbom afgeskeur in die huis van 'n Suid-Afrikaanse vlugteling, Phyllis Naidoo.

**1980:** Patrick Makau, 'n ANC-lid en 'n sewejarige Swazi-meisie sterf in 'n ontploffing in twee huise van Suid-Afrikaanse uitgewekenes in Manzini, Swaziland. Coetzee het ook erken dat hy betrokke was by hierdie ontploffing wat die werk van die veiligheidspolisie was. Die huise is na bewering as deurgang vir guerilla's gebruik.

**1980:** Thembi Hani, 'n uitgeweke lid van die ANC, se huis word 'n week later in Lesotho opgeblaas. Ene Khoza, wat die bom gestel het, word beseer en bieg dat hy dit in opdrag van die Suid-Afrikaanse Veiligheidspolisie gedoen het.

**1981:** Griffiths Mxenge, bekende prokureur en menseregte-aktivis van Umlazi, word in 'n stadion met 45 meswonde en 'n oopgesnyde keel aangetref. Die moord op Mxenge is die afgelope maande die fokus van die Harms-kommissie se ondersoek na moordbendes nadat Coetzee en nog twee gewese veiligheidspolisiemanne erken het dat hulle die moord gepleeg het.

**1981:** Joe Gqabi, hoof van die ANC in Zimbabwe, word tromop voor sy huis in Harare doodgeskiet. Die Zimbabwese polisie beskryf dit agterna as 'n uiters professionele sluipmoord. 'n Pistool met 'n 9mm-kaliber is op die toneel gevind.

**1984:** Jeanette Schoon (née Curtis) en haar dogtertjie, Katryn, 6, sterf toe 'n pakketbom in Lubango, Suid-Angola, ontplof. 'n Ruk voor Schoon gesterf het, het die veiligheidspolisie beplan om haar man, Marius, met 'n masjienpistool te skiet wat in 'n aktetas ingebou is.

**1984:** Ruth First, akademikus en vrou van die leier van die SAKP, Joe Slovo, sterf in 'n briefbomaanval in Maputo. Daar bestaan getuienis dat sy gesterf het nadat sy 'n pakkie ontvang het met die embleem op van die Verenigde Volke se Hoë Kommissaris vir Vlugtelinge. Die veiligheidspolisie het enkele jare vantevore van dié embleme uit die Kommissaris se kantoor in Swaziland gesteel.

**1985:** Die Cradockse gemeenskapsleier Matthew Goniwe, 38, en nog drie aktiviste se verbrande lyke word by twee afsonderlike plekke naby Port Elizabeth gevind nadat hulle saam op reis was.

**1985:** By hulle begrafnis praat Victoria Mxenge, weduwee van Griffiths. Twee weke later word sy buite haar huis in Umlazi deur vier sluipmoordenaars doodgeskiet. Sy was 'n menseregte-prokureur in eie reg.

**1988:** Sicelo Dhlomo, 18, word met 'n koeëlwond in die kop dood gevind, kort nadat 'n polisieman gedreig het om 'n voorbeeld van hom te maak. Dhlomo was 'n lid van die Soweto Students Congress en vrywillige werker vir die toe ingeperkte Detainees' Parents Support Committee.

**1988:** Dulcie September, ANC-verteenwoordiger in Frankryk, word deur 'n sluipmoordenaar buite haar Paryse kantoor twee keer in die gesig skiet. 'n Ruk gelede het 'n Sweedse burger wat in Suid-Afrika woonagtig is, na Zimbabwe gevlug en aan die ANC gebieg dat hy 'n agent van die veiligheidspolisie is en by haar dood betrokke was.

**1988:** Die menseregte-prokureur en ANC-leier Albie Sachs se arm word in 'n motorbomontploffing in Mosambiek afgeruk. 'n Streeksleier van die BSB het onlangs erken dat hy die opdrag gegee het dat die bom geplant moes word.

**1989:** David Webster, akademikus en menseregte-aktivis, word deur sluipmoordenaars buite sy huis in Johannesburg doodgeskiet. Sy dood is ook die afgelope maande deur die Harms-kommissie ondersoek, maar tot dusver kon sy moordenaars nog nie opgespoor word nie.

**1989:** 'n Paar maande later sterf Anton Lubowski, Swapo-aktivis en menseregte-advokaat, in 'n soortgelyke sluipmoord-aanval voor sy huis in Windhoek, Namibia. Daar is sterk vermoedens dat die BSB vir sy dood verantwoordelik was.

In "South Africa's Record of International Terrorism", wat in samewerking met die VVO se Sentrum teen Apartheid opgestel is, skryf Tony Sifford:

"Die mees flagrante internasionale terroriste ter wêreld ontvang hul lone van die Suid-Afrikaanse regering".

In dieselfde publikasie skryf HE Alhaji Yusuf Maitama-Sule, 'n gewese voorsitter van die VVO se Komitee teen Apartheid, dat die regering van Suid-Afrika, in 'n desperate poging om voortgesette oorheersing te verseker, alle grense van moraliteit en die gereg oorgesteek het.

Volgens hom het die regering hom gewend tot marteling, teregstelling van aktiviste, moord op kinders asook die pleeg van terrorisme en aggressie in buurstate. Hy sê daar is geen regsgronde om enige van die dade te verdedig nie.

## Galery van skande

**Meer as 100 anti-apartheidsaktiviste is die afgelope dekade in sluipmoordaanvalle dood of het spoorloos verdwyn. Die vinger wys nou onverbiddelik na die regering se moordbendes, hetsy polisie of weermag. CHRISTELLE TERREBLANCHE het insae gehad in die ANC se eie doodslêers wat oor jare opgebou is**



David Webster



Griffiths Mxenge



Matthew Goniwe



Anton Lubowski



Victoria Mxenge



Albie Sachs



Jenny Schoon (links) en haar dogtertjie, Katryn



Ruth First



Sicelo Dhlomo



Abraham Tiro



Vader Osman



Dulcie September



Joe Gqabi

ONDERSOEK

*'n Soldaat met 'n liefde vir Shakespeare*

# Ontmoet Kameraad Hani, supervalk

**Buiten die keer in 1988 toe hy gepraat het van hul "sweet life" wat beëindig moet word, weet wit Suid-Afrikaners min van Chris Hani, die stafhoof van die ANC se militêre vleuel, Umkhonto we Sizwe. Dié week het hy, kamoefleer-uniform en al, weer die super-valk gespeel en met oorlog gedreig. AUDREY BROWN bekyk dié enigmatiese ANC-leier en aanspraakmaker op Mandela se troon**

Sy naam is Chris Martin Thembisile Hani, seun van 'n trekarbeid-bouwerker.

Hy is in 1942 in Cofimvaba in die Transkei gebore, waar hy ook skoolgegaan het. Sy beste maat op skool was Thabo Mbeki en sy politieke leermeesters was Govan Mbeki van die Kommuniste Party en Wilton Mkwayi.

As std 9-leerling het hy by die ANC se Jeugliga aangesluit. Hy het in 1962 by Umkhonto we Sizwe aangesluit nadat hy 'n BA-graad in regte aan die Universiteit van Fort Hare verwerf het omdat regte die enigste beroep was wat hom 'n "sweempie van onafhanklikheid" sou gee.

Engels en Latyn was sy hoofvakke en hy vertel dat hy baie lief is om Shakespeare te lees. Toe Hani in 1963 land-uit is, was hy uit op borgtog ingevolge die destydse Wet op die Onderdrukking van Kommunisme.

Hy is tot 18 maande tronkstraf gevonnis; maar het die land verlaat voordat die appèl aangehoor is. Hy is na die Sowjet-Unie gestuur om die

> *'As jy met Hani stry, sal jy nooit rus nie. Hy sal baie hard probeer om jou te oorreed. Hy sal aanhou totdat hy jou kan oortuig.'*

beginsels van ondergrondse werk te leer om dan te help om Umkhonto we Sizwe op die been te help bring aangesien die ANC destyds geen benul van klandestiene werk gehad het nie.

In 1967 was hy deel van die ANC se "Luthuli-eenheid" wat teen die Smith-regering geveg het. Hy is later vir twee jaar in Botswana weens die onwettige besit van 'n wapen aangehou.

In 1974 het hy teruggekeer om die ANC se ondergrondse strukture te probeer bou, maar moes na Lesotho terugkeer nadat sy pogings misluk het. In Lesotho was hy verantwoordelik vir die duisende jeugdiges wat oor die grens gestroom het om by MK aan te sluit.

In 1984 is hy tot die ANC se uitvoerende komitee verkies en in 1987 is Hani aangestel as hoof van staf van MK nadat Joe Slovo dié pos verlaat het om die pos as sekretaris-generaal van die SAKP op te neem. Hani het terselfdertyd die pos van adjunk-bevelvoerder van MK beklee. Voorheen was hy politieke-kommissar.

As kommissar was dit sy taak om vir die politieke beleid van MK te sorg. Sy verskuiwing uit dié posisie het gelei tot spekulasie dat hy van sy pos ontneem is oor sy militante houding op sogenaamde sagte teikens. Die ANC het in 1985 herbevestig dat hulle nie sagte teikens sou aanval nie. Volgens berigte het Hani sy teenkanting hierteen uitgespreek.

Hani staan in ANC-kringe bekend as 'n briljante man wat die belang van sy magbasis na aan die hart dra. Sy manne weet hy sal hulle nooit in die steek laat nie en hulle vertrou hom tot die uiterste. Maar Hani is gewoond daaraan dat hy met soldate in kampe praat. Die diplomasie wat nou nodig is, staan hom nie aan nie. Hy het nie baie tyd vir mooi woordjies nie. Volgens 'n kennis van Hani is hy 'n uitstekende strateeg wat in argumente altyd sy uiterste probeer om mense te oortuig.

"As jy met Hani stry, sal jy nooit rus nie. Hy sal baie hard probeer om jou te oorreed. Hy sal aanhou totdat hy jou kan oortuig. Hy is absoluut briljant, maar baie taai. Hy het ook nie baie tyd vir die strategiese diplospraak nie. Vir hom is daar geen grys gebiede nie."



Chris Hani

Dis waarom, meen kenners, hy die soort uitlatings maak wat hy Sondag gemaak het. Maar dit is nie die eerste keer dat hy dit sê nie. Daar is niks nuuts aan die uitlating dat MK aan die groei is binne die land nie. Hani sê al van Maart af dat MK aanhou met werwingsaktiwiteite.

Hani se uitlatings is altyd omstrede: In 1988 het hy gedreig om die gewapende stryd na wit gebiede uit te breï om witmense die "duur prys" van apartheid te laat voel. Hy identifiseer baie duidelik die regering as 'n vyand en hy maak baie min verskoning vir die burgerlikes wat doodgemaak is in MK-operasies. In Junie vanjaar het hy gesê: "'n Oorlog is 'n oorlog en 'n oorlog is wreed."

In die middel tagtigs het hy vir Winnie Mandela ondersteun toe sy necklace-moorde goedgepraat het. Hani het gesê alhoewel die ANC nie dié metode direk aanmoedig nie, dit tog 'n sterk boodskap aan verraaiers en uitverkopers stuur.

Daar bestaan noue bande tussen hom en Winnie Mandela. Daar word vertel dat toe die Stompie-storm in 1989 losbars, sy die telefoon in Oliver Tambo se oor neergesit het met die woorde: "Ek het niks vir jou te sê nie. Ek praat net met Chris Hani."

Hani is getroud met 'n Lesotho-burger en hulle het drie dogters.

Daar was al twee sluipmoordaanvalle teen hom. Die eerste was in 1981 toe die Suid-Afrikaanse Weermag 'n bom onder sy motor geplaas het. Hy het ongedeerd daarvan afgekom. Die tweede aanslag was in 1982 toe die SAW op verskeie huise in Lesotho gevuur het. Hani was nie daar nie, maar verskeie Lesotho-burgerlikes is in die aanval dood.

As tweede in bevel van MK en potensiële opvolger tot die leierskapstroon van die ANC, word Hani dikwels as die teenoorgestelde van Thabo Mbeki gesien. Waar Mbeki die diplomaat is wat in die kollig van internasionale en binnelandse pers staan, is Hani die militaris met 'n stewige magsbasis onder die militante jeug in Suid-Afrika en leermeester van MK-kaders in die kampe in ander Afrikalande.

Maar Hani is 'n enigmatiese mens. Sy invloed op beleid in die ANC is onbekend, maar die feit dat hy uitsprake kan maak op 'n openbare platform dui die invloed wat hy wel mag hê aan.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika in Junie vanjaar het Hani gesê: "Ek voel soos Richard I met sy terugkeer na Engeland met sy koningkryk op die rand van ineenstorting. Hy het ook teruggekeer met groot blydskap, maar hy het geweet dat die krisis wat in Engeland gewoed het, sy land en sy mense kon vernietig."

Van die Groote Schuur-Minuut het hy gesê: "Die staat is nog vasgevang in die tradisies van die verlede waar dit net witmense aangespreek het. Die staat sukkel om die Groote Schuur-Minuut in werking te stel omdat dit wit vrese probeer bevredig."

Baie mense sou sê dat Hani met dieselfde probleem sit. Hy is gewoond daaraan om met kragdadige, militante soldate te praat wat agterdogtig en vreesbevange is dat hulle verraai sal word. Omdat hy die gevoelens van sy kaders so na aan die hart dra, moet hy hul vrese aanspreek.

## Hani aan die woord

**"IN Suid-Afrika geniet witmense die goeie lewe. Hulle gaan na hul flieks, hulle hou braaivleis en hulle gaan na hul vyfster-hotelle. Dis waarom hulle die stelsel ondersteun. Dit waarborg vir hulle 'n goeie lewe. Deel van ons veldtog is om daardie goeie lewe te verhoed." Julie 1988.**

**"Ons moet nie meegesleur word nie. Ons weet dat De Klerk sy eie agenda het. Hy is nie van plan om mag aan ons te oorhandig nie. Ons het die ondergrondse strukture nodig." Januarie 1990.**

**"Ons wil nie hê die vyand moet kan kies en keur van die pakket wat ons voorstel nie. Ons eis dat hulle die hele pakket aanvaar." Januarie 1990.**

**"Ons is almal toegewyde lede van die ANC en ons neem ons bevele van die leierskap. As hulle vir ons vertel dat ons aksie moet stop, sal ons dit doen." Februarie 1990.**

**"Nou is daar 'n klimaat in Suid-Afrika wat verantwoordelike uitsprake van die ANC - en van my - vereis. Ons doen 'n beroep op eenheid en versoening. Ons wil die emosies en drifte ontlont." Maart 1990.**

**"Ek leef al my hele lewe lank met die dood. Maar niemand wil doodgaan nie. Ek wil in 'n vrye Suid-Afrika woon, al kos dit my lewe." Julie 1990.**

**"Ons sal aanhou met uitbrei totdat daar 'n demokratiese stelsel in Suid-Afrika is. Ons sal aanhou met lede werf." Julie 1990.**


UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

**Voorgraadse Toelating: 1991**

**Aansoeke word ingewag vir voorgraadse studie aan UK in 1991.**

**Sluitingsdatum vir aansoeke**

Die sluitingsdatum vir voorgraadse aansoeke is **31 Augustus 1990.**

Laat aansoeke vir die Fakulteit Geneeskunde kan by die betaling van 'n bykomende heffing tot 30 September 1990 ingedien word, en tot 31 Oktober 1990 vir alle ander Fakulteite.

Alle aansoekers word egter aangeraai om voor 31 Augustus 1990 aansoek te doen.

Aansoekgelde is:
Tot 31 Augustus R30
Tot 30 September R60
Tot 31 Oktober R110

**Studentebehuising**

UK is in staat om aan 20% van sy studente huisvesting te verskaf – in koshuise, woonstelle en huise. Aansoekers wat in Kaapstad huisvesting verlang, moet nie later nie as **31 Oktober 1990** daarom aansoek doen. Laat aansoeke vir huisvesting kan nie oorweeg word nie.

**Finansiële Bystand**

Aansoekers wat nie die volle koste verbonde aan studie aan die UK kan dra nie, word sterk aangeraai om by soveel bronne as moontlik om finansiële bystand aansoek te doen. Meer inligting is op aanvraag beskikbaar.

Die sluitingsdatum vir aansoeke om UK-studiebeurse, beurse en lenings vir voorgraadse studie is **31 Oktober 1990.** Laat aansoeke om finansiële bystand kan nie oorweeg word nie.

**Aansoekvorms en verdere inligting is verkrygbaar by: Die Sentrale Toelatingskantoor, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700. Telefoon: (021) 650-2128.**

C68933/1193C



**UNIVERSITEIT VAN NATAL**
**DURBAN**

**Gedoseerde M.A. in Afrikaanse Letterkunde**

Die Departement Afrikaans en Nederlands van die Universiteit van Natal in Durban beplan vanaf 1991 'n gedoseerde M.A. -kursus in Afrikaanse Letterkunde:

**Studies in Suid-Afrikaanse Verband**

Honneurs of ekwivalent 'n voorvereiste. Die kursus sal oor 'n jaar strek en bestaan uit twee alternerende modules wat aangebied word by wyse van 10 — 12 ontmoetings per module. 'n Afsonderlike mini-tesis word verwag. Belangstellendes word versoek om sonder versuim in verbinding te tree met die departementshoof vir verdere konsultasie en besonderhede.

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Oktober 1990. Rig navrae aan:**

**Die Departementshoof, Dept. Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Natal, Koning George V-laan, 4001 Durban. Telefonies: (031) 816-2382.**

AGTERGROND

## Wat beteken Hani se oorlogspraatjies?

# Moenie bekommerd wees nie, onderhandelings ís nog op dreef

**Die afgelope week se gebeure in Suid-Afrika toe ANC-krygers die land binnegesypel en Chris Hani oorlogspraatjies gemaak het, het vrees en onsekerheid in blanke gemoed laat ontstaan of daar langer met die ANC onderhandel moet word. Daar bestaan egter 'n hemelsbreë verskil tussen hoe swartmense en die ANC aan die een kant en blankes aan die ander kant die situasie beskou. HENNIE SERFONTEIN gee nuwe insigte**



TWEE gebeure die afgelopė week het die kollig skerp laat val op die onderhandelingsproses tussen die regering en die ANC, wat besig is om met groot moeite en omsigtigheid te ontplooi - en selfs hortend vordering te maak.

Eerstens is daar die omstrede verklaring oor die voortgesette verbintenis van die ANC tot die gewapende stryd deur Chris Hani, die stafhoof van Umkhonto we Sizwe. As die regering onderhandelings laat skipbreuk lei, sal die ANC deur die gewapende stryd die mag oorneem, is sy boodskap.

Tweedens is daar die bekendmaking van die inhegtenisneming van 'n aantal geïnfiltreerde ANC-krygers wat betrokke sou wees by 'n beweerde komplot van die ANC en die Suid Afrikaanse Kommuniste Party (SAKP) om die regering later omver te gooi. Die SAKP is na bewering besig is om die ANC te manipuleer en in die geheim militêre aksies te beplan waarvan laasgenoemde niks of weinig weet.

Maar hierdie gebeure fokus ook die aandag dramaties op een ander baie belangrike aspek van die realiteit van die Suid-Afrikaanse politiek. Dit is naamlik die fundamentele verskil in persepsies van en perspektiewe oor dieselfde gebeure tussen die ANC en die regering, tussen swart en wit.

Van die kant van die regering en feitlik alle blankes word die Hani-verklarings gesien as teenstrydig met die gees van die sogenaamde Groote Schuur-ooreenkoms. Dit, en die voorgestelde ondergrondse aktiwiteit van Umkhonto, word veroordeel as gelykstaande aan verraad, as rug-

> *"Dit sou naïef van ons almal wees om te verwag dat die proses na 'n nuwe Suid-Afrika sonder enige haakplekke kan plaasvind. Dit is ook baie beter dat ernstige probleme aan die begin opduik as in 'n latere stadium."*

stekery en as bewys dat die ANC en SAKP nie te vertrou is in die onderhandelings nie.

Dit is baie moeilik om die korrektheid al dan nie van die bewerings aangaande die ANC/SAKP komplot en ondermynings van eersgenoemde deur laasgenoemde te beoordeel. Die nuus is klaarblyklik aan die media deur die veiligheidspolisie "gelek" - hoewel die minister van Wet en Orde, Adriaan Vlok, dit blykbaar teenoor Nelson Mandela ontken het.

Dit is ook seker nie toevallig dat dit gebeur het op die vooraand van die openbare loodsing van die SAKP nie.

Baie insiggewend egter is die koel, kalm dog besliste manier waarop Staatspresident FW de Klerk die saak hanteer het. Hy rig 'n skerp waarskuwing dat wanorde, anargie en terreur nie geduld sal word nie, ook waarsku hy dat niemand toegelaat sal word om "deur die agterdeur in te sluip en die mag oor te neem nie".

Die belangrikste egter is dat nóg De Klerk nóg die regering opgetree het asof 'n werklike ernstige krisis op hande was, en of daar regtig 'n bedreiging van die onderhandelingsproses was.

Daar was niks van die amperse histeriese, byna paniek en intense woede wat byvoorbeeld April verlede jaar die inval deur Swapo-magte van noord-Namibia gekenmerk het nie.

In gesprekke vandeesweek met twee vooraanstaande swart akademici blyk dit duidelik dat Swartes en die ANC 'n heel ander persepsie het van die twee omstrede gebeure. Hul

> *"Hani se boodskap is absoluut duidelik: gee onderhandelings 'n kans. Slegs as die regering kop uittrek word teruggeval op die gewapende stryd om mag te bekom."*

menings gee 'n heel ander dimensie van hoe swart Suid-Afrika dit sien en ervaar.

Hulle is Kehla Shubane, 'n navorser aan die Sentrum van Beleidstudies aan die Universiteit van die Witwatersrand, en Sipho Shezi, senior lektor in die Departement Politieke Studies aan die Universiteit van Natal.

Albei staan na aan die ANC, maar is hoogaangeskrewe kenners van die van die Suid-Afrikaanse politiek in sy geheel.

Shubane maak een baie belangrike opmerking. Hy sê "dit sou naïef van ons almal wees om te verwag dat die proses na 'n nuwe Suid-Afrika kan plaasvind sonder dat daar enige haakplekke is. Dit is ook baie beter dat ernstige probleme aan die begin opduik as in 'n latere stadium."

Hy is beïndruk met die "verantwoordelike" en sobere wyse waarop De Klerk dit hanteer het. Dit het aan die regering die kans gegee om 'n soort van morele grond op te eis.

"Die regering verdien alle krediet daarvoor, daarom is daar nou 'n verpligting op andere deelnemers aan die proses om saam te werk om die onderhandelings te beskerm."

Die volgende belangrike punte is deur hulle beklemtoon - en dit skyn asof die feite dit grootliks bevestig:

Die Chris Hani-opmerkings oor die gewapende stryd is nie in konflik met of die ANC-standpunt, óf met die Groote Schuur-ooreenkoms nie.

Ook is die infiltrasie van ANC-vegters nie 'n verbreking van enige ooreenkoms met die regering nie.

Die interne politieke en organisatoriese probleme van die ANC en groeiende onsekerheid op grondvlak van hul ondersteuners vereis kragdadige toesprake.

Die Hani-toesprake sal sy posisie in die wedloop met Thabo Mbeki vir opvolging van die Oliver Tambo/Nelson Mandela-leierskap, waarskynlik verstewig.

Beide Shubane en Shezi beklemtoon dat wat Hani gesê het niks nuuts was nie.

Ook is dit volkome in ooreenstemming met die huidge amptelike standpunt van die ANC.

Shubane sê: "Sy boodskap is absoluut duidelik: gee onderhandelings 'n kans - slegs as die regering kop uittrek word teruggeval op die gewapenede stryd om mag te bekom."

Dit is ook opnuut bevestig deur Mandela tydens 'n perskonferensie na afloop van die vergadering van die nasionale uitvoerende bestuur van die ANC. Hy verklaar nadruklik: "Daar is geen konflik hoegenaamd tussen die Groote Schuur-ooreenkoms en Hani nie. Die pers het dit uit verband geruk, ons almal in die ANC-leierskap ondersteun die onderhandelingsproses volkome. Slegs as die regering kop uittrek val ons op die opsie van die gewapende stryd terug."

Die onomstootlike feit is ook dat die ANC tot nou toe steeds weier om die opskorting van die gewapende stryd te oorweeg - totdat die regering die struikelblokke tot onderhandelings uit die weg ruim. Dit mag waarskynlik gebeur tydens die volgende ontmoeting tussen die ANC en die regering op 6 Augustus.

> *"Die ANC het te doen met 'n ongeduldige en woedende gemeenskap, met 'n swart jeug verhard en afgestomp deur apartheid."*

Shubane meen ook dat die huidige beweerde infiltrasie van ANC-vegters nie die verskerping van die gewapende stryd beteken nie; hy wys daarop dat daar in die afgelope maande 'n aanvanklike afskaling daarvan was.

"Terwyl geweld toegeneem het, was daar 'n dramatiese afname in Umkhonto-optredes," beklemtoon hy.

Shubane ontken dan ook dat daar enige vergelyking is tussen die huidige ANC-infiltrasie en die Swapo-"inval" verlede jaar. Daardie gebeure was 'n flagrante verbreking van 'n amptelike skietstilstand-ooreenkoms wat deur Swapo aanvaar is, iets waarvan hier nog geen sprake is nie.

Shezi weer vestig aandag op die interne probleme en onsekerhede van die ANC, veroorsaak deur die feit dat die leierskap te vinnig beweeg het vir hul verwarde volgelinge op grondvlak - die gevolg van die onverwagse onderhandelingsproses.

Hy beklemtoon dat die ANC-ondersteuners daagliks nog die realitieite van apartheid, wat steeds bestaan, ervaar - met toenemende geweld deur regses en konserwatiewe regeringsondersteunde waaksaamheidsgroepe.

Shezi waarsku: "Die ANC het te doen met 'n ongeduldige en woedende gemeenskap, met 'n swart jeug verhard en afgestomp deur apartheid."

Daarom is hy onsteld dat Hani se uitsprake ligtelik as "retoriek" en "oorlogstokery" afgemaak word. "Hani moet ernstig opgeneem word want hy verteenwoordig die swart realiteit op grondvlak. Die sentiment van 'n gemeenskap wat opnuut verseker wil word dat die ANC nie met die onderhandelings sal uitverkoop nie; dat die stryd nie laat vaar is nie," waarsku hy.

Shezi is bevrees dat die ANC te vinnig vir sy ondersteuners beweeg het, wat die onderhandelingsproses nie verstaan nie.

Dit lyk asof die ANC-ondersteuners wat op grondvlak agtergelaat word, een rede is waarom die ANC nog nie daarin geslaag het om 'n behoorlike infrastruktuur op te bou nie. Die ANC worstel nog om 'n ingeligte en ontwikkelde politieke mag op grondvlak te ontplooi. "Daaroor is daar op grondvlak 'n gevaarlike leierskap-vakuum wat besig is om ernstige probleme vir die ANC te veroorsaak."

Shezi waarsku dat, omdat die ANC probeer tred hou met die snelle tempo van die onderhandelingsproses met die regering, hulle nie die sentimente van hul ondersteuners op grondvlak in ag geneem het nie.

"Terwyl die ANC tot nog toe nie hul ondersteuners behoorlik ingelig het nie, is hulle gereed vir die volgende ronde iamesprekings; dít terwyl die ANC sukkel om sy strukture gevestig te kry," sê hy.

Daarom is die Hani-toesprake vir die ANC-ondersteuners op grondvlak baie belangrik. Dit bewys aan hulle dat die ANC nie hul aspirasies vergeet het nie.

Die ANC kan daarom ook nie sommer summier toestem tot die opskorting van die gewapende stryd, alvorens hul ondersteuners nie sien en ervaar dat die situasie vir hulle radikaal verander het nie.

"Dit is dus baie belangrik dat De Klerk bereid moet wees om tot die redding van die ANC en die onderhandelingsproses te kom, hoe gouer hy die struikelblokke tot onderhandeling uit die weg ruim, hoe gouer sal die gewapende stryd beëindig word."

Shezi dink ook dat hierdie kragdadige uitsprake die politieke

> *"Hani moet ernstig opgeneem word want hy verteenwoordig die swart realiteit op grondvlak. Die sentiment van 'n gemeenskap wat opnuut verseker wil word dat die ANC nie met die onderhandelings sal uitverkoop nie; dat die stryd nie laat vaar is nie."*

posisie van Hani binne die party sal verstewig in sy beweerde wedloop om die leierskap met Thabo Mbeki.

"Wat Hani nou sê, het veel meer impak op die meerderheid van grondvlak-ondersteuners as die gemagtigde redelike en pragmatiese uitsprake van Mbeki, want Hani se woorde spreek meer tot die jeug en ander groepe wat apartheid aan hul lyf voel, terwyl Mbeki se woorde slegs aanklank vind by die minderheid van politieke volwasse ondersteuning."

Hy sê dat Hani se woorde 'n magtige impak het, want dit is nader aan die sentimente van die gewone mense en het begrip vir hul omstandighede.

"Sy aggressiewe militantheid, sy kompromistiese oproep, beïndruk die jeug. Hulle sien hom as 'n man wat slegs met 'n AK47 in sy hand sal onderhandel."

Daarom waarsku hy dat tensy die ANC daarin slaag om sy grondvlak-ondersteuners behoorlik in te lig en saam te neem in die onderhandelingsproses, daar groot probleme vir die ANC voorlê.

## Verby die lokomotief, met die grondpaaie langs, lê Theunissen met sy twee gesigte

# Een groot wit familie

**Vir die meeste mense is Theunissen 'n dorpie lewers op die Vrystaatse vlaktes tussen Kroonstad, Welkom en Bloemfontein. Dis 'n dorp met twee kante en twee wêrelde - die wit dorp met sy stewige baksteenhuise, burgersentrum en hotel, en Masilo, 'n tiplese township met afgebrande geboue, vuil strate en 'n stewige skoot plakkers. PEARLIE JOUBERT het daar gaan kuier**

AS mens eers verby Virginia is, loop die pad koeëlreguit verby plekkies, gehuggies en stasies soos Bloudrif, Welgeleë en Theron tot in Theunissen.

Theunissen lê êrens op die winterbruin Vrystaatse vlaktes tussen Bultfontein en Winburg, naby die plek waar die Sandrivierse-konvensie byna 'n eeu gelede geteken is en Boer en Brit bitterlik teen mekaar geveg het.

Lank voor die eerste geboue van Theunissen sigbaar word, steek die toring van die NG-kerk sy kop bo die vlaktes uit.

In dié Vrystaatse dorpie woon 1 300 "wit siele" en op plase in die omgewing nog sowat 1 000.

Dis 'n dorpie met grondpaaie en die Pan African Supermarket, Piet Retiefstraat en 'n nuwe burgersentrum, die Algro-Hotel en 'n "oop" kroeg vol witmense en 'n groot plakkaat in die voortuin van die eerste hoekhuis van dié dorp wat sê "Shoe/Skoene. Repairs/Herstel."

Theunissen is 'n dorp vol Vrysaatse boere met groot growwe hande, verwagtende moeders, spelende kinders en 'n eensame verkoopsman wat vroue belowe dat hy nie "snaaks met hulle sal maak nie".

Maar dis ook 'n dorp met 'n ander kant. Sowat drie kilometer anderkant Theunissen draai 'n grondpad sonder waarskuwing uit na Masilo, 'n township met 20 000 inwoners. Theunissen verwys na Masilo as "Die Swart Dorp".

En nou, sommer oomag sê die dubbel-brandewyn-en-coke-drinkers in die Algro se kroeg, het "nog 1 500 plakkers op die vlaktes doer anderkant Masilo gaan intrek".

Daar is drie goudmyne en 'n diamantmyn in die omgewing waar 12 000 wit-en swartmense werk.

Theunissen is, volgens burgemeester JC Els, wat ook die eienaar van JC Elsapteek is, een groot familie. "Ek en my vrou het dertig jaar gelede hiernatoe gekom en so lekker gebly dat ons nou nog hier is.

"Hier is nie blink liggies nie, maar dit is 'n netjiese, skoon dorp met dié hartlikheid en vriendelikheid wat mens in die stad mis. Hier is nie snags polisie-sirenes en stadsgedruis nie. Hier is die kerke en skole nog die belangrikste. As hulle my hier wil weghê, sal hulle my moet wegjaag."

In die kroeg sê iemand wat dreig indien ek sy naam noem: "Skryf jy in daai koerant - dié Theunissen-gemeenskap stink. Wit politiek het nog altyd gestink. Die KP's is in beheer van die skoolrade, en die ouers is ontevrede. Maar ek moet sê, die KP's het hard gewerk. Die NP's het gedink hulle sal, soos altyd in die verlede, beheer oor al die komitees en rade behou."

Die bibliotekaresse, ta' Toby Behr, soos almal haar noem, vertel van al die besienswaardighede van die Theunissen-omgewing. "Hier het ons ons eie wynmaker, maar dis nie 'n lekker pad om daar uit te kom nie. Jy moet verby die lokomotief ry..." en sy verduidelik met grond- en afdraaipaaie langs.

"Maar jy moet ook vir mevrou Pienaar gaan sien. Sy was al op TV oor haar ou ossewa en die antieke meubels wat ouer as 100 jaar is. Dan't sy ook ou bottels en gereedskap, koffiemeulens en porseleinware, medisyne, politoer, Huisgenote vanaf 1930 en Landbou Weekblaaie vanaf 1925."

Hoe om daar uit te kom, verduidelik ta' Toby, is ook verby die lokomotief, oor die brug verby 'n plaaswinkel waarop Groente staan, oor die Vetrivier-bruggie en verby 'n bordjie waarop 'n koei geverf is.

So tussen die beduiery deur vra sy die dorp se verkeerskonstabel hoe ver sy vrou is. "Het jy ietsie vir haar kom uitneem om te lees? Sy moet nou al redelik ver wees, nê? Wanneer kom die baba?"

Ta' Toby vertel dat Theunissen sy naam gekry het van ene Hillegardt Theunissen wat in 1860 in Riversdal in die Kaap gebore is.

Hy was 'n veldkornet en het saam met genl Piet Cronje deelgeneem aan die beleg van Ladysmith en die slag van Modderspruit. Hy het ook sy aan sy met Christiaan de Wet geveg.

Theunissen is 'n dorp wat spog met sy eie kommando. Om by die bevelvoerder van dié eenheid uit te kom, beteken ook 'n rit "daar verby die lokomotief".

"Jy sal vir luitenant daar kry - hy is deel van die meubels by die kommando-kantore," sê die kafee-eienaar.

Die kommando-kantore, een van die nuutste geboue op die dorp, het hoë lugdrade op die dak. 'n Weermag-voertuig is langs die gebou geparkeer.

*'Hier is van daai soort apartheid wat nie op wetboeke staan nie - sosiale apartheid. Vir ons sal dit nie maklik gaan nie. Ons is al te oud. Dit is nie meer ons toekoms nie - ons lewens is verby. Maar, ek het niks pyne met niemand nie.'*

Luitenant Petrus Coeraad Norval sê hy is nie in Theunissen gebore nie. "Ek het hierheen gekom as stasiemeester en is nog steeds hier. Nee, meisie, jy moet nie hiernatoe kom nie - jy's nie 'n Vrystater nie. Dié plek bind jou vas."

Norval meen dat FW en Nelson kan doen net wat hulle wil, maar "hier in Theunissen sal apartheid nog lank bestaan. Hier is van daai soort apartheid wat nie op wetboeke staan nie - sosiale apartheid. Vir ons sal dit nie maklik gaan nie. Ons is al te oud. Dit is nie meer ons toekoms nie - ons lewens is verby. Maar ek het niks pyne met niemand nie."

Twee maande gelede is die meeste besighede op Theunissen hard deur 'n verbruikersboikot getref. Sowat 95 persent van die besighede het skade gelei en die burgemeester sê sommige sakemanne het sommer vir hul jaarlikse vakansie gesluit.

Almal het verskillende verklarings oor die redes vir dié verbruikersboikot.

"Ons verstaan dit nie regtig nie. Mens kry die gevoel dat die boikot van iewers anders af gekom en hiernatoe oorgespoel het. Selfs van dié wat by ons werk, was daardeur geraak. Hulle weet ook nie eintlik waaroor dit gaan nie," sê Els. "Ek dink dit is magsgroepe en daar is groot polarisasie in die swart gemeenskap. Kyk, elkeen van hulle wat jy vra gaan 'n ander rede gee."

Norval, wat vir 26 jaar die stasiemeester op Theunissen was, sê vandag se mense is slimmer as in sy dae. "Hulle het agter gekom die pen is magtiger as die swaard - dit is mos in elk geval so dat net dom mense oorlog maak."

Hy leun vorentoe. "Die swart siele is geïntimideer deur die radikales en ons het vasgestel dat die PAC en Azapo hier in die swart dorp in beheer is. Die wegbly-aksie wat oor die Natal-geweld uitgeroep is, het nie vir Theunissen geraak nie. Dit wys mos dat die ANC nie hier in beheer is nie."

Ta' Toby verduidelik haar siening van swartmense: "Kyk, hulle word Masilo genoem en ons het nou ook gehad wat hulle die boikotte noem. Ek dink die polisie het hul deel goed gedoen.

"En jy weet, hulle het die huise in Masilo afgebrand en daar het ander goeters ook gebeur, maar ek dink nie die gevoel tussen Masilo en Theunissen is sleg nie.

"Ons het heelwat gehad wat in die laaste tyd biblioteek toe gekom het. Die biblioteek is nog nie oop nie, maar daar is van hulle wat hier wil kom aansluit en boeke uitneem. Kyk, as ons almal maar net wil kalm bly, want ons het tog bediendes in ons huise en ons is afhanklik van hulle."

Sy kyk rond of die swart vrou wat in die biblioteek werk naby is. "Met die boikotte en dinge toe hulle so die dood voor die oë gestel is, het sy en die ene wat hier in die tuin arbei, wel opgedaag vir werk.

"Hulle probeer van hulle kant af ook en het, toe dit nog donker was, geloop om te kom werk. Die witmense verstaan die boikotte, maar hulle lei skade. Vir twee weke het die swart eethuis nooit 'n ete verkoop nie."

Ta' Toby sê dit het niks met politiek te make nie. "Dit gaan oor hul lewensmiddele, en mens moet dit darem verstaan.

"Myne by die huis kon nie eens kos saamvat huistoe nie, want hulle mag niks uit die wit dorp gebring het nie. Nie eens brood nie, want hulle is vir hul eie mense bang. Hulle is selfs vir hul eie kinders bang.

"Hoe sal ek nou sê? Dis nie dat die gekleurdes vir my 'n bedreiging is nie. Ons het maar probleme met die witmense ook. Hulle sê nou die dag vir my met die swartmense by die biblioteek: nou gaan jy probleme hê. Toe sê ek, maar ons het nog altyd probleme met mense wat wegloop met die biblioteek se boeke. Dit is net makliker om dit by die blankes te soek.

Die hotelbestuurder, Gert Botha, sê dis klein groepies kinders wat 'n hele gemeenskap intimideer. "Die verbruikersboikot is nog nie regtig verby nie. Ek maak nog steeds verliese. Besigheid is nie wat dit was voor die boikotte nie. Hulle het vir die swartes gesê: As julle in die kroeg kom drink, sal ons julle daai glase maak eet."

*'Ja, die mense is bang. 'n Ander ou gaan nou die dag op vakansie en hy vat altwee sy haelgewere saam. Nou ek dink dit is stupid, maar dis soos die mense voel.'*

Oor AWB's en bewapening van witmense sê Norval: "Die wit siele het hul vrese. As daar nie apartheidswette was nie, sou dinge nooit so vinnig moes verander nie en sou mense nie nou so bang gewees het nie. Sosiale apartheid sou in elk geval sekere mense by mekaar gehou het. Dit maak mos nie saak nie - swartes, Ingelsmanne en Russe, dis mos maar mense. Ek het niks pyne nie.

"Ons is almal bewapen," sê Norval. Dié aand in die kroeg sê iemand hy het gehoor dat aansoeke vir vuurwapens by die polisie sedert Februarie verdubbel het. "Ja, die mense is bang. 'n Ander ou gaan nou die dag op vakansie en hy vat altwee sy haelgewere saam. Nou ek dink dit is stupid, maar dis soos die mense voel."

Duskant die Vetrivier het 'n boer glo sy plaas beskikbaar gestel vir vergaderings en oefeninge van die AWB. "Maar ons gaan nie soontoe nie," sê die mans in die kroeg.

"Hier is nie sprake van sulke dinge nie. Hulle het buurtwagtes hier probeer, maar dit het net vir twee weke gehou toe taan die belangstelling," sê Els.

Sowat twee maande terug het iemand twee haelgeweerskote deur die NP-LP, Piet Steyn, se kantoor geblaas. "Dit is die tandarts se gebou en hy dra nou al die skade," sê Els.

Els sê Theunissen sal nie 'n tweede Welkom word nie. "Ons is almal een groot familie. Ek dink dit is jong ouens in hul storm en drang wat daai skote geskiet het."

Onlangs het 1 500 plakkers 'n stuk grond langs die township betrek.

Norval sê hy woon "Pietsnot-alleen in my 330 vierkante-meter huis. Daar is kamers in my huis waarin ek nie eens kom nie. Ek wonder baie keer hoekom ons oupa's nie ook sulke huise agter die bult vir die werkers gebou het nie. Dit is mos nie reg nie. My huis is te groot vir my terwyl die swart siele in sulke sinkhuisies op die vlakte woon."

"Die lewe is mos maar snaaks," sê burgemeester Els. "Wie't nou gedink die Berlynse muur gaan val en al dié dinge gaan hier Suid-Afrika gebeur."




Die uitgebrande winkels van die Moiloa's in Masilo.






Die stil hoofstraat van Theunissen. Dié witdorp voel nog steeds die impak van 'n verbruikersboikot wat twee weke terug opgehef is. Dalk is dit die Pan African Supermarket wat die witmense die idee gee dat die PAC in beheer is in die die township, Masilo.

# 'So tussen die dood deur is dit seker maar oraait'

VOOR die eerste huise in Masilo, skaars drie kilometer buite Theunissen, sit twee vroue en 'n paar kinders om 'n vuur.

"Ek wil graag met die mense van Masilo praat, oor die dorp en die boikot en so aan," vra ek.

Sonder om 'n oog te knip sê die een vrou op Afrikaans: "Ons verstaan nie Afrikaans of Engels nie."

Die tweede mens wat ek sien, 'n vyftienjarige meisie wat sê sy wil model word, beduie padlangs na 'n kafee. By die kafee stuur hulle 'n kind in die straat af en ek word by 'n vertrek in verduidelik. Teen die mure is ANC-plakkate.

In Masilo sing Kris Kristofferson nie "Me and Bobby McGee" uit Lewis-Stores soos in Theunissen nie. Daar is nie Andries Pretorius- en Piet Retiefstrate nie.

Die strate is koud en verlate, 'n supermark staan leeg en afgebrand. Op die swart gebrande mure staan groot "Viva ANC" geskryf.

Dis dadelik duidelik: geen rustige gesprekke in die kroeg of knus geselsies oor die siel van die dorp gaan híér moontlik wees nie.

Die inwoners van Masilo kyk agterdogtig rond waar ek en my gids rondstap. "Ek sê vir hulle dis goed - jy is van die koerant," verseker my naamlose gids wanneer mense vrae vra. As dit nie vir haar was nie, sou niemand seker met my gepraat het nie. Die meeste inwoners verdwyn egter in hul huise wanneer ons naderstap.

My gids en die ander mense met wie ek praat vra dat ek nie foto's van hulle neem of hule name noem nie. "Dit gaan te swaar met ons en die polisie is heeltyd besig om mense op te tel," vra 'n seun van so 15 jaar oud.

"Dit is die ou-nuwe baksteen huise," vertel my gids. Ek tel so ongeveer 150 van dié ou-nuwe huise. "En daar is die heel nuutste huise waarin die rykes woon."

Die vorige aand in die kroeg vertel ek vir die manne ek gaan Masilo toe. "Ag, julle koerantmense skryf mos altyd net die slegste goeters en neem net die lelikste plekke af - onthou van die nuwe huise in Masilo. Dit is blêrrie mooi huise."

Die ongeveer 250 nuutgeboude huise ís mooi en netjies, maar wanneer mens so verby dié nuwe rooi dakke kyk, lê 1 500 plakkershuise tussen die vlakte en die teerpad.

By die nuwe huise staan 'n paar motors geparkeer en 'n man was sy motor. Tussen die plakkershuise speel honderde kinders in die motreën tussen rommel en sinkplate, honde en klippe.

*'Soms is dit seker maar oraait. Vandag is ons raadop - so baie mense is reeds dood.'*

"Ons het betaal vir die grond en nou woon ons hier teen die pad vir almal om te sien," vertel 'n seun van so 17 jaar oud. "Ons kan nie almal dié nuwe dakhuise bekostig nie."

In die kroeg in Theunissen vertel 'n wit myner vir my van die plakkers: "Ek dag dis weer Masilo wat brand - toe sien ek nee jirre, hulle het sommer oomag daar op die vlakte gaan woon."

"Baie vrouens werk in die dorp in die wittes se huise," sê 'n vrou met 'n baba op haar heup. "Ons mans is in die myne in die omgewing."

"Kyk, doer anderkant woon 'n klomp mans wat vir die treine werk," beduie sy. "Daar mag net hulle bly en dan sonder hul vrouens." 'n Ry asbeshuise, met een hek in die meters hoë drade rondom die huise, lê aan die rand van Masilo. Mans in bruin oorpakke sit rondom 'n vuur voor die huise.

Die winkel het eers aan ene Moiloa behoort, maar waar die gesin nou is, weet niemand nie. "Hulle was een oggend net weg. Die mense sê hulle is Brandfort toe - ons weet nie," vertel my gids en lag.

Ongeveer 15 jong seuns, almal lede van die Youth Congress, kom streep-streep die vertrek binne.

Ek vra wie die mense in die blou motor is wat agter my aangery het. "Dit is die Boere," sê een seun.

Oomblikke later stap twee wit mans in gewone klere met groot rewolwers op hul heupe die vertrek binne. Hulle roep die een seun.

"Dit is al weer die polisie. Hulle sê ons gebruik dié vertrek as 'n people's court."

'n Swart veiligheidspolisieman vra klomp vrae aan die seun. Hy skud net sy kop en loop verby my na binne. Die mans klim in hul blou Ford Sierra en ry weg.

In Masilo sien ek drie afgebrande huise. Die aspirant-model wat ná die vergadering met die Youth Congress saam met my rondstap, wys na haar verlate skool en sê hulle was "lanklaas in die klasse. Dit is net die laerskoolkinders wat mag skoolgaan. Die res van ons boikot."

By die winkeleienaars se huis wat onder petrolbomme deurgeloop het, krap 'n paar mense tussen die rommel rond. Hulle skreeu en verdwyn agter naburige huise toe ek foto's neem.

"Van 19 Mei af is die situasie in Masilo baie gespanne. Ons comrades is geskiet en baie mense het sommer net weggetrek. Soos jy sien is die polisie ook nog heeltyd hier - dit is moeilik om mense te kalmeer as dinge so gaan."

"Hulle is bang en wil nie hê jy moet foto's van hulle neem nie," vertel my gids op Engels. "Behalwe vir die Boere kom hier nie witmense nie.

Sedert Februarie gaan niemand in Masilo skool nie. Daar is ongeveer 61 swart skole en plaasskole met 3 055 leerlinge in die Theunissen-omgewing. Meer as 'n duisend inwoners van Masilo is werkloos.

Norval vertel hoe "kommunikasiekomitees" in 1985 en '86 gestig is om die "onlus-situasie" in Masilo te kalmeer. "Ons het al die swart onderwysers en hoërskoolkinders na die Erfenisdam geneem en met hulle gepraat oor dissipline. Daar was ook ander aksies wat ons geneem het om hul koppe te draai."

Hoewel die "wit siele in die wit dorp" sê dat daar grootskaalse politieke verdeeldheid en faksies in Masilo is, sê die lede van die Youth Congress dat die hele Masilo-gemeenskap ANC-gesind is. "Ons het geen ander organisasie hier behalwe die ANC nie. Hier is niks van die PAC of Azapo nie. Ons is net ANC."

Die hoof van die kommando op Theunissen, luit Petrus Norval, sê dit is vir die weermag en polisie moeilik om te weet wat in Masilo aangaan. "Hulle praat baie saam en hul inligting is goed. Ons wittes praat mos nie meer met mekaar nie. Ons kyk liewer televisie. Dit is moeilik om te weet wie wat in Masilo doen, want die mense verander hul name, maar die ANC's het die oorlog teen die PAC's gewen en twee mense is gewond en een man is deur die polisie geskiet en twee is doodgekap," vertel Norval.

Die inwoners van Masilo se redes vir die uitroep van die verbruikersboikot verskil heelwat van die inwoners van die wit dorp se weergawes.

Die verbruikersboikot is onder meer uitgeroep as 'n "hulpmiddel" sodat kinders terug skooltoe kan gaan. As 'n manier om protes teen die situasie in die swart skole aan te teken, is die verbruikersboikot uitgeroep, sê die mense.

*'Van 19 Mei af is die situasie in Masilo baie gespanne. Ons comrades is geskiet en baie mense het sommer net weggetrek. Soos jy sien is die polisie ook nog heeltyd hier - dit is moeilik om mense te kalmeer as dinge so gaan.'*

Moila se winkel is deur die kamerade afgebrand nadat hulle uitgevind het dat sy vrou haar motor aan die polisie geleen het. Tien kamerade is op dié manier deur die polisie gevang wat in die motor geskuil het.

"Omdat die polisie van die studente aangehou het, het die jongmense steeds geweier om skool toe te gaan," vertel die leerlinge.

*'Behalwe vir die Boere kom hier nie witmense nie.'*

Gedurende die eerste week van die verbruikersboikot het die inwoners van Masilo 'n Civic Association gestig. In 'n geveg wat kort daarna tussen die ANC en ondersteuners van Inkatha uitgebreek het, is 30 mense met hamers, panga's, knuppels en messe gewond.

"Ons kameraad, Walter Moeketsi Thahetsi, is deur die polisie geskiet. Mense wat in die hospitaal opgeneem is, is in hegtenis geneem. Dit het baie sleg gegaan.

"Ons moes onsself beskerm, maar die oomblik ás ons wou terugbaklei, het die polisie ingegryp," sê 'n seun terwyl hy oor my skouer loer na 'n motor wat verby ry.

Nog name en insidente word genoem: Tefo Matima is doodgeskiet deur die polisie, tien kamerade word vir openbare geweld aangekla, Lali Ramatlakane (hy was net dertien jaar oud) is deur die polisie geskiet, 21 mense is in hegtenis geneem en die polisie het vir Matthews Lelong doodgegeskiet.

Die polisie se weergawe van die geweld en onrus in Masilo is die volgende: dertig jeugdiges is weens openbare geweld aangekla; Walter Moeketsi is deur oproeriges met 'n panga aangeval en vermoor; Tefo Matima is dood toe die munisipale polisie op oproeriges geskiet het; altesame tien private wonings en besighede is aangeval; die dertienjarige Lali Ramatlakane is deur oproeriges in die arm geskiet; die polisie het vir Matthews Lelong geskiet toe oproeriges die polisie aangeval en daar op hulle geskiet is.

Oor die plakkers sê die mense nie veel nie.

"Ons het vir amper nege jaar lank huurgeld vir daai stuk grond betaal. Die mense wat nou op die vlakte woon, het in agterplase in Masilo gewoon."

Gevra hoe dit is om in Masilo te bly, trek die een kind sy skouers op. "Soms is dit seker maar oraait. Vandag is ons raadop - so baie mense is reeds dood."

## Wêreld

### Nuwe passasierstraler

Die Sowjet-Unie, die Verenigde State en Israel oorweeg om kragte saam te span en 'n nuwe passasierstraler te vervaardig. Dit is die breinkind van 'n Israeliese besigheidsman, Saul Eisenberg, die Britse magnaat Robert Maxwell en die Reichman-familie van Kanada. Die Sowjet-Unie sal die vliegtuig se romp en vlerke vervaardig, die VSA die enjins en Israel die navigasiestelsel.

### Nuwe regter vir hooggeregshof

President George Bush van Amerika het dié week 'n dreigende politieke rusie ontlont met sy benoeming van 'n nuwe lid van dié land se hooggeregshof.

Bush het die feitlik onbekende regter David Souter as negende lid van die hoogste wetgewende liggaam in Amerika benoem. Hoewel hy as konserwatief bekendstaan, het hy onberispelike getuigskrifte.

Sy aanstelling word as uiters belangrik beskou omdat hy 'n deurslaggewende rol en stem mag hê oor sleutelkwessies soos doodstraf en aborsie.

### Moi ondersoek skadu-kabinet

President Daniel Arab Moi van Kenia laat ondersoek instel na 'n "skadu-kabinet" wat opposisie-lede saamgestel het met die oog op die omverwerping van die huidige regering. Onder die politici wat betrokke is en wat moontlik krimineel vervolg gaan word is Charles Rubia, 'n gewese kabinetslid wat al voorheen swaarde met Moi gekruis het omdat hy 'n uitgesproke voorstander van 'n veel-party demokrasie is.

### Beperkings in Rusland opgehef

Inwoners van Rusland kan van volgende maand af hul geld vryelik op enige hartewens spandeer. Beperkings op waar Russe mag koop en hoeveel hul mag spandeer, is opgehef. Dié beperkings is in 1920 deur Lenin ingestel in 'n poging om spandabelrigheid te bekamp. Ingevoerde goedere en hoë kwaliteit-produkte wat voorheen net vir buitelanders en die party-elite beskore was, kan nou deur enige iemand gekoop word.

### Indiane protesteer oor gholfbaan

Gewapende Mohawk-Indiane rig 'n versperring rondom 'n heilige begraafplaas in Kanada op om die bou van 'n gholfbaan te verhoed. Die konfrontasie tussen die Indiane en die kontrakteurs, wat deur die owerhede gesteun word, duur nou al twee weke lank. Die Mohawks sê hulle is bereid om oorlog te maak om dié stuk grond te beskerm wat sedert die agtiende eeu al aan hulle behoort en waar geslagte voorvaders begrawe is.

### Nog 'n bom in Noord-Ierland

Drie polisiemanne en 'n burgerlike is in Noord-Ierland dood toe 'n bom in die dorp Armagh, suidwes van die hoofstad Belfast, ontplof het. Die bom het afgegaan toe 'n motor vol polisiemanne oor 'n brug aan die buitewyke van die dorp gery het. Dit is die tweede guerilla-aanval in Noord-Ierland binne 24 uur.

### Piramides in gevaar

Egipte se grootste mensgemaakte bate, die piramides en hul opgesluite en onvervangbare skatte, is besig om onder die hande van ywerige fortuinsoekers, honderde duisende toeriste en vuil water en lug te verdwyn. Uitgrawings die afgelope 70 jaar het meer skade aan die piramides aangerig as die voorafgaande 4 000 jaar. Egipte, wat sowat 'n derde van die wêreld se antieke skatte besit, gaan nou noodmaatreëls instel om verdere verwering en aftakeling te verhoed.

### Nog Kubane in ambassades

Ondanks streng veiligheidsmaatreëls, 'n reën van koeëls en doodsdreigemente het nog 32 Kubane die veiligheid van Westerse ambassades in Havana bereik. Die "uittog" na Westerse ambassades het op 9 Julie begin toe vyf Kubane skuilplek in die Tsjeggo-Slowaakse ambassade gesoek het. President Fidel Castro het gesê niemand sal op dié manier Kuba verlaat nie en die vlugtelinge as "onsosiale elemente" gebrandmerk.

### Robbe in Namibia doodgeslaan?

Die hoof van die Namibiese departement van seevisserye en bewaring, Burger Oelofse, ontken dat 50 000 robbe aan die Namibiese kus doodgeslaan gaan word. Bewaringsgroepe het reeds begin organiseer om die robbe te red indien die regering sou besluit om aanbiedinge te oorweeg vir die doodmaak van die robbe. Oelofse sê sy departement ondersoek die omgewingsimpak wat die doodmaak van die robbe sal hê en sal in die komende weke besluit of die robbe uitgewis kan word of nie. Dié robbe word blykbaar ook doodgemaak om hul genitalieë as seksopkikkers na die Ooste uit te voer.




Wasserman van Boston Globe in Newsweek

### Dreigende oorlog tussen Irak en Koeweit

Amerikaanse oorlogskepe word op 'n volle gereedheidsgrondslag in die Persiese Golf geplaas terwyl spanning tussen Irak en Koeweit ooplaai. Dié stap volg nadat sowat 30 000 troepe van Irak aan die grens met Koeweit saamgetrek het. Koeweit steun die afgelope jare vir Irak in die oorlog teen Iran, maar spanninge oor Koeweit wat blykbaar die oliepryse op die wêreldmark verlaag, veroorsaak reeds geruime tyd spanninge tussen Irak en Koeweit.

## Suid-Afrika

### Harms-getuie vermoor

'n Polisieman en beweerde lid van die moordbendes wat voor die Harms-kommissie getuig het, word vermoor. Konstabel Brian Nqgulunga se liggaam, vol koeëlwonde, word in die veld tussen Letlhabile en Ga-Rankuwa in Bophuthatswana gevind. Volgens 'n polisieverklaring is AK-47-patroondoppies naby die liggaam gevind. Konstabel Nqgulunga, wat by veiligheidshoofkwartier in Pretoria werksaam was, was van diens af toe hy geskiet is.




Fred Mouton in Die Burger, 24 Julie 1990

### KP kla Hani aan

Die Konserwatiewe Party lê 'n klag van hoogverraad teen Chris Hani, die hoof van staf van die ANC se militêre vleuel. Die klag spruit voort uit Hani se aankondiging dat die gewapende stryd sal voortgaan en die ANC mag met geweld sal oorneem indien onderhandelings misluk. 'n KP-woordvoerder oor justisie, Chris De Jager, lê dié klag in terme van Seksie 54(1) van die Wet op Binnelandse Veiligheid. Intussen doen die KP-leier, Andries Treurnicht, 'n beroep op Staatspresident FW De Klerk om die volgende ronde gesprek met die ANC wat op 6 Augustus sal plaasvind, af.

### Buthelezi daag Mandela uit

Die hoofminister van KwaZulu, dr Mangosuthu Buthelezi, daag die vise-president van die ANC, Nelson Mandela, uit om sy standpunt teenoor Chris Hani se verklaring dat hy (Buthelezi) geïsoleer moet word, te stel. Buthelezi reageer op 'n verklaring wat Hani in Transkei maak waar hy 'n beroep doen op die isolering van die KwaZulu-leier en die president van Bophuthatswana, Lucas Mangope.

### MK-lid skuil in Amerikaanse konsulaat

Bhekimusa Jabulani Ximba, wat beweer dat hy lid van die militêre vleuel van die ANC (MK) is, soek skuiling in die Amerikaanse konsulaat in Durban. Dié 38-jarige senior laboratoriumtegnikus aan die Universiteit van Zululand het die konsulaat in Smithstraat binnegestorm en die direkteur van die Amerikaanse inligtingsdiens, John Dickson, om politieke asiel gevra. 'n ANC-bron beweer egter dat Ximba vir die polisie wegkruip nadat sy vriendin, Zandile Cele, vir twee ure by die CR Swart-polisiestasie in Natal aangehou is en oor plofstof uitgevra is.

### Piet Skiet pleit skuldig

Piet "Skiet" Rudolph, wat nou reeds vir meer as drie maande die polisie ontglip, aanvaar verantwoordelikheid vir die ontploffing by die Melrose-Huis in Pretoria. Volgens die leier van die Boerestaat Party, Robert van Tonder, het Rudolph in 'n beëdigde verklaring skuld erken op dié ontploffing. Van Tonder sê dit is die tweede keer dat Rudolph aanspreeklikheid vir die ontploffing aanvaar. Die Boerestaat Party eis dat die regering vir Jan Meyer, wat in verband met die ontploffing aangehou word, vrylaat aangesien daar bewyse is dat hy nie verantwoordelik of betrokke was by die ontploffing nie.

### 'Plakkers is roekeloos'

Die optrede van mense wat op ongebruikte grond gaan plak, is onverantwoordelik en roekeloos en dit sal net tot konflik tussen die inwoners van die betrokke dorpe en die plakkers lei. Só sê die Transvaalse LUK belas met behuising en gemeenskapsontwikkeling, John Mavuso. Intussen beset sowat 120 vroue, wat sê dat hulle reeds in 1983 huise deur die Kaapland se Provinsiale Administrasie belowe is, die raadskamer van die KPA in Goodwood, Kaapstad. Die besetting volg op 'n vergadering tussen die vroue, almal inwoners van Tambo Square langs KTC-plakkerkamp, en 'n streeksverteenwoordiger van die administrasie.

### Vlugtelingsentrum oorvol

Sowat 65 vroue en kinders van die geweldgeteisterde Table Mountain-gebied naby Pietermaritzburg vlug na dié stad. Woordvoerder van die Midlands Crisis Relief Committee, Tim Houghton, sê sy organisasie kan nie meer huisvesting aan vlugtelinge bied nie omdat die vlugtelingsentrum in die naburige Edenvale reeds propvol is.

### Sebokeng-geweld

In gevegte tussen ondersteuners van Inkatha en die ANC in die Vaaldriehoek township, Sebokeng, sterf 24 mense en 45 word beseer. Adjudant-offisier Petrus Jooste van Johannesburg word tydens die geweld deur onbekende aanvallers met 'n assegaai doodgesteek. Die slagting volg na 'n vredesaamtrek van Inkatha-ondersteuners in die Sebokeng-Stadion. Die hoofminister van KwaZulu, dr Mangosuthu Buthelezi, sê in reaksie op die geweld dat dit tragies is dat daar "swart op swart geweld" in die land heers aangesien ware onderhandeling onderweg is.

### OK-werkers terug by werk

Meer as 6 000 werkers van OK Bazaars keer vir die eerste keer na sewe weke na hul werk terug nadat hul vakbond, South-African Commercial Catering and Allied Workers' Union (SACCAWU) en die bestuur 'n ooreenkoms bereik. OK Bazaars is die tweede groot supermark-tak wat 'n landwye staking met SACCAWU beëindig het.

### Bop wil deel word van Suid-Afrika

Die National Seoposengwe Party (NSP) van Bophuthatswana maak op 'n perskonferensie in Pretoria bekend dat hulle in April 'n memorandum aan Staatspresident FW De Klerk gaan oorhandig waarin hulle eis dat Bophuthatswana weer by Suid-Afrika ingelyf word.

### Oud-burgemeester eis geld van plakkers

'n Gewese burgemeester van Soweto, Ephraim Tshabalala, verskyn in die Johannesburgse landdroshof op aanklagte van die oortreding van die Wet op die Voorkoming van Plakkery. Hy staan tereg op 87 aanklagte omdat hy na bewering geld van die inwoners van die Mshenguville-plakkerdorp geëis het.

### Uitdaging aan De Klerk

Staatspresident FW De Klerk word uitgedaag tot 'n televisiedebat oor beweerde polisie-moordbendes en die Burgerlike Samewerkingsburo (BSB). Die uitdaging word gerig deur 'n Afrikaanssprekende organisasie in Kaapstad wat hom beywer vir die ontbinding van die BSB en die uitbreiding van regter Louis Harms se magte.

### Moontlike SAKP-leiers

Die leierskap van die SAKP word môre (Vrydag) by 'n kongres in Johannesburg aangewys. Na verwagting sal die leierskap drie leiers van Cosatu, asook sleutelfigure in die UDF en lede van die uitvoerende komitee van die ANC insluit. Daar word ook bespiegel dat twee wit aktiviste, Raymond Suttner en Jeremy Cronin, albei gewese politieke gevangenes wat senior posisies in die ANC beklee, ook ingesluit sal word.

### Skietery op hoofweg

Drie inwoners van Springs aan die Oos-Rand word gewond toe twee swartmans na bewering by 'n stopteken hul motors tot stilstand dwing en wild begin skiet. Die voorval het laatnag plaasgevind toe die mans in twee verskillende motors op pad huis toe was en by dieselfde afrit deur twee mans by die stopstraat geskiet is.

## Goosen se meesterlike vertelling sê:

# Ons is inderdaad almal so

**ONS IS NIE ALMAL SO NIE**
*Deur Jeanne Goosen*
*HAUM-Literêr: R16,95*

**GERRIT OLIVIER**

*ONS is nie almal so nie* is gepubliseer in *pocket*-formaat, met op die buiteblad 'n kombinasie van helderrooi, wit en swart en 'n foto van - as ek dit nie mis het nie - Sandra Prinsloo: dié Sandra aan wie die boek vermoedelik ook opgedra is.

Op die oog af lyk Goosen se jongste boek soos die verstrooiingslektuur wat 'n mens by enige hoekkafee te koop kan kry. Die populêre aanbod is ook onmiddellik sigbaar in die vertelling self, wat nie opsetlik streef na 'n "dieper" betekenis of simboliese konnotasies nie.

Vanaf die eerste sin word die leser meegesleur deur die adembenemende vaart van die verhaal. Dis die storie van Gertie en haar gesin. Die tyd is die vroeë jare vyftig, die jare van apartheidswetgewing, en die milieu dié van die Afrikaanse werker in die strewe na vooruitgang.

Goosen vat hierdie wêreld nie alleen in die beskrywing nie, maar ook in die dialoog so raak dat 'n mens die karakters hier langs jou kan hóór praat. In die poging van Doris (Gertie se ma) en haar vriende om "jolly" te wees, ontstaan daar naas die alledaagse sleur 'n gedroomde wêreld wat gedra word deur Cavallas en rum; deur Esther Williams en *Gone with the Wind*; die musiek van Richard Tauber, Nelson Eddy en Jeanette MacDonald; deur pullovers met cables en 'n rit met die Mystery Train na Camper's Paradise en 'n skreeusnaakse vakansie op Hartenbos.

Hierdie hunkering na geluk en romantiek word die sterkste verteenwoordig deur Doris, wat volgens Mietjie "uit die bioscope gekry het wat sy nie uit die lewe kon kry nie" (146). Terwyl haar man tevergeefs probeer om hom op te werk in die spoorweë, word Doris usherette by die Victoria-bioskoop - haar poging om aan 'n patriargale konteks te ontvlug, met behulp van ant Mavis en uncle Tank.

Dit alles word vertel deur die perspektief van Gertie as jong kind. Omdat sy uitgesluit is van die grootmense se geheime, bly Gertie se vertelling grotendeels beperk tot 'n helder en onmiddellike beligting van die daaglikse.

Sodoende skryf Goosen weg van die tipies literêre procédés waardeur "sin" en "betekenis" gevestig word. Ek beskou hierdie vasklou aan die oppervlak as 'n doelbewuste subversiewe statement téén 'n beheptheid met "dieper" betekenis. 'n Mens sou kan sê dat *Ons is nie almal so nie* 'n opvallend onsimboliese en onmetaforiese boek is - maar juis as gevolg hiervan 'n teks met heelwat ironie.

Die motto uit Beryl Bainbridge verraai die aanwesigheid van 'n ander dimensie: "Continually I write it down, this sense of family life. For it seems to me that the funny noises we make with our mouths, or the squiggles that we put on paper, are only for ourselves to hear, to prove there's someone there." Skryf word dus voorgestel as bevestiging van die eie bestaan, as selfvertroosting, ook miskien as 'n manier om jouself en jou eie *roots* te verken.

In die loop van die vertelling raak die leser bewus van die feit dat Gertie se "jolly" idille langsamerhand verlore gaan. Eers verloor sy haar pa, wat 'n norse en klaerige ou man word, magteloos uitgelewer aan sy asmapompie; dan sien sy hoe haar ma pateties op soek gaan na ontwykende "geluk" saam met die flambojante Barnie.



Jeanne Goosen

Gertie se verliese kom die skrynendste na vore as sy haar ma en Barnie saam in die bed betrap: "Die manier waarop hy my ma se naam gesê het, het my alleen en hartseer laat voel." (128)

Ook wanneer haar pa dood is en Barnie nie meer 'n welkome besoeker nie, keer Doris nie weer terug na Gertie se bekende wêreld nie. Sy word 'n "soeker": 'n godsdienstige fanatikus wat - met die Oupa se betigtende gees in die agtergrond - gevang raak in 'n proses van boetedoening vir die sonde en 'n soeke na helderheid.

Terwyl Doris na redding soek, word sy in Gertie se oë al hoe meer 'n verheerlikte en vergeestelikte figuur, 'n soort heilige met lang wit hare en deurskynende oë. Uiteindelik neem Doris haar afskeid van die alledaagse lewe in 'n groteske *trance* van wartaal.

Doris vind geen uitkoms uit 'n situasie waar 'n vrou in die huis hoort nie (109): as haar eksperimente met drank, sigarette en 'n minnaar eenmaal verby is, raak sy 'n dweper. En Gertie, wat telkens die aandrang kry om iemand te byt, laat haar drang botvier in 'n ervaring wat saamval met dié van haar ma. Dit is die soort "bevryding" wat die teks aan hulle bied: 'n uitbarsting sonder insig.

"Family life" soos dit in *Ons is nie almal so nie* uitgebeeld word, is 'n brose sfeer wat van binne uit verbrokkel, die onvervuldheid van mense wat nie bo hulle eie vasgevangenheid uitstyg nie. Maar daar is ook 'n sosio-politieke dimensie wat gekoppel is aan die titel.

Die woorde "Ons is nie almal so nie" word gebesig deur Doris wanneer sy vir die vertrekkende Kleurlingbure, wat deur apartheidswetgewing uitgeskuif word, 'n koek aanbied wat hulle nie wil aanvaar nie. Die rede vir haar simpatie word nooit duidelik gegee nie. Waarskynlik is dit slegs 'n vae besef van onreg - maar die vraag resoneer deur die boek en in die leser. Die res van die teks bevestig dat "ons" inderdaad almal "so" is.

Sonder dat dit gesê word of gesê hoef te word, beliggaam die vertelling die konteks van rassevooroordeel waarin apartheid sy ontstaan gehad het. Daar is sprake van 'n nuwe "goewerment", van Malan wat die "kaffers" en die "hotnots" sal "vasvat" (55), van swartes wat kinders se kele afsny en wraak gaan neem op Bloedrivier (93-94).

Dit is verregaande sentimente - maar wie het dit nog nooit gehoor nie? Vir Gertie beteken die instelling van apartheid die verlies van Gregory, met wie sy altyd deur die grensdraad gesels het. Oor hierdie vriendskap word daar byna niks gesê nie omdat die politieke konteks organies deel van die milieu en die verhaal is.

*Ons is nie almal so nie* is nie alleen 'n meesterlike vertelling nie, maar ook 'n onvergeetlike herskepping van die "land van herkoms": 'n land van manlike heerskappy en drome, 'n land waar die verontmensliking van rassevooroordeel tot in die vesel van die daagliksheid deurdring.

*Gerrit Olivier is hoogleraar in Afrikaans en Nederlands by Wits en skrywer van die boek essays "Ongerymdhede".*

# By Exclusive Books betaal jy:

**R2,04 meer**




**R3,00 meer**




**R9,06 meer**




**KOOS PRINSLOO**

**KAREL SCHOEMAN se jongste roman, "Afskeid en vertrek", kos by die Hillbrow-tak van Exclusive Books R45,05 - nege rand en enkele sent meer as by ander boekwinkels.**

**By Exclusive Books se tak in Pretoria kos die Schoeman R38,99. Drie rand meer as die kleinhandelprys wat Human en Rousseau aanbeveel: R35,99. En dan die ironie: Exclusive Books in Kaapstad vra wel die gewone kleinhandelprys.**

**Ook Jeanne Goosen se peopleboek, "Ons is nie almal so nie", kos "by ons natuurlik 'n bietjie meer," soos 'n Exclusive-werknemer in Pretoria dit stel. Ook in Hillbrow.**

**Die "bietjie meer" is twee rand vier sent: R18,99 teenoor die kleinhandelprys van R16,95. Goosen se boek, wat onlangs by HAUM-Literêr uitgegee is, se bekendstellingsparty was juis by Exclusive Books in Pretoria.**

**Selfs André Letoit se Koos Kombuis-debuut, "Paradise Redecorated", ('n Engelse Afrikaanse boek?) kos in Pretoria drie rand meer: R27,95. Maar by die Hillbrow-tak nou weer nie. Daar kos dit die normale R24,95.**

**En wat sê Exclusive Books?**

**Leonie van Rensburg, die bestuurder in Pretoria, sê hulle kry nie die afslag by Afrikaanse uitgewers wat 'n boekwinkel soos Van Schaiks kry nie en het die opdrag "van hoofkantoor" gekry om te werk op 'n 40% wins.**

**Met "Afrikaanse uitgewers" bedoel sy natuurlik Tafelberg en Human en Rousseau wat aan Nasionale Pers behoort (en aan die handelaars in hul groep, Van Schaiks, groter afslag gee) en nie Taurus en HAUM-Literêr nie.**

**Want Taurus-uitgewers, sê Gerrit Olivier, een van hul direkteure, skeer alle handelaars oor een kam - 33% afslag aan almal. Tog kos Antjie Krog se eerste Taurus-boek, die Hertzogpryswenner en CNA-kortlyser "Lady Anne", by Exclusives R23,99 teenoor Taurus se kleinhandelprys van R21,95. Die "bietjie meer" is nou R2,04.**

**Dan erken Van Rensburg dat Human en Rousseau en Tafelberg-uitgewers hulle wel deesdae die groter afslag gee - 40% soos aan Van Schaiks - maar nóg maak Exclusive Books Pretoria nie genoeg geld om hul "gespesialiseerde personeel" te kan bekostig nie, beweer sy.**

**Soos melk wat by Woolworths duurder is as by Checkers, verduidelik Van Rensburg. Jy betaal vir die gehalte en gespesialiseerde diens.**

**En wat sê Hoofkantoor?**

**Stephen Johnson, besturende direkteur van Exclusive Books, verduidelik dat hulle voorste boekhandelaars is wat 'n hoë standaard handhaaf. Om winkels en personeel van 'n bepaalde kaliber te kan bekostig, moet hulle meer vra vir boeke.**

**En dit lyk nie of kopers kla nie, voeg hy by. Inteendeel, Afrikaanse letterkunde verkoop steeds goed...**

WORK IN PROGRESS

**General Manager**

work in Progress magazine needs a skilled general manager, with experience in running an organisation, to start work as soon as possible.

Responsibilities include:

- Overall management of the organisation
- Supervision of our administrative and distribution staff
- Generating advertising revenue for WIP
- Liaison with editorial staff

The salary is negotiable. We also offer medical aid and 5 weeks' leave.

Apply in writing, with CV and two references, to:
Southern African Research Service
PO Box 32716, Braamfontein 2017

## *Vuil plesiertjies kortgeknip*

# Wellus word toe 'n lang gaap

SLIM ALLAGUI

KOPENHAGEN - Twintig jaar nadat duisende leepogiges na Denemarke begin kom het om hulle te verlustig in die nuwe beskikbaarheid van pornografie, is die land se seksnywerheid nou kortasem.

Seks-kiosks en bloufilm-teaters het oral opgerys toe die Deense parlement in 1969 alle pornografiese boeke en bloufilms wettig verklaar het. Denemarke het sinoniem geword met die porno-nywerheid en toeriste het in hul duisende na dié land gestroom om te kom kyk na wat in hul eie lande verbode was.

In die eerste jaar ná die wettiging van pornografie is drie miljoen pornografiese boeke in hierdie land met sy bevolking van vyf miljoen verkoop.

Die Stroeget, 'n voetganger-sone waar alle pornografiese bedrywighede gekonsentreer was, het die besoeker oorweldig met 'n oneindige verskeidenheid plakkate waarop wulpse vroue allerhande seks-vertonings vir elke moontlike smaak geadverteer het.

In die bloeityd van hierdie liberalisering het Denemarke in 1969 selfs die wêreld se eerste "Seks-skou" aangebied. As 'n uitvoernywerheid het pornografie selfs die landbou verbygesteek.

Maar 20 jaar later, lyk dinge bra verlep.

Enige toeriste wat nog hoop om die ou dae in die Stroeget te herleef, word teleurgestel. Die deure van die seks-kiosks is een na die ander toegespyker as gevolg van 'n gebrek aan besoekers. Van die stad se 100 rolprentteaters is daar net een wat nog bloufilms vertoon.

Die seksnywerheid het na die vuil Istedgade verskuif, 'n rooilig-distrik met 'n swerwende bevolking van dwelmverslaafdes en prostitute.

Een van die eienaars van 'n sekswinkel, wat reeds meer as 15 jaar in die bedryf is, het geen klagtes nie: "Mense verkies nou om video-kasette te koop waarna hulle tuis kan kyk," sê hy. "En dan is daar nog die uitlanders wat bereid is om baie te betaal vir dit wat hulle wil hê."

Die Dene is gewalg deur die misbruik van die liberaliserende wet wat gelei het tot smerige "live shows" en kinder-pornografie. Die regering het ingegryp en op die meer buitensporige aanbiedinge verbied.

Die sielkundige Berl Kutchinsky, 'n kenner op dié gebied, glo dat pornografie "'n rebellie teen Christelike seksuele morele is, maar dat dit ook 'n simptoom is van seksuele onderdrukking. Wanneer so 'n nywerheid floreer, is dit 'n teken dat daar 'n behoefte bestaan wat nie deur die gemeenskap bevredig word nie."

Pornografie is 'n "substituut, 'n masturbasie-kultuur", sê Kutchinsky en hy voeg by dat studies in Amerika en in Denemarke daarop wys dat dit 'n beperkte uitwerking op mense het.

Die feit dat pornografie gewone Dene begin koud laat, beteken nie dat die polisie die rol van pornografie in die samelewing so maklik ontken nie.

Tove Nielsen, 'n vrouespeurder van Elseneur noord van Kopenhagen wat lank reeds 'n oorlog voer teen gewelddadige pornografie, sê verkragters kry baie keer hul idees van seksflieks.

"Mense hier kom nie in verset teen pornografie nie, want hulle besef nie hoe diep hierdie perversie loop nie," sê sy.

"Dade van verkragting word al hoe meer gewelddadig as gevolg van pornografiese tonele. Sommige verkragters gaan selfs so ver as om hulle slagoffers te ontvoer en video-opnames van hulle te maak."

Sy stem nie saam dat pornografie 'n uitlaatklep vir seksuele sadiste is nie. "As navorsers net meer tyd daaraan wil bestee om met die slagoffers te praat, en minder tyd om na die statistieke te soek wat hulle wil hê, dan sal hulle met my saamstem."

'n Jong student, Eva, kla "jy kan nie eers 'n bottel melk gaan koop sonder om tydskrifte met kaal vroue daarop te sien nie."

Ten spyte van die besware sal pornografie in alle waarskynlikheid nie verbied word nie, maar dit sal wel terugkeer na die donker skadu's waar dit oorspronklik vandaan kom.

Deesdae, wanneer toeriste in Denemarke vra waar die sekswinkels dan is, word hulle botweg verwys - na Amsterdam. - AFP




**'n Kubaanse polisieman hou wag voor die ingang na die Switserse ambassade in Havana nadat drie Kubane by die ambassade ingestorm en vir politieke asiel gevra het.**

(Foto: AFP)


Gewaarborg elke week: sewe giggels; drie hand-voor-die-monde; twee skaam-kwade; vier sjoe!'s; twee haai-is-dit?'s; een ag-nee-magtag-man; 'n enkele sies!; drie kan-jy-nou-meer's; en ook verskeie gedoriewaars, wrinties en dêmmits. Met die gewone voorraad geslagte heilige koeie, katte in duiwehokke en klippe in die bos.



Dis nou as jy elke week inteken op Vrye Weekblad. Op jou voorstoep afgelewer. Vir net R75 vir 'n jaar of R40 vir ses maande (AVB ingesluit).

Tuisaflewerings geld al geruime tyd vir die Witwatersrand, Pretoria, die Vaaldriehoek en Bloemfontein. Lorna by (011) 497 2911 sal graag meer besonderhede gee en klagtes hanteer.

Van dié week af geld dit ook die hele Kaapse Skiereiland, Stellenbosch, Paarl, Somerset-Wes en die Strand.

Kaapse intekenare moet 'n tjek of posorder stuur aan Vrye Weekblad, Posbus 171, Paardeneiland 7420. Mev Rossouw by (021) 511 0003 sal navrae beantwoord.

**Ons is die nuwe Suid-Afrika**

Naam ______________________

Adres ______________________

____________________________

____________________________

________ Poskode __________

*'Vat die tou van my keel af'*

# Ou moordsaak bepaal Maori-grond

MICHAEL FIELD

AUCKLAND, NIEU-SEELAND - 'n Poging om die naam van 'n man wat 124 jaar gelede gehang is, in ere te herstel, het 'n eeu-oue gronddispuut tussen Nieu-Seeland se blankes en inboorlinge opnuut laat opvlam.

Amptenare soos die prokureur-generaal, David Lange, en die minister van Maori-sake, Koro Wetere, staan baie duidelik simpatiek jeens die pleidooi van die familie van Mokomoko, 'n Maori-hoofman wat in 1866 gehang is weens die moord op 'n Duitse sendeling.

Maar hierdie saak is 'n sterk versinnebeelding van die ou dispuut oor die grondregte van Nieu-Seeland se 300 000 Maori's.

Mokomoko se vonnis is deur die regering van die dag gebruik om op sowat 200 000 hektaar grond Suid-Oos van Auckland, waar Mokomoko gewoon het, beslag te lê. Die helfte van die grond is later aan sy afstammelinge terugbesorg, maar 85 000 hektaar is steeds grotendeels in besit van witmense. Indien Mokomoko se skuldigbevinding nietig verklaar word, sal dit die onregverdigheid van die beslaglegging bevestig.

In die galgkamer het Mokomoko dié nou beroemde woorde gesê: "Vat die tou van my keel af weg sodat ek my lied mag sing." Net voor hy dood is, het hy uitgeroep: "Vaarwel, julle pakehas (witmense), ek sterf sonder enige misdaad."

Die uitdrukking "neem die tou van my keel af weg" is intussen in die Maori woordeskat opgeneem as 'n gesegde vir vergelding van onreg.

Die afstammelinge van Mokomoko, wat volhou dat Mokomoko nie die moord gepleeg het nie, het verlede jaar toestemming verkry om die hoofman se liggaam uit sy graf in die tronk-begraafplaas te haal en om hom na sy stamgebied terug te neem. Vandeesweek het hulle die veldtog begin om Mokomoko se naam in ere te herstel.

'n Regsdosent, Richard Boast, sê in 'n verslag aan die regering dat dit uit hofdokumente en koerantverslae "duidelik is dat 'n ernstige dwaling van die reg plaasgevind het. Daar is te veel teenstrydighede in die hofsaak wat as basis kon dien vir skuldigbevinding.

"Dit is nou die familie se opregte hoop en wens dat daar stappe geneem sal word om Mokomoko se naam in ere te herstel."

Die Whakatohea-stam wat by die kwessie betrokke is, het die regsbank van Waitangi genader om die grond terug te besorg. Dié regsbank is 'n liggaam wat nie-bindende aanbevelings aan die regering kan maak en deur die Waitangi-Verdrag van 1840, wat Britse en Maori-setlaars tot gelyke vennote verklaar het, eerbiedig word.

Die grootste deel van Nieu-Seeland se grond en visserye word onderwerp aan eise voor dié regsbank.

Die opposisie-party in Nieu-Seeland, die Nasionale Party, wat volgens meningsopnames 'n goeie kans staan om die Oktober-verkiesing in die land te wen, het bekend gemaak dat hulle van voorneme is om die regsbank van sy magte te ontneem.

Die party probeer nie baie hard om steun onder die Maori's, wat gewoonlik vir die Arbeidersparty en op 'n aparte kieserslys vir vier Maori-setels stem, te werf nie.

Op 'n onlangse jaarkongres van die Nasionale Party het die parlementslid Simon Upton beweer dat die Maori's heeltemal te afhanklik geword het van maatskaplike steun. - AFP

# Afrika word 'n dwelm-mekka

PATRICK VAN ROEKEGHEM

LIBREVILLE - Afrika mag wel arm wees, maar dwelmhandelaars vind dit 'n plek waar groot winste gemaak kan word. Dié handelaars gebruik Afrika toenemend as basis vir hulle dodelike bedryf.

Die getal dwelmhandelaars wat die afgelope maande in Afrika in hegtenis geneem is, toon 'n skerp styging.

Kundiges sê die vraag na dwelms in Afrika is aan die toeneem. Sagte dwelms was maar nog altyd in alle lande teenwoordig, maar baie van die gebruikers neem hulle toevlug nou na die sterker middels.

Die maklike oorsteek van swak-bewaakte grense en doeane-poste wat by die meeste lughawens maar yl beman is, maak dat die kontinent 'n aantreklike plek is vir diegene wat tussen Asië, Europa en Amerika in dwelms handel dryf.

Libreville, die hoofstad van Gaboen, word gereeld genoem as die afsetpunt van Indiese dagga bestem vir die Europese mark. Verlede jaar is daar egter ook op 11 kilogram suiwer heroïen, wat van Pakistan afkomstig was, op die internasionale lughawe Leon Mba beslag gelê.

Meer onlangs is twee Nigeriërs, wat 750 gram kokaïne in hulle besit gehad het, in 'n hotel in Libreville in hegtenis geneem. Dokters in Gaboen sê hulle kry al hoe meer gevalle van "harde" dwelmverslawing.

Europeërs en Afrikane word by dié handel betrek. Franse owerhede het onlangs toegeslaan op 'n Frankryk-Afrika-netwerk van 53 persone wat die suide van Frankryk van dwelms bedien het.

Nege-en-twintig Afrikane, hoofsaaklik mense van Angola, Zaïre en Morokko, is intussen tronk toe gestuur na vonnisoplegging van tussen twee maande en drie jaar.

Feitlik die hele Afrika is deur die nuwe dwelm-mode oorval. Owerhede in die Kongo sê hulle is bekommerd oor die getal jongmense wat dagga gebruik. Volgens die Brazzaville-hospitaal het die getal psigiatriese gevalle wat deur dwelms veroorsaak is, binne 'n jaar van 30 tot 65 toegeneem.

Dr Durnad Abel Mitsontsa sê werkloosheid en armoede het kinders hul toevlug na dwelmmiddels laat neem. Nou steel hulle boonop om in hul dwelmbehoeftes te voorsien.

Een van die jong dokters het egter erken dat hy self vir meer as tien jaar reeds dagga rook en dat dit aan hom energie gee. "My werk vra baie van my." 'n Plaaslike universiteitsprofessor sê hy gebruik die middel om sy denkprosesse aan te help.

Volgens 'n aanklaer in Brazzaville, Henri Bouka, kan die toenemende dwelmverbruik ook verduidelik word aan die hand van die laks wetgewing op dié gebied.

Dit is nou eers dat die owerhede begin om nuwe wetgewing te formuleer wat voorsiening daarvoor sal maak dat dwelmmiddels waarop beslag gelê is, vernietig word en dat handelaars en verskaffers swaar vonnisse opgelê sal word.

As dié wet eers aanvaar word, kan dit die verbruik inkort, maar aan die ander kant moet kwekers hulle dan tot ander afsetgebiede wend.

Gaboen en sy buurstate het op 'n onlangse konferensie op verskerpte optrede teen dwelmhandelaars ooreengekom.

Twee dwelmkenners van die Verenigde Volke wat tans dié streek besoek om 'n verslag oor moontlike optrede saam te stel, verteenwoordig maar net die begin van 'n taai stryd wat voorlê. - AFP



'n Mongoolse seun verkoop koerante in die Mongoolse hoofstad Ulan Bator. Inwoners van dié onbekende land stem vandeesweek vir die eerste keer in 'n vrye verkiesing. (Foto: AFP)

# Die Derde Wêreld se stede het 'n tydbom geword

JEAN HOUMTONGBE

DAKAR - Die hoofstede van die meeste Derde Wêreld-lande bevind hulle in 'n ernstige krisis.

Die gesigte is reeds oorbekend en baie algemeen. Onverwerkte rioolafval word in die strate afgevoer. Plakkerdorpe rys soos paddastoele op. Lappe oorskietgrond word gebruik vir vullisstorting met 'n verskeidenheid gesondheidsprobleme wat daaruit voortvloei - om nie eers van die stank te praat nie.

Afgevaardigdes na die tweede Konferensie van Derde Wêreld-stede het in Dakar saamgestem dat sake waarskynlik van nou tot aan die einde van die eeu sal vererger.

Met die wêreldbevolking wat reeds na drie biljoen op pad is, moet oorbevolkte stede teen die jaar 2000 sowat die helfte van die wêreldbevolking huisves. Kaïro alleen huisves reeds 12 miljoen mense (25 persent van Egipte se totale bevolking) en die stad se inwonertal groei met 1 000 mense per dag. Mexiko-stad het 20 miljoen inwoners en 2 000 nuwe inwoners stroom daagliks die stad se smerige krotbuurte binne.

Professor Milton Santos van Brasilië sê die bedreiging wat Derde Wêreld-lande in die gesig staar, verg dringende oplossings. Die grootste behoefte is om die bevolkingsontploffing onder beheer te kry.

Die stedelike bevolking van ontwikkelende lande was in 1970 reeds op 675 miljoen. Kenners voorspel dat dié syfer in waarskynlik teen die jaar 2000 op twee biljoen sal staan.

Hierdie bevolkingsontploffing word aangevuur deur 'n onbeheersde uittog uit plattelandse gebiede wat hoofstede tot barstens toe vul met arm, onopgeleide mense wat vergeefs loop en soek na werk en beter lewensomstandighede. Wat hulle die meeste van die tyd wel vind, is hartseer, siekte en hongersnood.

Hoe meer mense in die stede aankom, hoe minder leefruimte is daar vir die mense. Dakar en Sao Paulo sal een van die dae nie meer 'n vierkante duim oop ruimte oorhê nie.

In Kinshasa en Bombaai is die prys van grond reeds op dieselfde vlak as dié in New York en die groot stede van Europa. Die behuisingsnood in Kaïro en Rio De Janeiro het reeds krisis-afmetings aangeneem en lei tot ernstige oorlading van die stede se vervoernetwerke. Openbare gesondheid, onderwys en ander dienste het nie meer die middele om in die behoefte van die bevolking te voorsien nie. Al dié faktore berokken verbysterende skade aan die omgewing.

'n Afgevaardigde van die stadsowerheid van Parys, Rémy Chardon, het gewaarsku dat stadsrade van Derde Wêreld-lande die ernstige probleme en risiko's wat met krotbuurte gepaardgaan, soos wanvoeding, epidemies, misdaad en prostitusie, nóú moet aanspreek.

Hy het die verspreiding van Aids en dwelmverslawing uitgesonder as die twee grootste euwels wat deur die gebrek aan huisvesting aangeblaas word. 'n Gebrek aan behoorlike sanitasie is ook 'n ewigdurende bedreiging in baie stede in die Derde Wêreld. Sonder enige behoorlike alternatiewe, gebruik die arm mense wat in krotbuurte en agterbuurtes woon maar sypaadjies, strande of enige ander plek as toilet. Gereelde uitbarstings van maagkoors, cholera, lewerontsteking en ander siektes is 'n teken van die ewigdurende bedreiging wat dié siektes inhou.

Assane Seck van Senegal, skrywer van 'n studie oor stedelike beplanning en bestuur in Afrika, sê: "Afrika-stede sit met 'n las wat selfs hulle regerings nie kan dra nie." Volgens Seck leef die stedelike armes in 'n toestand van toenemende onsekerheid en vrees. In hulle wanhoop, begin hulle eers steel, en dan neem die mense hulle toevlug tot geweld en vandalisme. Dit is 'n bose kringloop.

Die meeste van die burgemeesters wat in Dakar byeengekom het, glo dat daar 'n beroep op die inwoners van die stede gedoen moet word om self 'n behoorlike rol te speel in die aanspreek van hierdie krisis.

Regerings moet desentraliseer en openbare geriewe moet meer doeltreffend beheer word.

Maar die harde werklikhede sal enige oplossing 'n baie moeilike een maak. - AFP

*Waarheid is die beste medisyne*

# In 'n land van haat en geweld moet ons nou genees en versoen

**Suid-Afrika het 'n land geword waar dit maklik geword het om te haat en te vergeld. Terselfdertyd word versoening en genesing al hoe moeliker in 'n tyd van ekonomiese, politieke en opvoedkundige krisisse. Tog glo dr BEYERS NAUDÉ, bekende teoloog en lid van die ANC se onderhandelspan, dat die situasie nog gered en omgedraai kan word. Hier is uittreksels uit sy onlangse toespraak voor die Instituut vir Kontekstuele Teologie in Durban.**



ONS staar vandag 'n krisis in die gesig wat veroorsaak is deur eeue van 'n goedbeplande beleid wat die meerderheid van die bevolking hul regmatige politieke en sosiale regte ontneem het en hul ekonomiese groei beperk het. Veertig jaar van apartheid en onderdrukking het die krisis geskep waarin Suid-Afrika hom nou bevind.

Apartheid is besig om voor ons oë te sterf, maar dit gaan nog baie lank neem om dit te begrawe. Die tuislandbeleid waarop dit gebou is, is besig om te verkrummel, die ekonomiese stelsel wat uitgewerk is om witmense te verryk word lamgelê deur staking na staking en die opvoedkundige bestel wat nog altyd wit onderwysstandaarde bevoordeel het, is by breekpunt omdat miljoene jongmense in 'n staat van frustrasie, woede en ongeduld leef omdat geen oplossing na vore kom nie.

*'Geweld maak geen onderskeid tussen ras, klas, geslag of godsdiens nie.'*

'n Verdere aspek van die krisis is die onversoenbaarheid tussen die huidige politieke onregmatighede en die wettige eise van die mense. Veral die jeug het by 'n punt gekom waar hulle nie bereid is om langer te wag nie. Hulle wil nou hul politieke regte hê!

Op die ekonomiese terrein word ons bedreig deur 'n krisis van enorme werkloosheid waar tussen 3,5 en ses miljoen mense sonder werk is. Dit skep die moontlikheid van 'n totale ramp.

Om gelykheid in onderwys te realiseer, sal 'n toename van twee tot drie keer die huidige onderwysbegroting beteken. Die gaping tussen realiteit en verwagting is byna onoorbrugbaar.

Sowel die wit as die swart gemeenskappe sal hulself moet voorberei vir groter finansiële bydraes deur ouers en die gemeenskap. Dié krisis word vergroot omdat sowat 40 persent van swart onderwysers nog nie hul eie sekondêre skoolopleiding voltooi het nie.

Behuising het sulke krisisafmetings bereik dat dit dekades kan neem voordat daar aan die behoefte aan behuising voldoen kan word. Volgens die Stedelike Stigting word 1,5 miljoen huise in die Suid-Afrika vir swartmense benodig. Honderde duisende swartmense woon tans in plakkerkampe.

Om 800 000 huiseenhede te bou, sê die Stedelike Stigting, gaan R16 000 miljoen kos. Watter regering in Suid-Afrika gaan dit ooit kan bekostig?

Die huidige krisis veroorsaak vrees en onsekerheid onder blankes. Die minderheid weet hul is besig om politieke mag te verloor. Hierdie vrees en agressie manifesteer homself nie net in alle vorme van geweld nie, maar ook in toenemende fisiese en psigiese siektetoestande, diefstal, korrupsie, selfmoord en egskeidings.

Die sosiale samestelling van ons hele gemeenskap is besig om te disintegreer. Daaruit vloei 'n morele disintegrasie wat 'n swart toekoms voorspel. Wanneer mense sê hul praat die waarheid maar niemand glo dit meer nie, wanneer mense sê hul enigste strewe is vrede en niemand glo dit meer nie, wanneer byna alles wat mense in gesagsposisies sê bevraagteken word, dan weet ons die oordeelsdag oor hierdie land is veel nader as wat ons besef.

*'Wanneer mense sê hul praat die waarheid maar niemand glo dit meer nie, wanneer mense sê hul enigste strewe is vrede en niemand glo dit meer nie, wanneer byna alles wat mense in gesagsposisies sê bevraagteken word, dan weet ons die oordeelsdag oor hierdie land is veel nader as wat ons besef.'*

Ons land is in 'n spiraal van geweld vasgevang. Daar is op alle vlakke konflik: tussen Inkatha en die UDF/ANC in Natal, die regses en die AWB, die onopgeloste konflik tussen die ANC en die PAC en polisie-geweld wat steeds voortgaan.

*'Ek is baie deeglik bewus van die noodsaaklikheid van versoening en genesing: swartmense teenoor witmense, swartmense teenoor mekaar en ook witmense met mekaar.'*

Suid-Afrika het 'n gewelddadige land geword. Dit is besig om ons land en sy mense te verteer. Uiteindelik gaan almal hieronder ly en die slagoffers van bloedvergieting word.

Geweld maak geen onderskeid tussen ras, klas, geslag of godsdiens nie. Gebeure in die gemeenskap dui daarop dat geweld besig is om 'n integrale deel van ons bestaan te word en indien daar nie nou iets gedoen word nie, gaan die situasie net versleg.

Daar is sekere basiese erkennings wat gemaak sal moet word voordat ons hierdie krisis kan oplos. Eerstens sal die huidige minderheidsregering moet erken dat hy nie die ware gevoelens en aspirasies van die meerderheid verteenwoordig nie.

Wat die ANC betref, kan ons aanneem dat hulle in hierdie tydperk van onderhandeling die belange van die meerderheid verteenwoordig. Die Freedom Charter geniet wye steun in die gemeenskap.

Die Freedom Charter is in ooreenstemming met die basiese beginsels van 'n demokratiese bestel omdat dit die basiese sosiale regte van almal erken. Die Charter beskerm en verseker die mees basiese regte in ooreenstemming met die Verklaring van Menseregte van die Verenigde Volke.

Tweedens moet die huidige regering erken dat daar 'n dringende behoefte is om soveel vorme van politieke, ekonomiese, opvoedkundige en sosiale ongeregthede so vinnig as moontlik te verwyder. 'n Besliste belofte moet van die regering verkry word dat hy nou aan hierdie vereiste sal voldoen.

Om die krisis te besweer, sal alle politieke bewegings sodanige regeringsoptrede moet ondersteun. Dit sal die fondamente lê vir 'n nuwe gees en benadering.

Daar moet verder 'n erkenning van skuld wees van daardie wat deur middel van apartheid soveel lyding en pyn aan soveel onskuldiges veroorsaak het. Sonder so 'n erkenning sal dit nie moontlik wees om vorentoe te beweeg en 'n nuwe verhouding van vertroue en vergifnis te skep waarop die toekoms gebou kan word nie.

Daar is 'n besliste gevaar vir enige nasie om vir tien, twintig of dertig jaar met 'n onerkende skuld te leef. Die sielkundige gevaar kan vernietigend wees en die basis lê vir allerlei vorme van konflik in die gemeenskap.

Die krisis kan alleen verhoed word deur die fundamentele politieke verandering van 'n onderdrukkende minderheidsregering na 'n erkende en wettige meerderheidsregering. Hierdie is die heel belangrikste vereiste van almal. Enigiets minder as dit sal nie die krisis kan oplos nie.

*'Soos nog nooit vantevore nie, moet ons die hele wese van ons geloof aanspreek. Ons moet nou ons geloof en hoop bewys.'*

Apartheid kan nooit hervorm word nie. Dit moet heeltemal vernietig word. Debatte moet nou gevoer word oor moontlike vorme van demokrasie, maar die beginsel van die wil van die meerderheid is nie onderhandelbaar nie.

Daar moet 'n besliste stap in die rigting van betekenisvolle ekonomiese hervorming geneem word. Dit vereis 'n ernstige herverdeling van grond, 'n behoorlike verdeling van natuurlike bronne en rykdom en intensiewe hulpprogramme om mense beter op te lei.

*'Soos nog nooit vantevore nie word alle Christene in Suid-Afrika met 'n baie spesifieke uitdaging gekonfronteer: glo jy in die krag van versoening en rekonsiliasie?'*

Stappe moet onmiddellik geneem word om 'n opvoedkundige stelsel te skep wat aan die behoeftes van alle studente en skoliere sal voldoen. Dié stelsel moet dieselfde vir al ons kinders wees, dit moet nie-rassig wees en dieselfde geleenthede aan elkeen bied. Indien hierdie vereiste nie aangespreek word nie, kan die hele stelsel van swart onderwys in duie stort.

'n Nasionale gesondheidstelsel moet so vinnig as moontlik geskep word. Huidige mediese geriewe moet nou aan almal beskikbaar gestel word. Indien die bevolkingsontploffing nie gou aangespreek word nie, gaan ons mekaar teen die jaar 2000 versmoor.

Ek is baie deeglik bewus van die noodsaaklikheid van versoening en genesing: swartmense teenoor witmense, swartmense teenoor mekaar en ook witmense met mekaar. Ons het 'n land geword waar dit maklik is om te haat en wraak te neem en waar dit al hoe moeiliker word om te versoen en te vergewe.

Ek dink aan die woorde van Albie Sachs, 'n kommunis: "Ons kan nie 'n nuwe Suid-Afrika bou op grond van manipulasie en leuens nie. Ek moet genees word. Ons moet almal genees word. En die blootstelling aan die waarheid is die beste medisyne."

En ek dink aan dié woorde van 'n lid van die BSB: "Ek was 'n baie goeie soldaat. Ek het my taak teen die vyand goed verrig. En ek sal dit weer doen vir enige regering wat my betaal."

Hoe reageer 'n mens hierop? Soos nog nooit vantevore nie word alle Christene in Suid-Afrika met 'n baie spesifieke uitdaging gekonfronteer: glo jy in die krag van versoening en rekonsiliasie?

Indien wel, hoekom is daar soveel bitterheid, woede, frustrasie en haat in 'n land wat hom op sy Christelike beginsels roem?

Soos nog nooit vantevore nie, moet ons die hele wese van ons geloof aanspreek. Ons moet nou ons geloof en hoop bewys.

**Het u enige probleme met die tuisaflewering van Vrye Weekblad?**

Skakel gerus die maatskappy wat die verspreiding namens ons doen met enige navrae of klagtes. As u in die PWV-gebied of Bloemfontein woon, skakel (011) 497 2911 en praat met Michelle, Pamela, Patricia, Marilyn, Adele of Rene. As u in die Kaapse Skiereiland, Strand, Somerset-Wes, Paarl of Stellenbosch woon, skakel (021) 511 0003 en praat met mev Rossouw. As u daar nie regkom nie, bel ons gerus regstreeks by (011) 836 2151 en gesels met Kee-Leen, Cathy of Peppy.

## Steeds maar net 'n masker vir die apartheidstelsel

# Behoed ons van dié nagmerrie...

**VIR elke onderwyser in die nuwe Suid-Afrika lê daar 'n geweldige uitdaging: om onderwys vry te maak en mense te leer. Tog bestaan die nagmerrie dat iemand eendag op 'n verhoog sal staan en dieselfde van "People's Education" sê wat van die huidige bestel geëis word: skaf dit af en gee ons ware onderwys. DR ALBERT WEIDEMAN van die Stedelike Stigting kyk in dié belangwekkende stuk na die uitdagings van die onderwys in 'n nuwe bestel**

IN 'n ontleding van die onderwyssituasie in Suid-Afrika, kom vier eienskappe van onderwys, veral in skole, sterk na vore.

Eerstens is daar fragmentasie en 'n gebrek aan koördinasie en samewerking. Daar is 'n feitlik oorweldigende gevoel dat 'n mens maar net moet aanvaar dat dit baie moeilik, en heel waarskynlik onmoontlik, sal wees om die stukkies aparte burokrasie weer saam te voeg.

In die tweede plek word Suid-Afrika se onderwys gekenmerk deur die onvermoë om die kritieke sake in die voorsiening van onderwys, die kroniese tekorte en die ongelykhede wat inherent is aan die stelsel, aan te spreek. Dit gaan saam met 'n klaarblyklike onvermoë om vir verandering te beplan - wat soms lei tot drastiese veranderinge wat van bo af deurgevoer word en wat onaanvaarbaar is vir die meerderheid van die gebruikers van die stelsel.

Dit gebeur ook telkens dat die kroniese tekorte en ongelykhede lei tot 'n oorgawe aan die probleme. Dit lei tot 'n derde kenmerk van die huidige onderwys-situasie, naamlik dat daar nie 'n wil is om probleme op te los nie.

Die beste voorbeeld hiervan is waarskynlik die afskaf van die tienjaar plan om die voorsiening van onderwys op alle vlakke gelyk te stel - en daarmee saam die stilswyende erkenning dat afsonderlik nooit gelyk kan wees nie.

In die vierde plek hoor ek dat ontleders van die onderwys in Suid-Afrika sê die situasie word gekenmerk deur gesagsliggame in alle aspekte: bestuur, administrasie en die onderwys self.

Hoe het dit gebeur dat ons in hierdie onbenydenswaardige posisie beland het? Die antwoord is vir baie van ons reeds lankal duidelik - Suid-Afrikaanse onderwys bevind hom in hierdie verknorsing as gevolg van die skade wat apartheid aan die stelsel berokken het. Die gemors is nie iets wat skielik op 'n dag gebeur het nie - dit is die gevolg van jare, dekades en selfs eeue van koloniale ontmagtiging.

Ek het nie nodig om in die geskiedenis van apartheidsonderwys te gaan dwaal nie, daar is belangriker sake wat aandag verg. Maar wat ek wel moet uitwys, is dat apartheid 'n stelsel is wat ideologies aangedryf word. Hoewel dit 'n sagter vorm aangeneem het na die De Lange-verslag en die reaksie van die regering daarop in 'n witskrif, het dit steeds ideologiese oogmerke.

Peter Buckland wys in die publikasie Apartheid and Education dat die stelsel vóór die De Lange-verslag gedomineer is deur nasionalistiese ideologie wat gekant was teen modernisering, terwyl dit ná De Lange die tegnokratiese leuse van wetenskaplike beplanning, doeltreffendheid en beheer bygekry het.

Aan die ander kant is dit egter geen geheim nie dat die huidige burokratiese stand van sake, ten spyte van sy tegnokratiese retoriek, maar net 'n masker is vir die apartheidstelsel.

Die vraag is nou: kan ons die toekoms tegemoet gaan met die strategieë van die verlede?

Die toekoms sal sekerlik gekleur word deur ons vorige reaksies op die stelsel. Een so 'n reaksie was "people's education". Dit word gekenmerk deur die inhoud van leerplanne, en in die ommekeer in die ingeboude onderdrukking in die materiaal wat gebruik word. Dit word ook gekenmerk deur 'n kritiese beskouing van die outoritêre metodes en houdings van die verlede. Derdens word dit gekenmerk deur die feit dat die onderwyser 'n verantwoordelike agent gemaak word - 'n professionele wese in eie reg, maar terselfdertyd iemand wat hom/haarself met die daaglikse stryd moet vereenselwig.

*'Ek weet egter dat mens nie net van weerstand alleen kan leef nie. Met ons oë op die toekoms, en 'n demokratiese vooruitsig daarby, moet ons 'n paar vrae vra wat tot onlangs nog ongemaklikheid veroorsaak het, soos: hoe bou ons ons oorwinning uit na vooruitgang?'*

Randall van den Heever het egter in September verlede jaar in 'n toespraak voor 'n massa-vergadering van onderwysstudente gesê: "wanneer mens praat van die onderwyser in die klaskamer,.. is die kruks van die saak nie hoeveel die onderwyser in algemene terme roem op sy steun vir die stryd nie, maar wat hy doen wanneer hy voor sy klas staan."

Van Den Heever praat hier van die onderwyser wat persoonlik verantwoordelikheid aanvaar vir sy optrede. Dit maak nie saak hoe stem ons met die doelstellinge van die massabewegings saam nie, dit is wanneer ons as onderwysers vóór ons klasse staan wanneer ons die grootste toets moet deurstaan.

Dit is daarom teleurstellend wanneer ek na konferensies gaan en na debatte luister, dat ek die mees outoritêre onderwyser hoor sê dat hy sy gewig ingooi by die doelstellinge van "people's education". Aan die ander kant is daar die onderwyser wat deur die gebruik van geëmansipeerde onderwysmetodes sy klaskamer omskep in 'n vrygemaakte sone - ongeag die onderwysstelsel waarin die onderwyser hom bevind.

Die onderwyser se optrede is van kardinale belang. Indien die onderwyser nie persoonlik verantwoordelikheid aanvaar nie, kan daar nie sprake wees van mag nie. Of, om die sakie verder te neem: mag sonder verantwoordelikheid is geweld en dwang. Wanneer die onderwyser homself op so 'n wyse handhaaf dat die onderwysmetode nie vrygemaak word nie, dan is daar nie opvoeding ter bevryding nie.

Ek het 'n nagmerrie dat iemand eendag op 'n verhoog gaan staan en 'n massa-vergadering dieselfde van "people's education" sal vertel as wat ons nou van apartheidsonderwys sê - dat dit nie hervorm kan word nie en dat dit afgeskaf moet word.

Ek en dr Neville Alexander het al tevore voorgestel dat daar by die Vryheidsmanifes bygevoeg moet word: "Die mense sal leer".

Nou dat ons na die toekoms kyk, en bevryding al hoe nader kom, beweeg ons van 'n fase van weerstand na 'n fase waar die nuwe gebou moet word; en moet ons ons houdings en strategieë ondersoek.

Die tradisie waar ek vandaan kom, eggo die kultuur van weerstand, protes en die gewapende stryd. Ek weet egter dat mens nie net van weerstand alleen kan leef nie. Met ons oë op die toekoms, en 'n demokratiese vooruitsig daarby, moet ons 'n paar vrae vra wat tot onlangs nog ongemaklikheid veroorsaak het, soos: hoe bou ons ons oorwinning uit na vooruitgang? Hoe betrek ons die blanke onderwysersverenigings, selfs dié wat niks met ons te doen wil hê nie? En op hierdie trant, is daar nie 'n strategiese geleentheid in die feit dat waarskynlik nie meer as 20 persent van die onderwysers wat inheemse tale by blanke skole aanbied, self die betrokke taal kan praat nie?

Met ons oë op die toekoms, moet ons ook vra hoe ons, as onderwysers, opvoeding na buite die skole sal neem, soos wat die Vryheidsmanifes voorstel. As onderwys moet vrymaak, dan kan dit nie net tot die skool-konteks beperk word nie.

Om trots te wees op dit wat jy bereik het, is slegs maar die eerste tree op die toekomspad. Daarom moet daar gevra word: hoe versterk jy die organisatoriese voorsprong wat behaal is?

*'Die onderwyser se optrede is van kardinale belang. Indien die onderwyser nie persoonlik verantwoordelikheid aanvaar nie, kan daar nie sprake wees van mag nie. Of, om die sakie verder te neem: mag sonder verantwoordelikheid is geweld en dwang.'*

Ons staan op die internasionale verhoog, en wat ons nou in Suid-Afrika doen, is 'n besondere drama vir ons wêreldgehoor. Ons optrede is van kardinale belang. Op hierdie verhoog kan ons keuse van geweld bo mag, ons gehoor van ons vervreem wat andersyds simpatiek teenoor ons gestaan het.

Ons doel is 'n demokratiese toekoms. Ek wil graag glo dat ons nie onsself of ons internasionale gehoor sal teleurstel nie.

*(Dr Albert Weideman is onderwysprojekbestuurder van die Stedelike Stigting in die Vrystaat. Dié artikel is 'n verkorte weergawe van sy toespraak by die Nasionale Kongres van Neusa.)*

# *Die winter van 1989 - Onthou u dit nog?*




DIE wintervakansie is vir baie, baie wit Suid-Afrikaners 'n tyd langs die Natalse kus met jou voete tussen die sardientjies en vroegoggend met die vistermanne aan die gesels.

Of in die Laeveld of die bosveld langs 'n kuiervuur. Want die nagte is lank en die sterre skoon nadat 'n mens daglank tussen die bome rondgeloop het.

Maar vanjaar kuier almal anders, lyk dit my. Waar jy ook al verneem, is die gesprek aan die orde van die dag dié een oor waarheen ons op pad is. Of wat ons besig is om weg te gooi. Oor die era van alleenbesit wat verby is en die een van walgooi wat voorlê.

Want hierdie winter is een wat ons nog nooit geken het nie, en, hoe wie ook al raas en blaas, die laaste van sy soort.

En hoe oneindig ver lyk die winter van 1989 nie nou nie, toe daar nog die laaste roeringe rondom die einde van die P.W. Botha-tydperk aan die gang was? Hoeveel sekerhede was daar nie terwyl mense gepraat het van onsekerhede nie? (Onthou iemand nog dat F.W. de Klerk gesien was as die "verkrampte" kandidaat? Hier in die Verre Noord-Transvaal het regse Nasionaliste regop gesit van verligting toe hy die paal gehaal het ...)

Die winter van 1989... Onthou u nog?

Die Afrikaanse skrywers wat gaan gesels het met die uitgeweke skrywers en mense van die ANC by die Victoria-waterval in 'n samekoms wat die Nasionale koerante as 'n "traneberaad" bestempel het, en nog een van die nuttelose safari's om met die ANC te gesels.

Julie 1989, toe gevangene Nelson Mandela in 'n opsienbarende tronkverklaring hom vir vrede diensbaar gestel het, en die vrylating van Sisulu alreeds meer as net 'n vae gerug was.

En twee verkiesings het voorgelê. Septembermaand s'n hier by ons - "die laaste wit verkiesing" het beide die regses en die sogenaamde linkses geprofeteer.

*'Want hierdie winter is een wat ons nog nooit geken het nie, en, hoe wie ook al raas en blaas, die laaste van sy soort.'*

Dit was 'n verkiesing waarin die KP gedoen het wat hy gesê het hy sou, die DP bewys het dat daar genoeg bekeerdes is en die NP met sy "doublespeak" vir oulaas die mense bedrieg het. Dit was die verkiesing waar 'n boer met koue oë vir my gesê het hy bêre 'n koeël in sy sak net vir my.

Anderkant die Oranjerivier en die Kalahari-Gemsbokpark het die mense van die ou Suidwes-Afrika begin registreer vir die groot verkiesing wat Namibia se onafhanklikheid sou beteken en die einde van die voorlaaste wit magsgreep in Afrika.

Almal, behalwe die Afrikaanse pers, het in Julie geweet dat Swapo die verkiesings gaan wen, maar baie het getwyfel dat die oorgang tot die nuwe republiek so goed sou verloop. Kennisse van my het "vir oulaas" in Suidwes gaan jag.

(Toe ek hulle laasweek soek, verneem ek dat hulle weer soontoe is. Snaaks hoe kort mense se geheue is en hoe plooibaar hulle voornemens. "Die mens is aanpasbaar," skryf Breyten Breytenbach, "in stiller betragtinge as jy maanhelder sien hoe alle alternatiewe lei na die donker see".)

En oorkant die waters het niemand kon droom hoe onherroeplik ook daardie wêreld wegsterf nie. Perestroika en glasnost was toe nog net modewoorde van die kommuniste wat jy agter elke bos nie kan vertrou nie; Suid-Afrikaners oorsee het die reis Wes-Berlyn toe gemaak om ander mense se mure te sien.

Daar was stoeppraatjies ook, onthou u? Die Groot Karwats wat sou geslaap het op die deurmatjie van Jani Allan, ewe belaglik, ewe onwaarskynlik, ewe séér as hierdie Julie se stories van die plastiekroos Bles en die Vinger van God Boesak. Net dit, so lyk dit my, verander nie.

Gesels ek laataand se maan met die jagters of vroegoggend met die windverwaaide binnelanders langs die donker diepdam, weet almal van ons dat daar tussen hierdie winter en volgende jaar se Julie nog groter vlaktes oorgesteek en blinker visse sand toe gesleep gaan word.

As ons net geweet het, nou reeds, hóé.

*Vrye* **Weekblad**

## Oorlogspraatjies

Chris Hani, stafhoof van die ANC se militêre vleuel, se oorlogspraatjies het dié week ernstige kommer laat ontstaan oor die toekoms van die onderhandelingsproses.

Miskien het baie mense oorreageer, en miskien moet 'n mens 'n tree terug staan en die situasie koelkop bekyk.

Senior ANC-mense gee die versekering dat die oorlogspraatjies nie beteken dat die ANC nie absoluut verbind is tot die huidige proses van onderhandeling nie.

Hulle sê as 'n mens mooi na Hani geluister het, sou 'n mens opgemerk het hy praat nie van 'n verskerping van die stryd in die huidige omstandighede nie. Hy sê die oorlog sal hervat word as die Nasionale Party hom aan die huidige onderhandelinge onttrek.

Dit was die ANC se beleid van 1961 af: hulle sal die wapens opneem om die wit regering te verplig om te onderhandel vir 'n skikking wat die meeste landsburgers tevrede stel.

Die ander perspektief wat dié leiers gee, is dat die gewone swartmense nog min van die "nuwe Suid-Afrika" aan hul vel gevoel het. Daar is 'n regse terreurveldtog, telkens gemik op swartmense, aan die gang; die polisie se oordadige geweld tydens konfliksituasies het vererger eerder as verbeter; en nou is daar boonop die wye vigilante-aanvalle op ANC-aktiviste wat, so glo hulle, met die kondonering van die polisie geskied.

Dit is dié mense, veral die werkers en die jongmense, wat moeilik aanvaar dat die "stryd" nou verby is en almal moet terugsit en wag vir 'n onderhandelde oplossing.

As die ANC dié sterk basis verloor, sal die huidige onderhandelingsproses in elk geval nie veel beteken nie, want dié elemente sal dan daarbuite staan.

Dit is nie 'n heeltemal onverstaanbare en onredelike verduideliking van die huidige oorlogspraatjies nie. Ons hoop van harte President De Klerk en sy kollegas, ook dié met beheer oor die veiligheidsmagte, verstaan dié argumente en doen iets daadwerkliks daaraan.

Maar die ANC sal nou moet begin besef daar is ook 'n ander probleemgroep in ons samelewing: bevreesde, verwarde blankes.

Hani se uitlatinge was vir die politici wat dié mense verder probeer aanpor, 'n buitengewone bonus.

## Randburg

Die tussenverkiesing wat in Randburg voorlê ná die bedanking van Wynand Malan is soos 'n onverkwiklike herinnering aan iets onaangenaams uit die verlede.

'n Afrikaanse dagblad het vandeesweek dié versugting laat hoor: "Onthou daar is lewe ná die tussenverkiesing. Moet dus nie so veg dat dit agterna moeilik is om hande te vat nie."

Ons wil verder gaan. Is dit nie in almal se belang dat die tussenverkiesing glad nie gehou word nie?

As wit politieke party is die Demokratiese Party so min of meer verplig om sy setel te verdedig. So ook die regerende Nasionale Party, wat redelik seker is van 'n oorwinning.

Nou is daar 'n goeie kans dat die Konserwatiewe Party en/of ander ver-regses ook sal wil deelneem om 'n indruk te maak in 'n tyd wat sekerlik gunstig moet wees vir hul soort politiek.

Die resultaat kan net wees 'n tipiese ou wit tussenverkiesing.

Dit hoort nie in die nuwe klimaat wat die leier van die Nasionale Party grootliks self hier geskep het nie.

Die NP en die DP is albei tans in 'n grys gebied. In reële terme is daar geen werklike verskille tussen wat die topleiers van die twee partye vir die toekoms wil hê nie - 'n veelparty-demokrasie in 'n oop, nie-rassige gemeenskap.

Maar 'n tussenverkiesing sal die twee kante verplig om verskille te soek en dit is amper onvermydelik dat die NP sy gewone refleks-reaksie sal toon deur die DP van linksgesindheid en oorvriendelikheid met die ANC sal beskuldig.

Die KP sal weer die NP van uitverkopery van die blanke beskuldig, en die NP sal waarskynlik weer nie homself kan help om dit te beveg met teenargumente dat dit tog die party vir blankes en Afrikaners is nie.

Intussen sal dié Suid-Afrikaners wat nie stemreg het nie, weer 'n gevoel van deja vu kry en sal hul gevoel versterk word dat niks werklik verander het nie.

Suid-Afrika kan dit nie bekostig nie.

Dit is nie regtig belangrik wie die parlementslid vir Randburg is nie, of dat Randburg vir 'n tyd lank glad nie 'n parlementslid het nie. Malan is klaar nie meer hul verteenwoordiger nie, en in Randburg gaan dit nog goed, dankie.

As die DP en die NP saamstem en die regering het die politieke wil, sal 'n weg gevind word om dié tussenverkiesing op die lange baan te skuif totdat ons land se (gesamentlike) grondwetlike bestel uitgewerk is.

## *So sê hulle...*

"Well we think you'd better wait until you wear long trousers!" - Die reaksie van die Johannesburgse Kommuniste Party toe Joe Slovo in sy vroeë tienerjare by hulle wou aansluit.






**BRIEWE**

***Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 177, Newtown 2113. Of bel met jou mening na (011) 836-2151.***

# Video's vir wit en swart

**Denise van Sunnyside skryf:**

Ek en my man het verlede Sondag (1 Julie) by 'n video-winkel naby ons woonstel in Sunnyside ingegaan om pryse uit te vind. Terwyl ons daar was, het 'n swart man gevra hoeveel dit sal kos om 'n video uit te neem. Die student agter die toonbank het vir hom gesê dat dit R150-00 "membership fee" is voordat enige video's uitgeneem mag word. Nadat die welgeklede swart man die winkel verlaat het, vra ons die student toe wat is die saak van die aansluitingsfooi, want R150-00 is baie. Hy antwoord ons toe: "Moenie worry nie, ek is gesê om dit vir hulle te sê. Julle hoef dit nie te betaal nie".

Die nuwe Suid-Afrika het nog 'n lang pad om te loop. Kan mens nie sulke plekke se name bekend maak nie? Miskien is daar tog mense wat omgee.

Die winkel was Video 3000 in Meintjiesstraat, Sunnyside.

*(Vrye Weekblad plaas met groot graagte die name van besighede en instellings wat nog apartheid toepas. - Redakteur)*

## TV-noenmaal

**Willie Lubbe skryf uit die Strand:**

Laat my asseblief toe om deur middel van u blad die jongste malperd wat die SAUK opgeklim het, onder die aandag van u lesers te bring. Die SAUK is nie tevrede om die renperdbedryf met R1 miljoen te borg nie, maar dit gaan nou oor Sondagskending op TV4.

'n "Nuwe Junior Sport Skou" word nou tussen 1 en 2 nm. in die publiek se keelgate afgedruk - juis wanneer die huisgesin soos gebruiklik saam stil hul middagete behoort te geniet. Die SAUK se program-organiseerders is blykbaar nie verbeeldingryk genoeg om oor iets baie interessants te dink wat die gebruiklike noenmaal saam kan bind nie. Maar die kerk se verteenwoordiger by die SAUK (een of ander Generaal-majoor) is natuurlik nie bewus van hierdie nuutste vergryping van die SAUK nie. Sport het 'n afgod in Suid-Afrika geword, Sondagskending is een van die redes vir satanisme.

Wanneer gaan die sogenaamde Christelike volk wakker skrik en die werklike redes vir die land se verknorsing besef? Al die vredes-praatjies is intussen verniet. Ons sal nog "40 jaar" in die woestyn moet rondswerf voordat die gesindheid reg is.

## Jesus van Montreal

**George Heroldt uit Kaapstad skryf:**

Ek het ook vir "Jesus of Montreal" gesien. En ek het gelees wat Andrea Vinassa geskryf het oor dié prent.

Maar, die film wil beslis nie polemiek onder Christene uitlok nie. "Jesus" maak 'n vlymskerpe aanval op die "profoundgeid" van ons, die intellektueles wat na Jesus en nie na Delinquents van Kylie Minoque gaan kyk nie, se opmerkings.

Die prent skree van sarkasme en lag oopbek vir dit wat ons as "diepsinninge onderwerpe" beskou - "kuns, filosofie, eietydse kultuur, die einde van die wêreld".

Ek dink ook nie dat die reklame-wese en werkloosheid in Montreal eintlik "diepsinnige onderwerpe" is nie.

Hoewel dié onderwerpe wel deur die uitbeelding van die lewensgeskiedenis van Jesus aangeraak word, gaan die prent veel eerder vir my oor gewone mense se oneindige passie om te weet wat die waarheid is. En sonder om intellektueel te raak: oor ons vrees vir dit wat nader aan die waarheid is as aan metafisiese aannames wat mens sommer net kan glo omdat almal dit nog al die jare geglo het.

Lothaire Blutheau, die akteur met die smal gesiggie en deernisvolle oë is dalk "almal se romantiese beeld van Jesus", maar dit is tog nie belangrik nie en ja, "Jesus" is onbeskaamd akademies, maar dit is dalk juis wat inhoud aan "Jesus" gee: Daar is net die handjievol fools wat intellektueel en emosioneel wil weet wie en wat Jesus was. Die res - soos die swart vrou wat tydens die opvoering op die berg, aan Daniel Coloumbe (die akteur wat die Jesus-rol vertolk) se voete val en skree dat sy hom liefhet en nodig het, wil nie werklik weet dat Jesus ook vuil en vol sweet was en wie sy ouers was nie. Selfs die Rooms-katolieke priester, wie se idee die passie-spel was, wou dit ook nie weet nie - Rome en die priester se base, wou ook nie weet nie. En party van ons gee nie om vir weet of nie weet nie - ons kyk maar net na die skouspel en wil graag die einde sien sodat ons ook darem weer 'n rede het om bietjie te huil en melankolies oor die lewe te voel - soos die joernalis en die kaalkop man wat die poliesman donner wat die opvoering wil stop.

Dié prent het my nie op 'n "soul-searching-trip" geneem nie. Dit is net sommer blêrrie sad - dalk omdat die kerk en skool vir ons die kruisigingsverhaal vertel het terwyl ons graag nog sou wou glo dat iemand soos Jesus nog leef. Iemand wat gesond kan maak, vir die Distrik Ses-inwoners hul huise kan teruggee en vir die Midrand-plakkers hul klere. En ja, ons kan "profound" wees en oor "diepsinnige onderwerpe" vir lang ure "wank", maar ek dink tog dat mense graag sou wou glo dat Jesus nog leef - iemand wat op die water kon stap en iemand wat brood en visse kan vermeerder en iemand wat nie vloek soos 'n matroos toe hulle spykers in sy hande ingekap het nie. Dit is tog mos net 'n gewone, onintellektuele wens en het niks met Christene te doen nie - Agnostikusse en ongelowiges, soos ekke, wens mos ook soms dat ons vir mense iets kan sê of skryf wat hulle laat voel: Ja, jirre, ek weet waarvan jy praat.

## Die Kagiso-aanslag - of so iets

**JE Grevelink van Faerie Glen skryf:**

Meer duidelikheid asseblief:

In antwoord op my brief wat u onder die opskrif "'n Kort skuldgevoel" geplaas het (Vrye Weekblad van 6 Julie) meld u twee interessante punte, nl:

1. "Kagiso help Vrye Weekblad bloot met die opleiding van swart joernaliste."

2. "As u die koerant gelees het, (Vrye Weekblad of Business Day) en u werklik dink dis 'n front-organisasie vir enigiemand, is (u) naïef".

In die Natalse nuusblad Ilanga van 2-4 Julie word daar in Kagiso se begroting R27-500 geoormerk vir media uitgawes. Weet u hoeveel hiervan vir opleiding van u swart joernaliste gegaan het? Of word koste onder 'n ander item van die begroting bestry? Indien u nie weet nie, geliewe uit te vind en te sê.

Voorts word dit in dieselfde uitgawe van Ilanga duidelik onder die opskrif "Kagiso plan to take power" gestel dat die Kagiso Trust homself sien "as a major catalyst to propel the ANC and its allies... to become the government of S.A." Is dit naïef om

**Vervolg op bl 22**

# Wat sal Oom Karel van dié dinge sê?

MET Brolloks op universiteit was, het hy self by tye gewonder of oom Karel Marx nie tog iets beet gehad het nie. Hy het sulke mooi menslike goed geskryf van klassegelykheid en mense wat nie mag oor ander hoort te hê net omdat hulle meer geld het nie.

(En Brolloks het boonop maar altyd 'n kontantvloeiprobleem gehad - dan is sosialistiese denke tog altyd soveel meer aanloklik...)

Maar Brolloks se ervarings as 'n grootmens het hom redelik gou genees. Nou nie so erg die klassestories nie, daarin is daar tog iets. En die arrogansie van valsgatgeit van Groot Kapitaal laat nou nog sy hare regop staan. Maar al die Marxiste wat hy leer ken het, was sulke verskriklike vervelige mense. Die lelikste ding wat hulle van 'n man kon sê, is dat hy 'n "individualis" of 'n "maverick" is. Geen plek vir vryheid van persoonlikheid nie, en min plek om vir jouself te dink.

Dis nou hoekom dit so snaaks is om te sien wie staan in dié dae op en erken hulle is lede van die Kommunisteparty. Party is regtig goeie, gawe mense met mooi oop gesigte. En nogal intelligent ook.

Kan dit wees dat jare se aanhang van dié onverdraagsame ideologie en slagoffer wees van Stalinisme hulle hul vermoë om helder te dink, ondermyn het?

Hoe kry sulke mense dit reg om wat in Oos-Europa gebeur, heeltemal te ignoreer of af te maak met deursigtige slimpraatjies?

Brolloks was in 1982 'n gas van die Berlynse Universiteit. Hy onthou nog hoe die linkserige intellektuele - aartsvyande van apartheid en Amerikaanse imperialisme - glad nie oor Die Muur wou praat nie, en as hulle het, het hulle gesê hulle stem nou miskien nie saam met wat in Oos-Europa gebeur nie, maar ten minste is die mense daar gelukkiger want hulle lewe in 'n vriendeliker samelewing as wat die Westerse kapitalisme hulle kan bied.

Gmnf. En toe stem dié gelukkige mensies met hulle voete.

* Werkers en jeugdiges is nie hier by



BROLLOKS EN BITTERGAL

ons bekend vir hul diepgaande ontledende denke nie - dié van hulle wat die SAKP steun, doen dit waarskynlik net om uit frustrasie die mees radikale opsie te ondersteun. Maar die leierskap is meestal sogenaamde intellektuele. Nou wonder Brolloks: is die rede waarom Suid-Afrika die enigste Kommunisteparty het wat nog groei, nie dat dit hier nog die aura het van intellektualiteit nie? Cowboys en crooks vir slim ouens? Hoe lank gaan dit hou?




## Net idiote?

Miskien moet dié sogenaamde intellektuele 'n slag lees wat Aleksander Tsipko, een van Moskou se voorste filosowe en self 'n lid van die Kommunisteparty en adviseur vir die Sentrale Komitee, onlangs in Newsweek te sê gehad het.

"It seems to me that Marxism is the ideology of the marginals, the people not fused into modern society, people who aren't able to solve their problems through normal, civilized methods, consensus and internal spiritual wholeness."

En: "These people are simply unable to think deeply, they're egotists, they want the world to fit into their framework."

Oor die Rooi Bybel sê hy: :When you read Das Kapital, it's all crystal clear by the time you reach page three. Only an idiot can really believe in Marxism."

* Sjoe!

## Skuus!

Die gemiddelde Australiër laat vyftien keer 'n dag 'n wind en produseer gemiddeld sowat 700 milliliter gas, sê 'n professor van Sydney dié week.

Volgens 'n berig van Agence France Presse wat dié week op Bittergal se tafel beland het, is dié gasserigheid hoofsaaklik die resultaat van wat 'n mens eet. Professor Terry Bolin sê wat hy nog nie kon vasstel nie, is hoekom 99 persent van dié liggaamsgasse heeltemal reukloos is en die ander 1 persent so erg onreukloos is.

Die rede vir die praatjie? Hy en sy kollegas het 'n middel op die mark gesit wat juis vir daardie 1 persent voorsiening maak...

* Dis dalk die een ding wat Suid-Afrikaners - veral Afrikaners? - met die Aussies in gemeen het. Kans vir 'n invoerder om baie geld te maak...

## Weer Winnie

Suid-Afrikaners skinder deesdae lekkerder oor Winnie Mandela as destyds oor Tannie Elize. Miskien is dit die enigste werklike teken dat die "nuwe Suid-Afrika" tog gearriveer het.

Ewenwel, die jongste storie is dat toe die ANC-leier, Oliver Tambo, haar telefonies oor die kole gehaal het ná haar necklace-uitspraak, sy hom toegesnou het: "Ek praat nie met jou nie, ek praat net met Chris Hani." En toe gooi sy die telefoon neer.

Dalk verklaar haar vriendskap met die Umkhonto-man heelwat van die goings-on by die Mandela-paleis waar onder meer talle AK47's gevind is...

Maar die ander skinder is meer ernstig. Elke liewe keer as Nelson in die openbaar verskyn, selfs net op ANC-perskonferensies, sit Winnie aan sy sy.

* Wat kan dit beteken? Is sy dalk in die stilligheid op die Uitvoerende Komitee gekoöpteer?

## Dankie, kamerade

Selfs nie al het die SAKP die regering 'n miljoen Rand gegee om vir Saterdag se massavergadering reklame te maak, kon die regering so goed gevaar het as toe hulle twee dae voor die tyd die organiseerder van die vergadering en lid van die ANC se uitvoerende komitee, Mac Maharaj, in hegtenis geneem het nie.

* Hoe meer dinge verander, hoe meer bly dit dieselfde.

# *Chris Kapokhani, Magnus PI en 'n pragtig gepreserveerde Euskelosaurus*

MET die Comrades, vrinde, gaan dit voor die wind. Dis nou die marathon waarvan ek praat, nie die kinders van die nag nie. Moeder trek nou al by Durban, sy's net 'n paar kilometer duskant die wegspringplek. As sy so voortgaan, behoort sy binnekort op pad na Pietermaritzburg te wees.

Uit Durban berig sy oor die sappigste rugbywedstryd wat jy jou kon indink. Kyk geliefdes, in hierdie sware tye moet 'n mens mos 'n aflydinkie soek, vra maar vir doktor Boesak. Nou waarom nie rugby nie? Seg moeder dis 'n wedstryd met net een span, die span van die Noorde.

Blykbaar geen opposie nie, maar die prettigste van alles is dat die spul speel sonder 'n skeidsregter. Stomme man het homself per abuis van die veld gejaag. Mistaken identity, glo. Nou ja, die man kan ook nie terselfdertyd oral kyk nie, daardie kuns behoort aan broeder Vlok.

## Die manne in blou

Van daardie hoge siel gepraat, sy manne in blou het darem maar 'n raw deal. As hulle nie heel dag lank die lot moet verduur om na hul plase om te sien nie, word hulle gebyt deur honde. Seg Miesies Klaagvoort sy dog dan dis deel van 'n posman se beroep, nie van die polieste nie. Haai vrinde, 'n man in blou en sy hond genaamd Foxie, of is dit sy jakkals genaamd Doggie, jaag 'n skelm.

Nee Moeder, nie van die rugbyveld af nie, maar die bosse in. Toe byt die skelm die hond. Toe byt die hond die polisman. Toe byt die poliesman in die stof. In the house that Jack built.

## Chris Kapokhani en Magnus PI

Egbertus is akuut bewus daarvan dat julle siek en sat is van Magnus PI, beweerde minister en bewese soldaat, kyk net na sy medaljes. Maar die man beleef 'n sindroom wat gedeel word deur die voorste nuwe siele, gaan kyk maar net na die militêre vleuel van dit of dat. Neem 'n man se oorlog weg, en hy sit sonder bestaansreg.

Op die oomblik raak die arme Chris Kapokhani die parmantigste goed kwyt, maar dis eerder 'n uitstotery van die bors om aandag te trek en oorlewing te probeer verseker. Admiraal Buthelezi doen dit weer op 'n meer verbale manier, maar albei maak 'n mens groen om die kiewe. Vra Oswald of dit nou so vreeslik is dat Kapokhani met 'n geweer rondloop? Die mees gerespekteerde skurke van die AWB doen dit al geruime tyd sonder veel van 'n boehaai. En dit in onse eie land. Is dit waar dat Magnus PI vir hom 'n waterpistool aangeskaf het omdat hy by die vloot wil aansluit?

## Die ANC se tupperware-aande

Comrade Hani se kollegas in die stede het 'n roaring tyd. Die witmense is darem alte koddig, 'n aandjie aan huis met hulle is entertainment guaranteed. Die ANC is nou besig met 'n bekendstellingsveldtog in die wit woonbuurte, en vir dié doel word daar nou sulke uiters gesellige tupperware-aandjies gereël.

Jy woon dit nie by om plastiekbakke te koop nie, maar eerder plastiekbeleid. Dis nou die in-ding om met jou BMW of soortgelyk by so 'n paartie op te daag. Die belangrike ding is dat jy gesien word, en dis minder moeite as kerk toe gaan. Seg Miesies Klaagvoort sy wil op rekord plaas dat sy nie haar lidmaatskap op 'n tupperware-party gekoop het nie, maar wel op die vrye mark. Die ANC is mos nie sosialisties nie.

## Nog 'n fossiel in die Vrystaat

Die ontdekking van 'n belangrike fossiel in die Vrystaat is goeie nuus vir die Nuwe Zuid-Afrika. Dis belangrik dat die wêreld se aandag op ons gevestig bly anders kry ons dalkies nie handouts wanneer die ekonomie dooier as dood raak nie. Die Stomme Skoon Administrasie kan duidelik nie al die gate toestop nie, en prysenswaardige projekte loop dood.

Dink net, vrinde, aan al die jare se geldmorsery op 'n walglike sosiale eksperiment. Al die duplikasies en triplikasies van departemente en dienste. En nog steeds gaan dit voort. Gelukkig darem dat goeie fringe benefits vir ons beskermers in die BSB volgehou word, al knou dit die staatskas.

Iedergeval, die fossiel is pragtig gepreserveer en 'n lus om te aanskou. Seg Miesies Klaagvoort sy politieke denke is seker aan die konserwatiewe kant. Nou wat verwag jy van 'n Euskelosaurus? Haai, seg Moeder, 'n Euskelosaurus? Sy dog dan ons praat van Alwyn Schlebush, daardie bekende Vrystaatse fossiel. Van die PW-dinastie. Baie ouderwets.

## Ayatollah Eenoog se favourite son

Vrinde, moeder haal nou haar beste uit om die eindpaal te haal, sy draf nou in ANC en Inkatha-kleure, in equal shares. Nou kan sy deur al die

HOE RYM DIT DAN?



EGBERTUS KLAAGVOORT

sones hardloop. Die haas is om die film oor Salman Rushdie te sien. Dis nou wel verban in vrye Ingeland, maar dis groot pret.

Gemaak deur Moslems vir Moslems, in Pakistan, en dit beeld die geweld uit van hierdie favourite son van die Ayatollah Eenoog. Daar kan jy sien hoe Rushdie 'n massa-teregstelling van Moslems afsluit met 'n onthoofding van een van die edele slagoffers met 'n geroeste swaard, of dink ek nou aan Periandros van Korinthe? Hy ruik aan die bloed en proklameer: "Ek hou van die bloed van Moslems in die lug. Mag daar 'n god wees, maar ek is in bevel op aarde."

Maar soos die Wizard of Oz het die fliek 'n happy ending: Drie slagoffers stuur 'n gebedjie per spoedpos op en daar word Rushdie deur 'n weerligstraal neergevel. Engrossing stuff en daarom is Moeder in so 'n rushdie om die Comrades klaar te maak.

## BRIEWE

# Kagiso-aanslag

(Van bl 20)

werklik te dink dat Kagiso 'n frontorganisasie van die ANC is of bedoel u Vrye Weekblad is dit nie? Meer duidelikheid asseblief, of is dit te lastig om sodanige gegewens te openbaar. Graag verneem ek in u briewekolom hieroor.

*(Kagiso Trust kanasileer hoofsaaklik geld van die Europese Gemeenskap na ontwikkelingsprojekte in Suid-Afrika. 'n Baie klein deel van die bedrag wat na onafhanklike media deurgestuur word, kom na Vrye Weekblad toe en dan net vir die opleiding van swart joernaliste. Vrye Weekblad is die enigste koerant in Suid-Afrika wat swart joernaliste in Afrikaans oplei. Ons verskaf dié diens baie graag en het geen huiwering om Europese lande se hulp in dié verband te aanvaar nie. Ilanga is 'n mondstuk van hoofman Mangosuthu Buthelezi se Inkatha-beweging. Inkatha besit die koerant - en miskien moet u die publikasie se berigte oor die ANC met 'n knippie sout neem. Nóg Kagiso, nóg die Europese gemeenskap het ooit enige voorwaardes gestel of politieke voorskrifte probeer neerlê vir die geldelike bydrae tot ons opleidingsprogram nie. - Redakteur)*

'n fyn-rooi lyn




# Kleinadvertensies

*Om 'n advertensie in hierdie kolomme te plaas, bel vir Peppy of Cathy (011) 836-2151; fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 177, Newtown 2113. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.*

## PERSOONLIK

Skrywers teen Sensuur sê met 'n tikkie Switserse nostalgie, milky bar is lekker, maar tjoklit vat die koek

Die Takhare vir Vrede sê die Rooi Gevaar is soos 'n maagd - jy hoor net daarvan, jy sien dit nooit

Die Bleskoppe teen Apartheid sê ons voel nie baie snaaks vanoggend nie. Skrywersblok

## WOONPLEK

Woonplek: Ordentlike mens - gesoek om huis in Westdene te deel. Bel Sarah; 339-2415

Quiet house with pool in Orange Grove: Two rooms, private bath, separate entrance. R600-00. Tel: 483-2528 Gwyne

Auckland Park: Kingsway Mansion, pragtige woonstel om te deel, het balkon, kaggel, en swembad. R375.00 per maand, bel 447-3498 en los 'n boodskap vir Katinka

Garden Route: Riverside House, Great Brak River. R50.00 per person per day B & B. Lunch/Dinner extra. River frontage. Splendid beach nearby. For more information phone (04442) 3387

JACOB RegoP

HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepon hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam: ...
Adres: ...
... Poskode: ...
Telefoon: ...

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

## DIENSTE

AFRICAN LANGUAGES: An introductory Zulu language and culture course will be commencing on Tuesday the 21st of August. The course will be 12 weeks in duration, and will comprise 12 consecutive Tuesday evenings. Meetings will be held from 7pm - 8.30pm and the venue will be in Parktown. To secure a place phone Viv at 483-1572. All welcome

AGGRIEVED BY AN UNFAIR DISMISSAL FROM WORK? You may legally claim compensation and/or re-instatement in your job. Please contact: Tel (011) 609-3405. Fax (011) 609-3405 for immediate assistance

REGTERBREIN DINAMIKA: Vergroot jou kreatiwiteit, produktiwiteit, probleemoplossings-vermoë, intuïsie en kommunikasie dramaties. 'n Werkswinkel van 67 aangename oefeninge aktiveer jou artistieke brein. Skakel (011) 643-4659

BEDREWE VERWER Huise, woonstelle, kantore. Uitstekende verwysings. Vir verdere inligting skakel (011) 728-4678 (Vrydae, Saterdae en Sondae) of skakel (011) 787-7734 Maandae

### TIK- EN VERTAALWERK

Bel Louise by (012) 46-6577

### TAROT READINGS

Uncover what you really are, by letting yourself be yourself, by letting yourself that is not yourself, fall away. R30. Please phone Ushke at (011) 614-5398

### DIENSPLIG ADVIESDIENS

**Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae oor diensplig. Skakel: Durban - (031) 301-5663 Richard (W); Pietermaritzburg - (0331) 944079 Mark (H); Kaapstad - (021) 689-1194 (5:30nm tot 7:30 nm); Grahamstad - (0461) 26067 Rudi (H) of gaan na die Metodistekerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4:30nm tot 7:00nm**

POWA (People Opposing Women Abse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkragte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Vir verdere inligting skakel (011) 642-4345

### VISUAL ART COURSES

Learning to see. Eye training to look at shape, form colour, dimension translated into drawing, painting, sculpture and crafts. Classes available day and evenings for children and adults. Phone Maggie van Wezel at 614-7297 after 5pm

The Institute For Philosophical Practical and Teaching offers the oppurtunity to gain perspective on existential crises and problems in living. For more information phone (011) 648-3079

## CRAFTS

Have you got some unusual knick-knacks to sell at the Flea Market? Tel Manfred at (011) 788-3994

## MARK

Illustrations, comics, logos and graphics designed. Good, quick and cheap. Contact M Krouse and A Lord at (011) 339-6880 day and night

Kashgar

**Handgeweefde dhurries (gestreepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880-3566**

*Tarief: R15 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan*

# Ons wil toetse hê, nie foefies nie

**Almal weet teen dié tyd Suid-Afrikaanse rugby is tam. Jaar na jaar speel dieselfde ou spanne op dieselfde ou patroon om dieselfde ou bekers. Selfs die spelers is verveeld en net fanatiese provinsialisme - en beslis nie mooi rugby nie - lok die toeskouers na die stadions. Die Suid-Afrikaanse Rugbyraad besef dat daar binnekort iets drasties gedoen moet word om die ou vonk in ons rugby terug te sit en gaan volgende week oor die formaat van die reekse om die Currie- en Lionbeker besin. TINUS HORN meen hulle mors hul tyd; niks anders as volwaardige toetsrugby sal ons spelpeil tot sy ou hoogtes verhef nie**

DIE twee grootste rugbybonde in die land, Noord-Transvaal en die Westelike Provinsie, pak mekaar môre in die eindstryd om die Lionbeker op Loftus Versfeld. Hoe opgewonde is ons? Nie baie nie.

(Ondersteuners van die Blou Bulle en die Streeptruie sal soos altyd na die wedstryd stroom, of ten minste voor die kassie stelling inneem. Maar van "rugbykoors" wat die hele land beetpak, is daar geen sprake nie).

Waar lê die fout?

Fanie Olivier het onlangs in sy rubriek, Lospraatjies, voorgestel dat die reeks om die Lionbeker só verander word dat dit iets nuut en opwindend bied - iets soos rugby se teenvoeter vir aandkrieket.

Met sy voorstelle skort daar niks. Hy wil die spel vinniger laat vloei en drieë proporsioneel meer laat tel. Of só 'n soort blitsrugby - wat nogal Amerikaans ruik - die rugbypubliek se belangstelling sal prikkel, is egter 'n ander vraag.

Morné du Plessis en 'n paar ander rugbymanne het 'n paar jaar gelede probeer. Hulle het 'n vinnige, opwindende spel ontwerp wat binnenshuis gespeel kon word. Die klem was op drieë (Dit was die enigste manier om punte aan te teken).

Al ons voorste spelers én 'n klompie internasionale sterre is na 'n toernooi by Sun City genooi. Daar is vooraf goeie reklame gemaak en al die spelers het ná die pret 'n groot toekoms daarvoor voorspel. Maar net 'n handjievol toeskouers het opgedaag.

Die les wat ons hieruit moet leer, is dat SA rugby nie foefies nodig het nie. Vir krieket was die kuur lank agterstallig. Drie dae (soms vyf!) is darem deksels lank vir een wedstryd. 'n Rugbywedstryd duur net 80 minute. Daar is geen rede waarom die huidige formaat nie opwindende rugby kan oplewer nie.

Wat ís dan die wonderbestanddeel wat ons kortkom?

Dis eenvoudig: toetse.

Internasionale mededinging sal ons spelers in 'n ommesientjie wakker skud. Sou Danie Gerber verlede Saterdag so lusteloos en onbeholpe vertoon het as daar 'n plek in 'n toetsspan op die spel was? En hoe ernstig sou Michael du Plessis se besering dán gewees het?

Wat egter belangriker is, is dat ons baie by die res van die wêreld kan leer. Die All Blacks se patroon toon nogal ooreenkomste met ons s'n; harde voorspelerspel wat die teenstanders op die agtervoet dwing en 'n losskakel wat deurentyd met die skoen aanval.

Maar voorspelbaar is hulle nie.

Ons agterspelers ken deesdae net een pad, en dis beslis nie doellyn toe nie; nee, hulle nael eerder blindelings tussen hul eie voorspelers in, om kwansuis 'n losgemaal af te dwing en só goeie balbesit te verseker. En raai, wat maak hulle met dié goeie balle? Dis terug voorspelers toe, natuurlik!

Die All Blacks skep kanse deur blitsvinnig van rigting te verander. Breek na regs, gee binne-toe en slaan links met die vleuel. Dis punte.

En daar is 'n hele paar opwindender spanne as Nieu-Seeland in wêreldrugby. (Nie beter nie, opwindender). Die Skotte het onlangs so amper teen die All Blacks verras met min balbesit en baie verbeelding.

Hulle speel nie soos ons volgens 'n vaste patroon nie. Hulle improviseer. (Met die uitsondering van Michael du Plessis, het ons nie juis meer agterspelers wat dit kan doen nie. Maar ons sal gou leer as ons weer die dag moet).

'n Ander vraag wat ons moet beantwoord, is hoe wenslik twee groot reekse in elk geval is.

Die reeks om die Lionbeker is potensiëel opwindender as dié om die Curriebeker, omdat dit op 'n uitklop-grondslag beslis word; vir tweede kanse is daar geen plek nie.

(In Engelse sokker is die uitklopreeks om die FA Beker byvoorbeeld baie gewilder as die ligareeks).

Omdat daar egter so 'n groot gaping tussen ons voorste spanne en die res is, lewer dié reeks selde dramatiese verrassings op. En selfs wanneer 'n kleintjie 'n grote klop, kan jy maar daarop reken dat hy self in die volgende ronde sal sneuwel. (Stel dit só: Moenie daarop reken dat ons binnekort 'n eindstyd tussen Grens en Suidwestelike Distrikte gaan sien nie).

Ons kan maar net hoop dat ons, eendag in die verre toekoms, soveel toetsrugby speel dat daar nouliks vir die Curriebeker-reeks plek sal wees.

Intussen skop Naas die WP môre weer flenters. Déjà Vu.



# Die pad is nog lááánk

Rugbygeesdriftiges wat dink Suid-Afrika speel binnekort weer toetsrugby, moet dalk weer dink.

Sport se lot is in die hande van die politici - en hulle val nie eintlik oor hul voete om onderlinge probleme uit te stryk nie. Die pad na die internasionale sportarena is nog lank.

Daar was vandeesweek gerugte dat Durban die Olimpiese Spele in die jaar 2 000 wil aanbied. Hulle kan sommer by voorbaat daarvan vergeet. Die hele idee dat Suid-Afrikaners nou al wil onderhandel vir iets waaarvoor hulle nog nie kwalifiseer nie, is absurd.

As 'n mens optimisties wil wees, kan jy voorspel dat Suid-Afrika oor vyf jaar weer kosjer sal wees in die oë van die buitewêreld. Tien jaar is dalk meer realisties.

En wanneer Suid-Afrika die dag wel sy hertoetrede tot internasionale sport maak, sal dit waarskynlik in 'n heel ander gedaante wees as in die dae voor die sportboikot.

Dr Danie Craven het 'n klomp mense kwaad gemaak toe hy vroeër vanjaar gesê het die Springbok gaan as simbool van ons nasionale sportspanne verdwyn. Nou lyk dit na 'n voldonge feit. ('n Mens kan vir Naas se part hoop hy het nog nie al sy Bok-truie opgeveil nie; oor 'n paar jaar kan hulle nogal 'n stewige som geld werd wees).

Niemand sal kan kla nie. Dit gaan tog nie om simbole nie, maar om internasionale mededinging.

As ons dus gelukkig is, is Suid-Afrika dalk betyds terug in internasionale sport om in 1995 aan die derde reeks om rugby se wêreldbeker deel te neem. En dan gaan dit ons nog 'n volle vier jaar kos om behoorlik reg te ruk.

In 1999 wen ons hom.


## *Vrye* Weekblad

Vrye Weekblad is 'n onafhanklike weeklikse koerant wat uitgegee word deur Wending Publikasies Beperk (Reg. no. 88/04168/06). Die direkteure van Wending Publikasies Beperk is Max du Preez, Christo Nel, Chris Otto, Van Zyl Slabbert en Sampie Terreblanche. Die aandeelhouers van Wending Publikasies Beperk is die direkteure en werknemers van die maatskappy.

Wending Publikasies Beperk en Vrye Weekblad se adres is: Breëstraat 153, Newtown.
Die posadres is Posbus 177, Newtown 2113.
Die telefoonnommer is (011) 836-2151-9 en die faksnommer 838 5901.

**Redaksie**
**Redakteur: Max du Preez**
**Hoofredaksie: Jacques Pauw, Ina van der Linde en Hennie Serfontein**
**Nuusredaksie: Christelle Terreblanche, Christelle de Jager, Audrey Brown, Pearlie Joubert, Phineus Tshukudu, Irene Louw**
**Sub-redakteur: Ryk Hattingh**
**Ontwerp: Andrea Vinassa, Esma Anderson**
**Vrydag-redaksie: Andrea Vinassa, Koos Prinsloo**
**Sportredakteur: Tinus Horn**
**Vrye Weekblad Boeke/Books: Koos Prinsloo, Ryk Hattingh**
**Bestuur**
**Advertensies en bemarking: Manie Eagar, Kee-Leen King**
**Administrasie en verspreiding: Kee-Leen King**
**Redaksionele assistent: Cathy Fennessy**
**Navorsing en biblioteek: Laetitia Pople.**
**Boekhouding: Clara Nkutha**
**Kantoorbestuur: Joseph Moetesi, Vernon Zulu, Peppy Maripan**
**Buitekantore**
**Kaapstad-kantoor: Christelle Terreblanche.**
**Tel (021) 24 8049 / 23-2722**
**Pretoria-kantoor: Ina van der Linde. Tel (012) 834 879**

Vrye Weekblad kos R1,33 plus 17c AVB. Dit kos R75 (AVB ingesluit) om vir 'n jaar lank in te teken, en R40 (AVB ingesluit) vir ses maande. In Namibia, Swaziland, Lesotho en Botswana kos die koerant R1,50 plus verkoopbelasting. Tariewe vir buitelandse intekenare is op navraag by (011) 497-2911 beskikbaar. Probleme met verspreiding moet gerig word aan Cathy Fennessy by (011) 836 2151.

Bl 23: Ons wil toetse hê, nie foefies nie

# Freek is nié 'trigger happy' nie

## *(dis net jammer hy het Adri Geldenhuys misgekyk)*

**Freek Burger moes vandeesweek kwaai kritiek verduur omdat hy verlede Saterdag die vermetelheid gehad het om twee onskuldige bloedjies, wat nie 'n vlieg sou seermaak nie, in die wedstryd tussen Noord en Suid afgejaag het. TINUS HORN meen Burger is nie "trigger happy" nie. Maar 'n goeie stel kontaklense sal dalk help dat ons top-skeidsregter manne soos Adri Geldenhuys se oortredings ook raaksien.**

DIE RUGBYWEDSTRYD waarin daar nie 'n verdwaalde vuishou of twee onderlangs klap nie, moet nog gespeel word. Dis gewoonlik redelik skadeloos. En so lank as wat skeidsregters met net twee oë toegerus word, sal dit deel van die spel bly.

Om 'n teenstander egter só met die kop te stamp dat hy steke nodig kry en 'n ander een in die gesig te skop, is 'n ander storie.

Adri Geldenhuys het hom verlede week aan albei oortredings skuldig gemaak toe die humeure in die wedstryd tussen Noord en Suid opgevlam het. Tog was dit nie hy wat die trekpas gekry het toe die skeidsregter, Freek Burger, besluit het om die orde met 'n ferm had te herstel nie.

Kobus Wiese (een van Noord se slotte, wat 'n diep sny in sy ken opgedoen het in sy skermutseling met Geldenhuys) en FC Smit ('n flank in die Suidspan) is wel gesien slaan en albei is afgejaag.

In die bohaai wat dié insident tot gevolg gehad het, is die vingers nie na die oortreders gewys nie, maar wel na Burger, wat uit alle oorde aangeval is omdat hy die reëls toegepas het.

(Die afjaag-reël bepaal nie dat net die speler wat die eerste hou slaan, afgejaag kan word nie. As die skeidsregter iemand sien vuil speel, kan hy hom summier aansê om onder 'n koue stort te gaan afkoel).

Dit is egter jammer dat die werklike sondaar, Geldenhuys, nie gestraf is nie. Sy reputasie as 'n man wat die kop by elke moontlike geleentheid inlê, kom nie van gister af nie.

Hy was glo op sy dag ook 'n polisie-bokskampioen, en dit lyk asof hy op die rugbyveld wil bewys dat hy nog nie dié ou vaardighede verloor het nie.

Vanaand gaan die tugkomitee van die Suid-Afrikaanse Rugbyraad 'n video-opname van die voorval bestudeer om te besluit of daar stappe teen Geldenhuys gedoen moet word of nie.

Dit sal die eerste keer wees dat 'n speler aan 'n "televisie-verhoor" onderwerp word ná 'n wedstryd waarin hy 'n oortreding begaan het wat deur die skeidsregter misgekyk is.

Sulke verhore is beslis aanvaarbaar (nee, wenslik).

Dis tog onmoontlik vir 'n skeidsregter om alles wat op die veld gebeur, raak te sien. Rugby-beamptes moet alle hulpmiddele tot hul beskikking gebruik om mense soos Geldenhuys vas te trek - en behoorlik te straf.

Dit is dalk effens veel gevra. As hy wel gestraf word, sal dit waarskynlik 'n skorsing van twee weke of wat wees. Dit beteken niks. Sodra hy terug is, hervat hy sy ou taktiek.

Iemand wat wild en wakker op 'n rugbyveld skoppe en kopstampe uitdeel, hoort nie daar nie. Dalk leer hy uit sy foute as hy 'n hele seisoen lank op die kantlyn sit.

(In sportsoorte soos sokker en tennis word oortreders soms swaar beboet, maar ons almal weet rugby is 'n amateur-sport waar dit nie sal deug nie).

Die grootste probleem bly egter die feit dat dit haas onmoontlik is om al die oortreders vas te trek. Die televisie kan help, maar wat van al die wedstryde waar daar nié kameras is nie?

Ons sal dus 'n ander plan moet maak.

Wat het geword van dr Danie Craven se plan om twee skeidsregters in elke wedstryd in te span? Dit is dalk 'n moeilike stelsel om behoorlik te laat werk (wie neem watter besluite, ensovoorts, ensovoorts).

Dit is nietemin onvergeeflik dat ons nog glad nie eers begin het om die moontlikhede van só 'n stelsel behoorlik te ondersoek nie.

Totdat ons 'n beter manier vind om die vuilspelers vas te vat, het ons nog 'n paar Freek Burgers nodig.



**Adri Geldenhuys in aksie. Ken Oosterbroek het dié reeks foto's drie jaar gelede geneem. Niks het intussen verander nie.**

# Makhathini weet hy moet die titel nóú wen

**PHINEUS TSHUKUDU**

**Die geveg tussen Siza Makhathini en Jeff Lampkin word Saterdagaand kort na elfuur regstreeks op M-Net uitgesaai**

SIZA MAKHATHINI weet dat hy Saterdagaand waarskynlik sy laaste kans kry om die Internasionale Boksfederasie (IBF) se junior swaargewig-titel Suid-Afrika toe te bring. Om dié rede sal daar niks met sy motivering skort wanneer hy teen die kampioen, Jeff Lampkin van Amerika, deur die toue klim nie.

Soos elke ander Suid-Afrikaanse bokser sal hy nooit die kans kry om in Suider-Afrika om 'n titel te veg nie. Saterdag se geveg vind in Tampa Bay, Florida plaas.

Die Suid-Afrikaner se afrigter, Harold Volbrecht, sê Makhathini is fikser en sterker as ooit.

"Sedert sy oorwinning oor die Brit Dave Garrison drie maande gelede, het hy heelwat sterker geword, danksy intensiewe kragwerk in die gimnasium."

Makhathini het voor sy vertrek na Amerika geesdriftig beloof dat hy die titel vir sy ondersteuners en sy land gaan wen.

"Ek het my eerste kans om wêreldkampioen te word, verbrou. Dit mag nie weer gebeur nie. Ek gaan nie nog 'n kans kry nie."

Sy eerste titelgeveg, teen die Engelsman Glenn McCrory in Oktober verlede jaar, het voor die wind vir die Suid-Afrikaner verloop totdat hy hom in die elfde ronde in 'n desperate kort regter van die destydse kampioen vasgeloop het.

Hy het op sy sitvlak beland en wou net vir agt tellings teen die planke bly om te herstel, maar toe hy weer sien was hy reeds uitgetel.

Lampkin, wat net drie rondes nodig gehad het om McCrory te onttroon, is bekend vir sy aanvalle na die lyf, waarvoor hy albei vuiste ewe behendig inspan.

Hy het McCrory van die eerste ronde af met vinnige reguit-regters op die agtervoet gedwing, en dertig sekondes voor die einde van die derde ronde met 'n harde linkerhaak na McCrory se maag losgetrek.

Dit was 'n voltreffer. Die Brit se wind was uit en hy het op sy knieë op die krytvloer beland. Hy kon nie betyds opstaan nie en is uitgetel.

Makhathini sal dus in sy spoor moet trap vir die kampioen se lyfhoue. Gelukkig weet hy darem self ook hoe om lyfhoue te plant; nes Lampkin is sy linker-haakhou sy vernaamste wapen.

Sakkie Horn, ook 'n lid van die Volbrecht-kamp, kry Maandagaand die kans om sy loopbaan 'n goeie hupstoot te gee. Hy pak Uriah Grant in Miami om die IBF se Inter-kontinentale ligswaar-kroon.

Hoewel dié titel nie werklik veel aansien in wêreldboks geniet nie, kry hy darem die kans om sy talente aan Amerikaanse promotors ten toon te stel. Wen hy, beteken dit waarskynlik 'n plek op die IBF se wêreldranglys.

Grant boks links, maar dit sal geen probleme aan Horn verskaf nie. Sy afrigter, Volbrecht, is immers die beste hotklou wat Suid-Afrika nog opgelewer het.

"Ek het al 'n hele paar goeie oorsese boksers geklop. Nou is ek reg vir strawwer teenstand," meen Horn. "Ek wil die wêreldtitel wen, en ek glo hierdie geveg is die eerste stappie in die regte rigting."

Hy is oortuig daarvan dat hy kan wen as hy Grant se aanvanklike aanslag oorleef. "Ek is 'n stadige beginner. Maar as ek die eerste ses rondes kan staande bly, gaan ek hom uitslaan."

Vrydag

onder redaksie van
ANDREA VINASSA



*Hannes Muller - 'Meester'*

# 'Gone with the Wind' op Afrikaans?

***Hoe regverdig jy lang, duur SAUK-TV-reekse oor die Boere-Oorlog terwyl daar oorgenoeg eietydse konflik bestaan wat ryp is vir ontleding en uitbeelding? SUSAN COETZER, wat een van die hoofrolle in 'Meester' speel, het geen gladdebek regverdigings vir haar deelname aan Annie Basson se Boere-Oorlog-reeks nie, behalwe dat sy net al te dankbaar is dat sy 'n uitdagende rol met diepte en skakering kan speel ... só 'n veeleisende rol tel 'n mens nie maklik in enige hedendaagse verhaal op nie***

ANDREA VINASSA

"JY is òf 'n slegte vrou òf 'n sex bomb òf 'n ma-figuur," sê Susan Coetzer - sy het haar professionele verhoogdebuut in Reza de Wet se bekroonde "Diepe Grond" gemaak - van die rolle wat vir vroue geskryf word. Maar "Meester" is 'n ander storie.

Dis geskryf deur "Arende" se Paul C Venter en, sê Coetzer, Venter is 'n man met verbasend baie insig oor vroue. "Dit is wonderlik om aan iets te werk wat onvoorspelbaar is."

"Meester" speel na die Tweede Boere-Oorlog in 1902/03 af. Ralie Havenga keer uit 'n konsentrasiekamp terug na die gewone lewe in 'n klein Vrystaatse dorpie waar daar aan die herbouing van die gemeenskap gewerk word. Dis 'n reeks van tien aflewerings wat op Clarens in die Vrystaat verfilm word. Die oorkoepelende tema is "opvoeding" en handel oor 'n gemeenskap wat 'n eie plaasskool op die been probeer bring.

Die bewaring van die Afrikaanse taal - die Britte het Afrikaans as voertaal in skole verbied - en kultuur was destyds 'n groot strydpunt. "In die reeks het ons met Boeremense, 'kleurlinge', swartmense en Engelssprekendes te make wat mekaar voel-voel en uiteindelik positief anderkant uitkom," sê die regisseur, Annie Basson, wie se enkeldramas "Die Hartseerwals" en "Uitdraai" opslae gemaak het.

## *Rolverdeling*

Buiten Coetzer bestaan die rolverdeling uit Lida Botha, Hannes Muller (die "meester" van die titel), Elize Cawood, William Abdul, Nico Liebenberg, Susan Danford, David Clatworthy, Danny Keogh, Wilson Dunster, Michael Atkinson, Jannie Gildenhuys, Eric Nobbs, André-Jacques van der Merwe en ander.

Coetzer speel Ralie Havenga, 'n vrou wat van haar kinders in 'n konsentrasiekamp verloor het. Die een is doodgeskiet terwyl hy deur 'n omheining probeer klim het. Een van die oorlewende kinders kry gedurig nagmerries oor die kamp. Coetzer vertel dat Venter en Basson nooit van "flashbacks" gebruikmaak om die kampe te laat herleef nie. In haar spel moet sy die toestande vir die kyker herskep ... soos hoe sy die kind stuk vir stuk uit die draad moes haal en hoe sy hom in 'n kombers moes toewerk. "Sy is anderkant smart verby. Sy praat soos iemand wat klaar gehuil het."

Sy gee ook die versekering dat "Meester" nie alles swart rokke en swartgalligheid is nie. Daar is aksie, liefde, konflik en veral interaksie tussen die mense - "Annie wil 'n soort 'Gone with the Wind' maak, 'n kombinasie tussen 'n soapie en 'n ernstige drama."

Die liefdessake staan só: Ralie het voor die oorlog 'n verhouding gehad met Hermanus Havenga (Muller), maar sy het toe gaan staan en trou met sy broer - wat intussen dood is. Die onderliggende gevoelens tussen die twee sorg vir baie van die dramatiese intensiteit ... veral wanneer 'n Engelssprekende vrou - Susan Danford speel Pauline Trollope - begin vlerksleep by Hermanus.

Ondanks dié liefde tussen Ralie en Hermanus, bereik hulle 'n punt waar hulle politieke oortuiginge hulle uitmekaar dryf: vir Hermanus is dit moontlik om vriendskappe te ontwikkel met mense wat nie Afrikaners is nie, maar Ralie sit nie langs dieselfde vuur as swartmense nie ... "sy sal hulle verpleeg, maar sy sal nie maats wees met hulle nie."

## *Ingebore*

Ralie is intelligent, sy is logies, sy is verfynd, sy is onvoorspelbaar. "Dis 'n ingebore ding, dat 'n swartman sy plek moet ken," sê Coetzer. Maar dan verwag jy dat Ralie ander vooroordele moet hê - soos jaloesie oor Hermanus en Pauline se vriendskap - wat sy nie het nie.

"Ralie het 'n onaangename sy, in al haar rondheid van karakter, kyk sy tog neer op ander rasse." Dat die rebelse Hermanus egter 'n baanbreker in sy tyd is, sorg dat die reeks 'n relevante boodskap vir die hede dra.

Die manier waarop Boere-vroue van die tydperk deur die draaiboekskrywer uitgebeeld word, is veral vir Coetzer fassinerend. "Hulle was by die huis ingehok en vir intelligente vrouens moes dit frustrerend gewees het. Daarom het hulle bygelowe ontwikkel. Hulle is behep. Daar is 'n broeiende ding by dié vroue. Daai tyd is leesstof tot die Bybel beperk. Daar is ook seksuele frustrasie.

"Ek dink Venter moet regtig kennis van vroue dra. Min mans kan insiggewend oor vroue skryf."

Die werk met Annie Basson is ook 'n ervaring wat sy nie maklik sal vergeet nie. "Dis die eerste keer dat ek met 'n vroue-televisie-regisseur werk en ons lees mekaar selde mis. Ons verskil nooit oor interpretasie nie.

## *Onvleiend*

"Ek word toegelaat om Ralie se humeurigheid uit te beeld, haar slegte sy, haar goeie sy en haar komiese sy." Basson is gesteld op deeglike repetisies waarby elke aspek van elke karakter ontleed word.

Dis ook hoegenaamd nie 'n glamorous affêre nie. "Ek het skurwe hande en gebarste lippe en as my lippe nie genoeg gebars is nie, sit hulle gom daarop. Dit is nie vleiend vir my nie, maar hoe kan jy die karakter anders geloofwaardig speel?

"Ek voel nie mooi nie, daarom moet al die sensuele tonele uit jou hart en jou kop kom."



*Foto: Andrea Vinassa*

*Susan Coetzer en Gilbert Terblanche op die stel van 'Meester' buite Clarens in die Vrystaat*

# Fynproe

NETTE PIKEUR

# Dankie heer, vir aartapels...nes die armes, altyd met ons

'n LEKKERBEK-priester had een maal die gewoonte om tafelgebed by sy lidmate aan te pas na gelang van die spyse. By 'n volgelaaide middagmaal: O, vir die goedertiemheid, dank ons u, Heer!

En as dit maar skraps lyk: O Lord, we give thanks for this, the least of all thy mercies...

By die tweede gebed het hy seker gepraat van aartappels. Sommige mense trek hul neuse op vir plain aartappels.

Dié wonderlike groente het 'n lang en interessante geskiedenis. Saam met koring, is dit een van die kosse wat die verloop van beskawings bepaal: Eet 'n aartappel, en jy byt aan Ierse emigrasie na Amerika. Sosiologiese groente.

Die wonderlike kosskrywer M.F.K. Fisher vertel hoe sy en haar dogters, op reis iewers in Amerika, langs die pad stilgehou het by 'n gronderige land. In ekstase het sy besef dis aartappels. Hulle buk deur die draad en grawe kaalhand elk 'n paar new potatoes uit die veld...elkeen so groot soos 'n albaster. En sy beskryf liries hoe hulle gesmaak het.

Ek stem met Mary Fisher - vars aartappels is sonder weerga. Die ou knolle wat supermarkte gewoonlik bied, is nul werd. Gaan maar elke jaar na die asemrowende groentemark-basaar wat die Lutherse boere op Philippi in die Kaap hou, en jy proe hoe aartappels vars uit die grond moet smaak.

Of gaan soek mooi aartappels by jou groenteman. As die grond so lossies daaraan sit, is hulle waarskynlik vars, en dit help baie as hy weet watter soort hy aan jou verkoop.

Dis eintlik weird: ons mense koop druiwe by naam, ook pere en appels, maar niemand weet wat aartappels se name is nie. Die Ingelse sê nog darem waxy en floury, maar dit was Leipoldt wat laas nog gepraat het van 'n melerige aartappel. Ek weet dat die BP's lekker is, dié met dun geel skille.

Koop tog aartappels met 'n mooi eetbare skil. Daar's eintlik g'n rede om ooit 'n aartappel te skil tensy hy vir 'n gereg soos Aartappels Anna of mash gebruik word nie. Skil is gesond, en gee geur.

En ons huishouding weier volstrek om aartappels te vul met kaas of tuna of wat ookal. Gevulde aartappels val deesdae in dieselfde kategorie as pizza en grimmige pasta met bedenklike sous. Nee wat.

Wat is heerliker as 'n bakvol stomende gekookte aartappels, skil en al, met sy strooisel pietersielie en gekapte sprietuie? Of 'n enkele gebakte reus, salig in die bed verorber met botter, sout en baie peper, terwyl jy jou doodlag vir die Sondagkoerante?

Vir diegene wat iets moet maak met aartappels, die volgende Franse oordadigheid. Dis vernoem na Anna Deslions, die Leeuin van die Seconde Empire. Nee, ek weet ook niks meer nie, I'm quoting. Dis net baie lekker.

## Pommes De Terre Anna

Verhit jou oond tot 200 grade Celsius. Skil vier middelslag (waxy) aartappels en sny aan dun skywe. Maak goed droog met 'n vadoek.

Neem nou 'n oondskottel - koper of yster is die beste - en smeer rojaal met botter. Pak die aartappels in lae daarin, met 'n bietjie sout en swartpeper tussenin, asook lepelsvol botter in elke laag. (Sê maar sowat 200 g botter op 1 kg aartappels.)

Bedek die gereg met foelie en bak 'n uur lank. Laat die bak eers vir 'n paar minute staan voor julle opskep.

Party mense gooi nog room ook bo-oor, maar dis die lelie verguld.

Op 'n Sondagoggend staan 'n mens radeloos voor die stoof, want hulle wil nie bacon en eiers hê nie, maar iets anders. Hier is dit:

## Hash

Sny soveel aartappels as julle wil eet, met skil en al in dun skyfies terwyl die swaarboompan met 'n taamlike hoeveelheid botter-en-olie verhit.

Plaas die aartappels plat in die pan, en strooi sout en peper oor, nogal baie.

Nou byt jy vas, en laat alles braai tot dit amper lyk soos gebrand.

Draai met 'n spatel om en kyk. Alles word bruin en bros. Draai weer om. Druk die hele spul so ietwat fyn, en kry die gevoel van hash - 'n heerlike aartappelgemors, bruin en lieflik.

Die mans hou van 'n skeutjie Worcestersous bo-oor. Bedien die gereg saam met 400 cholesterolpunte se varkworsies, roosterbrood en marmelade.

Hierdie aartappelslaai is beter warm as koud, maar dis eintlik om't ewe. Dis Amerikaans, 'n erfenis van hul Hollandse voorsate.

## Pennsylvania Dutch Potato Salad

Kook 'n potvol klein aartappeltjies. Braai 'n paar skyfies ontbytspek tot bros. Braai in dieselfde pan een fyngesnyde ui, plus een lepel meel en vet, plus 'n skoot water en 'n kwartkoppie asyn. Onthou sout en peper.

Maak 'n souserigheid tot dit effens dik word, en giet bo-oor die nog warm aartappels.

Sommige mense skil die aartappels, maar ek bodder nie eers nie. Die groente pas uitstekend by 'n braai.

Aartappels is natuurlike maats met knoffel. Probeer dié Provencaalse weergawe van mash:

Kook 'n bakvol aartappels en skil af. Maak 'n koppievol of so tamatiemoes van afgeskilde bliktamaties, of varses, as jy lus het. In 'n vysel maal jy fyn:

5 huisies knoffel, sout en vyf lepelsvol olyfolie. Voeg ook 'n handvol broodkrummels by en meng alles goed tot 'n dik pasta.

Maak mash met die aartappels, en meng die knoffelsous by. Plaas in 'n oondvaste bak, gooi die tamatiemoes oor en bak vir 10 minute in 'n taamlike warm oond tot deurwarm.

Die olyfolie is 'n teenvoeter vir daardie botter wat jy vanoggend in jou aartappels geëet het. Die knoffel ook.




Nêrens op Boschendal word die uitdrukking "minder is meer" beter uitgebeeld as in die Jean Gardé wingerd nie.

Die Gewürztraminer wat in hierdie wingerdjie groei is van 'n formaat wat klaarblyklik die grootte van sy oorsprong weerspreek. Ongelukkig is die volumes klein. Maar wie is ons om die natuur hieroor te bevraagteken?

BOSCHENDAL

WAAR DIE FRANSE HUGENOTE DIE WYNKULTUUR GEVESTIG HET.

Kuper Hands 7827/I/A


# Simonsig oorweldig

*BJ LANKWARDEN*
*skryf oor wyn*

DIKWELS word 'n vertroude naam oorgesien wanneer 'n mens party van die heel voorste wynvervaardigers in die Kaap in oënskou neem. Party landgoedere is so lank al met ons, dat 'n mens 'n eerste indruk vorm en daarby hou. Dit is beslis nie meer 'n regverdige oordeel oor die Landgoed Simonsig nie.

Die afgelope paar maande het ek 'n paar verskillende bottels wyn van dié landgoed gekry - en nie altyd nuwe uitreikings nie, soos byvoorbeeld die 1985 Simonsig Cabernet Sauvignon.

Die transformasie in dié wyne is oorweldigend. Waar 'n mens in die verlede sommer enige bottel Simonsig saam met 'n maaltyd geniet het, berei jy deesdae die ete om 'n Simonsig-wyn voor. 'n Sterk stelling miskien, maar dis hoe dit is. Simonsig het stilletjies en ongesiens op die lys van top-gehalte vervaardigers in die Kaap beland.

Wynmaker Johan Malan het die groot verskeidenheid wyne opgegradeer en verbeter. Hy het inderdaad ook van die etikette laat vaar en dit voorspel veel goed vir die toekoms. 'n Mens kan nie alles vir almal wees nie.

Waar die veranderings die merkbaarste is, is die resultate merkwaardig, maar selfs met die geringe veranderinge is daar 'n duidelike nuwe benadering te bespeur.

Die Malans is ongelukkig oor die afskaffing van die Superieur-klassifikasie vir wyn. Hulle voel die groot produsente sal hul wyn nou op 'n skaal kan adverteer wat nie onderskei tussen die handgemaakte en massavervaardigde wyne nie. Maar hulle hoef nie in die minste bekommerd te wees nie, want Simonsig is op die regte pad om weer eens te bewys dat 'n landgoed wat omgee en sig inspan, altyd in aanvraag sal wees.

Kyk ons na die witwyne van Simonsig, is die klassieke Kaapse Vonkel - ons eerste *methode champenoise* vonkelwyn - opgegradeer en nou 'n perfekte vonkelaar, met 'n behoorlike neus en smaak. Dis nou 'n versnit van chardonnay en pinot noir en kan ingesluit word op ons lys van beste sprakelaars.

Die stil Simonsig-witwyne is 'n volle reeks wat wissel van droog tot soet, gehout en ongehout. Die soetwyne in die reeks sluit in Franciskaner Spesiale Laatoes en die Gewürztraminer, albei baie gewild onder die wyndrinkpubliek, veral laasgenoemde. Sommige beskou dit as die beste van sy soort in die land.

Dis egter in die droë wit-afdeling dat die nuwe Simonsig-wyne die kalklig steel, aangesien die 1988 en 1989 Chardonnays foutloos is en meeding om die top posisies saam met party ander in die land.

Die spesiale bottels vir die Onafhanklike Kaapse Wynmakersgilde is versamelaarstukke en hul 1988 Chardonnay het 'n klassieke stelligheid, gekombineer met ryk, goedontwikkelde chardonnay-vrugte, terwyl die 1989 Pinotage wat in die vat geproe is, oorgekom het as van die beste wat ek nog geproe het.

En dis nie anders gesteld met die ander rooiwyne in dié stal nie, want die nuwe Simonsig-rooiwyne is ferm onafhanklike wyne in hul eie reg.

Die Shiraz 1986 het 'n volheid van geur en hout wat verrassend is en die Cabernets is skouspelagtig, selfs die ligter gestileerde 1985 kom oor as 'n goeie, goedgeïntegreerde cabernet wat meer klas vertoon as wat van 'n plaaslike wyn te verwagte is. Die 1985 is moontlik 'n baie onderskatte wyn en beslis een wat die tonge sal losmaak by aandetes.

Selfs die versneë rooi, die Simonsig Adelberg, vertoon nou veel beter as wat ek onthou. Dié wyn was nog altyd drinkbaar, maar het nou 'n subtiele volheid wat dit laat uitstyg.

Ek beveel graag die Simonsig-wyne aan; eerlike voorbeelde van van die beste wyn in die Kaap.


TRUK TONEEL bied aan
Die Grahamstad-fees treffers
DEMEA
deur Guy Butler regie Dieter Reible
*"Kragtige teater" – E.P. Herald*
Alexander-Teater: 27 Jul – 18 Aug
HOUD-DEN-BEK
deur André Brink verwerking Tjaart Potgieter
regie Ilse van Hemert
*"Eenvoudig briljant" – Star Tonight*
Arena, Staatsteater Pta: 3 – 25 Aug


# Fees by Mini Cine

OSPREY se Kontinentale Rolprentfees begin Sondag by die Mine Cine in Hillbrow ... en een van die prente is, vreemd genoeg, 'n plaaslike verhaal vol passie en bloed.

"The Grass is Singing", met John Kani, Patrick Mynhardt, Karen Black en John Thaw, is gegrond op 'n roman van Doris Lessing en handel oor 'n wit plaasvrou se smeulende liefde vir een van die plaaswerkers.

Die regisseur van "Bagdad Cafe", Percy Adlon, se eerste prent, "Sugarbaby" is een van die hoogtepunte, asook 'n prent oor die lewe van Rainer Werner Fassbinder, "A Man Like Eva". Die omstrede Suid-Amerikaanse "Pixote" wys ook.

"Burning Beds" met Ian Dury, "A Woman in Flames" en "A Woman Like Eve" is ou gunstelinge wat weer en weer gesien kan word.

Die Mini Cine se nommer is: (011) 648-9815.

# 'n Groot kunstenaar dra by tot die mensdom en nie tot 'n partybeleid nie'

**CHRIS PRETORIUS**

EK is seker die enigste mens in die land wat nog oor Grahamstad skryf, maar soos 'n idoot het ek belowe om verder uit te wei oor "Houd-den-Bek", "Diesel and Dust" en die Masekela-speech.

Ek kan skaars onthou wat ek wou sê. Al wat nog aan Grahamstad herinner, is die feit dat almal wat daar was griep het. Mens noem maar nie al die ander siektes wat daar opgetel is nie.

Ek wil nie veel oor "Diesel and Dust" sê nie, behalwe dat dit my laat verlang het na die '70s toe mense nog delmmiddels gebruik het en geskryf het oor visioene. Ek is mal oor die woord "dwelmmiddel". Dink aan jouself as 'n dwelmslaaf. Is dit nie wonderlik nie? 'n Dwelmslaaf wat in dwelmnewels rond-drift.

Anyway, dis waaraan "Diesel and Dust" my laat dink het. Die skrywer moes miskien klein lettertjies gebruik het soos in "sex, lies and videotape". Ek dink "diesel and dust" lyk baie beter. Skrywers moet twee keer dink voordat hulle op kleinhoewes buite Johannesburg gaan bly en skryf oor hulle visions. Ek sal wat wou gee om vir 'n slag 'n play te sien oor intelligente confused mense.

Miskien moet die Mark-Teater dit oorweeg om die stel van "diesel and dust" te hou vir elke ander Sam Shepard-tipe play wat ons nog oor die jare gaan sien.

Verlede week het ek gesê dat dit elitist geword het om te dink. In 'n teaterkonteks wil ek sê dat dit elitist geword het om suiwer teater te maak. Neem "Hou-den-Bek" as voorbeeld. Dit was miskien die beste produksie op die fees, maar terselfdertyd het dit my die meeste gepla.

Juis omdat dit so baie teatrale moontlikhede gehad het wat nie uitgebuit is nie. As 'n mens 'n roman verwerk in 'n ander medium, sou ek sê dat dit verder gevoer moet word in daardie medium. "Hou-den-Bek" het vir my gelyk soos 'n geïllustreerde weergawe van Brink se roman.

Dit is asof die twee regisseurs - Ilse van Hemert en Tjaart Potgieter - te veel respek gehad het vir Brink se roman.

Maar wat my die meeste gepla het, was die vermenging van style. As style doelbewus deurmekaar gegooi word, kan dit baie effektief gebruik word, maar in "Hou-den-Bek" dink ek dit was meer 'n geval van onkunde.

Neem die lang monoloë byvoorbeeld. Hulle dien geen doel behalwe om die verhaal te vertel nie. Hulle word nie ironies of krities aangewend teenoor die res van die spel, wat heeltemal naturalisties is nie. Dit sou 'n uitdaging vir Ilse as regisseur gewees het om hulle heeltemal uit te sny en die probleem dan teatraal op te los.

Simbole word ook binne die hoogs naturalistiese konteks gebruik, soos die baba wat in 'n baadjie verander en nie deurgevoer word nie. Dit kom oor eerder asof 'n regte baba onprakties sou gewees het en toe maar besluit is op die baba/baadjie-simbool.

Waarom hierdie simbole problematies word, is omdat hulle gebruik word saam met 'n "Equus"-perd wat net eenvoudig 'n perd bly en 'n teestel wat weer heel naturalisties aangewend word.

Ek dink Ilse is een van die beste jong regisseurs in die land maar haar probleem is haar agtergrond as akteur. Sy verwar die suiwer teatrale met boeiende toneelspel en maak dus die fout wat meeste Suid-Afrikaanse regisseurs maak.

Hulle skenk nie genoeg aandag aan die formele kenmerke van teater nie. Beligting, klank, beweging, spel, ontwerp, en die teks moet saamwerk om 'n geheel-ervaring te skep.

Die obvious ding is om by die teks vas te haak en net nog 'n psycho-drama op te voer. Ek voel iemand met Ilse se talent moet by die teks verbykom en die werklik teatrale betree. Dit is wat ons hier nodig het. En wie sê dit is nie People's Culture nie? Ons sal dit nie weet nie, omdat ons dit nie doen nie.

Dit bring my uiteindelik by Barbara Masekela uit. Voordat ek uitwei oor haar moet ek duidelik maak dat ek een honderd persent met haar saamstem oor ons kultuur-dilemma en dat dit veroorsaak is deur apartheid.

Wat my pla, is haar verwerping van die sogenaamde Eurosentriese kultuur. Europa het ook tog deur sy eie pyn en revolusies gegaan en miskien kan ons leer by die Europese kultuur, eerder as om dit te verwerp.

Ek sou sê dat 'n groot kunstenaar bydra tot die mensdom, eerder as tot 'n spesifieke partybeleid. Maar ek het nou weer so lank aangekarring oor "diesel and dust" en "Hou-den-Bek" dat ek maar weer moet uitstel tot volgende week.

Ek wil graag 'n hele stuk wei aan die konsep van People's Culture versus normale culture. So volgende week sal ek voortgaan met my soapie oor ons GROOT EN BELANGRIKE SUID-AFRIKAAN-SE KULTUUR WAT BLYKBAAR HEELTEMAL UNIEK IS EN ONS IS ALMAL BAIE SPECIAL.

* 'Houd-den-Bek' is nou in die Roodepoortse Stadsteater te sien.

# M-Net sit ore aan met vullers

M-NET se sogenaamde "vullerprogramme" word baie maklik misgekyk. Dis niks minder as 'n skande nie, want die inhoudsgehalte van 'n aflewering van "60 Minutes", "Heart of the Matter" of "Newsnight" is onvergelykbaar met byvoorbeeld 'n insetsel van die SAUK se "Antenna", wat lelik afsteek by die M-Net-programme.

Hoewel die meeste van die programme op internasionale gebeure en dinge fokus, is dit net so relevant in Suid-Afrika as in enige ander plek. Vat byvoorbeeld die onlangse dieregte-program of die verslag oor Satanisme en die boeiende insetsel oor die AWB (waaroor "Carte Blanche" se Ruda Landman effe ongelukkig was), wat die "60 Minutes"-span gedek het.

Kyk 'n mens na volgende maand se bydraes, is die verskeidenheid onderwerpe alleen verstommend. "Newsnight" kyk na Fidel Castro in Kuba (Vrydag, 3 Aug om 10.40nm) en homoseksuele priesters (Donderdag, 2 Aug om 10.45nm); "Saturday Night" gaan kuier by Londen se skinderkoerante (Vrydag, 3 Aug om 8.30nm) en "60 Minutes" gaan stap in die Amazone op soek na wat oorgebly het van die Cuminapanema-stam nadat Christen-hervormers hulle beetgehad het (Woensdag, 1 Aug).

Om terug te kom na dié week se bydraes: Vanaand om 8.15 lewer "Panorama" 'n verslag oor die weer (ja, wolke en so aan), Maandagaand om 10.30 kyk "60 Minutes" na "anti-fur protestors" en Dinsdagaand om 12.05 word daar met 'n Australiese oggendomroeper gesels.

# Watse ding is dit dié?

**THING? A RECREATION MYTH**
**Deur Andrew Buckland**
**Met Andrew Buckland, Dan Sebogodi en Jennie Reznek**
**Regie: Janice Honeyman**
**In die Baxter-konsertsaal**

**DIESEL AND DUST (...and the fear of free fall)**
**Deur Charles J Fourie**
**Met Marcel van Heerden, Marie Human, Robin Smith en Mike Mvelase**
**Regie: Gerrit Schoonhoven**
**In die Klein-Teater**

**EAST**
**Deur Steven Berkoff**
**Met Jamie Bartlett, Nick Ashby, Lara Bye, Leanne Goronovsky en Barry Burke**
**Regie: Chris Weare**
**In die Baxter-Ateljee**

**ARNOLD BLUMER**

MET sy (her)skeppingsverhaal volgens die evolusieleer bewys Andrew Buckland weer eens - soos met sy prysbekroonde "The Ugly Noo Noo" - hoe vol vindingryke, vernuwende verbeeldingskrag sy kop is.

Drie kwarks, Neut (Buckland), Lep (Dan Sebogodi) en Alpha (Jennie Reznek) gaan op 'n ontdekkingsreis uit die niet om 'n ding te ontdek. Hulle ontdek dit egter nie, maar skep dit self, dié ding, naamlik die heelal.

En dan begin hulle opklim teen die menslike stamboom, van skaaldiere via visse en reptiele tot hulle uiteindelik by homo sapiens uitkom. En net hier hou die storie op. Jammer, want daar sou nou ondersoek kon word hoeveel reptieligheid en aapstreke nog oor is in vandag se mensdom. Ook die storie se begin bevredig nie heeltemal nie: hoe kan jy dan iets ontdek, as jy dit eers self moet skep?

Nogtans lewer al drie spelers puik - en partymaal selfs akrobatiese - spel, veral as visse, reptiele met flitsende tonge en dinosourusse, begelei deur Macek Schejbal, Kelly Petlane en Mandla Zikalala se orkes op die verhoog.

Maar nou het ons by homo sapiens aangekom - en wat nou?

'n Ander skeppingsverhaal is Charles J Fourie s'n. Hier word 'n droom geskep, maar die vraag ontstaan hoekom dit 'n droom moet wees, aangesien hierdie droom reeds so baie mense se werklike bestaan is. Dit het te doen met angs, swart gevaar, lemmetjiesdraadomheinde laermentaliteit, onvervuldheid en die versugting om aan al hierdie beklemmendhede te ontsnap. Frikkie de Jager (Marcel van Heerden) doen dit deur op 'n dagga-dwaal te gaan en mossies te skiet wat hy dan in sy agterplaas begrawe.

Sy vrou, Meisie (Marie Human), oefen valskermspronge vanaf 'n houtkissie en die besoekende Gerald Steenkamp (Robin Smith) bid tot die God van sy voorsate, dra 'n rewolwer en dinamietkerse aan sy gordel en swets en vloek dat die dampe so staan. Die enigste mense wat nie by hierdie ontvlugtingspatroon inpas nie is die regspraktisyn Sorrow en sy pa, Groot Piet, albei gespeel deur Mike Mvelase.

Hulle is die verpersoonliking van die swart gevaar, wat hom enersyds voordoen as die oorsprong vir die ontvlugtingsindroom, maar andersyds volgens 'n programaantekening veronderstel is om droomadvies te gee: "Die Amadlozi is die geeste van die voorvaders ... (Hulle) besoek iemand in sy (haar) drome om advies te gee ..." Maar Mvelase praat skaars 'n paar woorde en van advies is daar min sprake. Watter funksie het sy rol dus in hierdie stuk? Tensy hierdie rol baie sterker uitgebou (of heeltemal geskrap) word, sal 'n mens nie weet nie.

En aan die einde moet ons glo dat dit alles net 'n droom was? Nee wat, daarvoor is Fourie se karakters te realisties, hulle staan met albei voete vas op die grond van die myndorp Westonaria. En so word hulle ook oortuigend vertolk deur Gerrit Schoonhoven se noukeurige leiding. Wat ons hier op 'n belowend nuwe manier gewys word, is 'n stukkie (wit) Suid-Afrikaanse werklikheid, ontstellend en komies, beklemmend en uitsigloos, omdat dit nie die groter werklikheid buite sy eie gesigseinder wil aanvaar nie.

In 'n soortgelyke milieu speel Berkoff se stuk af, net 10 000 kilometer verder noord in die ooste van Londen. Vroeër het Berkoff antieke mites geneem en hulle geaktualiseer ("Greek" en "Agamemnon"). Nou - en glo ook met hierdie stuk se pendant, "West" - kyk hy na hedendaagse lewensomstandighede en historiseer hulle as't ware deur byvoorbeeld die karakters hulle slang in wat klink soos Shakespeariaanse blanke verse te laat praat.

Hierdie slang is egter vir my gedeeltelik onverstaanbaar ten spyte van die mini-glossarium agter op die program. Eerstens ken ek eenvoudig nie die betekenis van sekere woorde nie, en tweedens, al snap ek wat sommige woorde beteken uit die konteks, weet ek nog nie waarna hulle verwys nie, omdat ek die lewensomstandighede in Londen se ooste nie ken nie. Daar was wel mense in die gehoor wat vertroud was met die stuk se verwysingsraamwerk te oordeel aan die gelag uit sekere gestoeltes, maar hulle was in die minderheid.

Die rol van Mike pas Jamie Bartlett soos 'n handskoen - vulgêr, groot- en vuilbekkig op punk- en macho-manier; Les, sy mededinger en vriend, doen dit hom na in die persoon van Nick Ashby. Lara Bye speel die wulpse meisie Sylv waarvan 'n mens by tye net bene en tande sien. Dan is daar die poepende en snorkende pa, gespeel deur Barry Burke, vir my die beste vertoning van die aand; en ten slotte, die afgesloofde ma van Leanne Goronovsky wat haar af en toe ook as seksistiese gebruiksartikel moet voordoen.

Basies gaan dit oor seks, geweld, die alledaagse lewe, nog geweld en nog seks en seks en seks. Daar is pragtige tonele soos die motorfietstoneel of die bioskoop-toneel (wat ek al êrens tevore gesien het). Hoe paradoksaal dit ookal mag klink en hoe erg dit ook die dramaturg se bedoelinge mag weerspreek, dit is een van die meer elitistiese stukke wat ek in 'n lang tyd hier gesien het.

dié week by die
MARK-TEATER

MARK-TEATER
Maan - Vry: 8nm. Sa: 6nm & 9nm
Dorothy Ann Gould in
THE HEIDI CHRONICLES deur Wendy Wasserstein
Regie deur Clare Stopford - 'Nie net 'n snaakse stuk nie, ook 'n wyse een' - NY Daily News

UPSTAIRS
'Hot from the Fringe'
Die beste stukke op die Grahamstadse Randfees

WAREHOUSE BY DIE MARK
Tobie Cronje & Gaby Lomberg in Janice Honeyman se DOUBLE THICK DREAMS -
Ma tot Vr: 7nm vir 8.30nm. Sa: 5.45nm & 8nm vir 9.30nm - 832-1641 - net 10 vertonings oor - eindig 4 Aug

KIPPIES BY DIE MARK
Di tot So: 9nm
Fourth Street met Thayima Be-bop swing/ A'capella - 832-1646

MARK-GALERYE
Ralf Grunder - 'Graffitti van die Berlynse muur'

Telefoon 832-1641
Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040

Johannesburgse Vlooimark: Elke Saterdag van 9vm tot 4nm
Nuwe mark in Pimstraat van 9vm tot 4nm. Sondae by die Mary Fitzgeraldplein van 9 vm tot 4nm.

# 'Konserwatiewe' Blye Boodskap

**JESUS OF MONTREAL**
**Met Lothaire Bluteau, Catherine Wilkening, Johanne-Marie Tremblay, Remy Girard, Robert Lepage**
**Regie: Denys Arcand**

**JAN KONTERDANS**

JESUS CHRISTUS en Jacques Brel het meer in gemeen as dat albei perdfris en gesond is en woon in 'n groot stad, dankie. Soos Jim Morrison en Jim Reeves wat al in plekke soos die Vrystaat opgemerk is, is hulle onsterflik. Omdat hulle tragiese lewens gelei het, spook hulle by 'n mens.

So ek was bly om Jesus, wat ek laas as kind gesien het, weer in Montreal raak te loop. Of wel in Rosebank. Maar weer het die storie droewig geëindig, so I'll be damned as hy nie reeds in Suid-Amerika opgeduik het nie.

Dit was in elk geval 'n aangename verrassing. Die rolprent ontvou soos 'n strooibiljet in die verbeelding lank nadat jy dit gesien het. Dis volgeprop met intertekstuele verwysings en simboliek. Die veelvlakkigheid daarvan relativeer enige iets wat 'n mens daaroor te sê het tot 'n voetnota.

Om die Jesus-verhaal nuut te maak, is nie so moeilik nie, want dis 'n argetipiese verhaal en beskawings en mense skoei hul lewens gedeeltelik op sulke verhale.

Die gegewe van 'n moderne Jesus val dus in die filmmaker se skoot, maar dit doen nie af aan die kunswerk nie. 'n "Maklike" verhaal kan ook baie goed wees.

Op die eietydse vlak is dit die verhaal van Daniel Coloumbe, 'n jong, onbekende akteur wat, soos baie van sy Westerse geslagsgenote, in Indië gaan reis het en terugkeer na Kanada. Hy gaan Montreal toe, kry 'n opdrag van die Katolieke Kerk om Jesus in 'n jaarlikse Passiespel te vertolk en dit op die koop toe op te kikker.

Hy versamel 'n handvol akteursvriende - twee mans en twee vroue - en hulle bied 'n herinterpretasie van die Passiespel in die tuine van die katedraal aan. Die aanbieding word op televisie beskryf as die "hottest show in town".

Die Kerk is ontevrede dat die Jesusverhaal in eietydse terme vertel word, en stop die produksie.

Die akteurs en toeskouers glo in hul weergawe en gaan onwettig met die produksie voort. In 'n onderonsie tussen die polisie en toeskouers val die kruis met Daniel wat daaraan hang op die grond en vergruis hom. Hy sterf later in die hospitaal. Die voorspelling van 'n mede-akteur word so bewaarheid: dis gevaarlik om tragedie op te voer.

Ander mense se lewens word gered deurdat Daniel se organe op hulle oorgeplant word. Sy mede-akteurs besef die sin van sy lewe - dat hy teater vry van kommersiëele "prostitusie" wou skep, en maak planne om 'n teater na hom te vernoem.

Die morele verval van die funksie van drama binne die hedendaagse lewe word die "objective correlative" vir die sondeval van die mens. Drama (en kuns) word deur geldbaronne misbruik om 'n oppervlakkige wêreld daarmee te skep wat die doel van drama - om 'n geestelike dimensie te skep - verloën. Goeie drama en 'n geestelike lewe het baie in gemeen, wil die rolprent sê.

(Nietzsche het die tema verken in Die Geboorte van die Tragedie, waar hy aantoon hoe die antieke Griekse teater juis as godsdiens ontstaan het.)

Die rolprent lewer kritiek na weerskante. Enersyds kom die Kerk onder skoot omdat hy nie die dramatiese, skuiwende aard van die Christelike godsdiens wil erken nie. Die Christelike geloof is tog 'n teks wat van tydperk na tydperk moet beweeg en sy terme by die kulturele omgewing moet aanpas om te kan oortuig.

***Soos Jim Morrison en Jim Reeves wat al in plekke soos die Vrystaat opgemerk is, is Jesus Christus en Jacques Brel onsterflik***

Die waarskuwing is ook duidelik: dat hy irrelevant en skynheilig sal word as hy dit nie doen nie.

Die priester wat 'n verhouding met een van die aktrises het - 'n Maria Magdalena-figuur - maak dieselfde fout as die Fariseërs van toentertyd. Hy is skynheilig, want hy verhef die "Wet" bo die strekking van die "Woord" en sink weg in die kontradiksies wat nie sou bestaan het as hy nie so stiksiende was nie. Tog het die kyker simpatie met alle karakters.

Die Roomse simbool van die Maagd-Moeder, wat vervang word deur 'n meer hedendaagse siening van die geboorte van Christus, is vir die priester belangriker as Daniel se dringende boodskap: dat kommersiële kuns die punt van kuns nie snap nie.

Andersyds, loop die sekulêre wêreld deur vir sy volslae afwesigheid van geestelike waardes en 'n geestelike bestaan. Die Kerk ontken dat die wêreld 'n dramatiese gegewe en 'n verhaal is, die "wêreld" op sy beurt, vervlak hierdie drama tot show biz.

In die eerste toneel van die rolprent pleeg 'n jongman selfmoord omdat hy nie antwoorde op die vrae van die lewe kry nie. Skielik bring die kamera 'n bietjie afstand tussen die toneel en die kyker, en 'n mens besef met 'n skok jy kyk na 'n verhoogstuk. Op verskeie maniere maak die rolprent die punt dat enige werklikheid wesenlik 'n teks met 'n verhaal is.

Die boodskap aan die fundamentaliste is duidelik, maar dieselfde boodskap aan die sekulêre wêreld is meer onthutsend: die kommersiële baaierd waarin ons leef is nie 'n gegewe waaraan ons niks kan doen nie, maar 'n verhaal van uitbuiting wat die mens self geskryf het en voor verantwoordelik is.

Die speler wat in die toneelstuk selfmoord pleeg, verwerf daardeur roem en is nie in staat om hom van die kommersiële teater los te maak nie, al besef hy dat Daniel, in sy eie woorde, die "werklik goeie akteur" is. Soos die ryk jong man "hang" hy homself aan show business op.

Hoe die eietydse met die Bybelse verhaal korreleer, is deurgaans aangrypend: 'n Volgepakte moltrein wat wegtrek wanneer Daniel (Jesus) op die perron sterf, simboliseer bv. die "breë weg na die verdoemenis" en daar is die toneel waar "Satan" vir Daniel op die boonste verdieping van 'n wolkekrabber versoek.

Die kritiek het al opgeklink dat die rolprent "oorgemanipuleerd" is. Veral die tonele waarin die alledaagse lewens van die akteurs uitgebeeld word, kan teatraal aandoen.

Maar 'n mens moet in gedagte hou hulle is akteurs en maak doelbewus drama van hul lewens.

"Jesus of Montreal" val ook in die Franse rolprenttradisie, wat meer erkenning aan die dramatiese, speelse aard van die alledaagse bestaan gee as Hollywood.

Laasgenoemde buig agteroor om die "reële" onbewuste oomblik vas te vang, maar as gekyk word watter tradisie die meeste geposeerde en selfbewuste momente het, is dit juis die Hollywood-tradisie.

Die rolverdeling is 'n kragtoer soos min. Lothaire Bluteau se "wispy" teenwoordigheid en sagmoedige krag as 'n Jesus-figuur is heeltemal oortuigend.

"Jesus of Montreal" is 'n verruklike weergawe van die Christusverhaal in eietydse terme, maar dit wyk nie van die ortodokse betekenis van die inhoud af nie.

Dis in die filosofiese sin dus 'n gesêkulariseerde werk. Juis daarom is die mense wat die waarskynlikste aanstoot kan neem aan hierdie omstrede rolprent nie teoloë nie, maar intellektuele met 'n futuristiese ingesteldheid wat die verganklikheid van alle inhoude aanvaar.

Hierdie is 'n kunswerk wat oortuig, en van sy eie "boodskap" oortuig is. Daarom kan dit nie as agnosties beskryf word nie.

Dis eintlik 'n "konserwatiewe" movie wat die Blye Boodskap uitdra.

En dit bewys dat die boodskap meer ter sake is as ooit tevore, maar slegs as 'n verskuiwende teks wat met die seisoene kan wissel en staande bly.



*Max von Sydow*

# Pelle die oorwinnaar

***DIT wil voorkom of die Skandinawiese lande hul rolprentboikot op Suid-Afrika effens verslap het. Hoewel enkele prente soos "Babette's Feast" deurgeglip het, was die boikot redelik effektief en het ons ander goeie prente soos "My Life as a Dog" nooit hier gesien nie.***

***Toe "Pelle the Conqueror" in 1988 een van die treffers op die Cannes-Fees was, wou die vervaardigers dit nie aan Suid-Afrika verkoop nie. Nou het Ster-Kinekor aangekondig dat hulle binnekort dié epiese Deense prent - die prent het niks met sokker uit te waai nie - hier gaan uitreik.***

***Die regisseur Bille August het die regte vir Martin Andersen Nexo se klassieke roman oor die proletariaat in 1983 bekom. August is toe pas by die Moskou-Rolprentfees bekroon vir sy "Twist and Shout".***

***Die prent is in samewerking met die Deense Rolprent-Instituut vervaardig. Dit was nie maklik nie. Verfilming het drie jaar lank geduur. (Max von Sydow - regs - speel die hoofrol van 'n armsalige werker en die 11-jarige Pelle Hvenegaard - links - speel sy seun.)***

***Maar dit was beslis die moeite werd. Dit is 'n skitterende - 'n mens kan die lang, uitmergelende tonele van smart en lyding nie juis genotvol noem nie - herskepping van die lewe voor die industriële revolusie.***

***August praat só oor "Pelle": "Ek wou die roman gebruik as grondslag vir 'n breë, epiese prent oor die mens in sy oorspronklike gedaante. Die mens is 'n eensame skepsel en omdat hy of sy bewus is van sy bestaan en sy verganklikheid, verlang hy of sy na die liefde van ander mense en kontak met die natuur.***

***"As kind put Pelle krag uit die natuur. Hy identifiseer daarmee en leef in harmonie daarmee. Maar sy oopheid laat hom weerloos en bring baie mislukkings mee. Hy leer hoe om sy menswaardigheid te bewaar.***

***"Pelle se storie is universeel en ewigdurend. Die prent is hoofsaaklik 'n verhaal van geloof in mense. Dit is nie 'n realistiese sosiale dokument nie. Armoede en lyding is al genoeg in ander prente beskryf. In 'Pelle' is hulle bloot die agtergrond. Die belangrikste aspek in die roman vir my is die groot, beeldskone en dramatiese beskrywings van mense."***

***- ANDREA VINASSA***

# Fate both benign and cruel



**RANDY LE ROUX**

**It was with a thrill of anticipation that I settled down in front of a television set a few months ago to watch Richard Haines play a charmingly dissolute liberal newspaper editor in Robert Kirby's teleplay "Final Edition".**

**The programme provided a rare opportunity to glimpse Haines practising his finely-honed craft, in the furtherance of which he had left these shores for England two and a half years ago.**

**Tragically, at the time the teleplay was reminding us how sorely Haines had been missed since leaving for London, he had collapsed on stage there and been taken to hospital.**

**Flown back to South Africa last week, he died on Sunday. Platitudes of sorrow and regret cannot express the enormous loss to the art of theatre caused by his premature death at 41. An acting career already studded with critical acclaim and popular approval was destined for even greater achievements, portents of which were provided by his triumph as Lear for the Royal Shakespeare Company at Stratford-upon-Avon and the Almeida Theatre in London.**

**Haines signed up with the RSC for a year in 1988, following his Iago opposite John Kani's Othello in Janet Suzman's production of "Othello" at The Market Theatre.**

**Richard Haddon Haines was born in Empangeni in 1948. His drama training took him to the University of Natal and to UCT. In 1973 he joined Pact and the following year won the prestigious Stewart Leith Award for best actor in "Children of the Wolf".**

**Haines earned another Stewart Leith Award in 1982 for his superb playing of Antonio Salieri in "Amadeus". It was a performance of the kind one is vouchsafed once in a lifetime and even now I recall with wonder and pleasure the brilliance of Haines's creation.**

**Equally remarkable was his Clarence Darrow in the play of the same name. Haines delighted in the playing of the punctilious American lawyer, leavening the character's inexorable logic with humanity and humour.**

**Haines's deep love of and commitment to Shakespeare was rewarded in his time with the RSC. But fate was both benign and cruel in allowing him the jewel of Lear and then snatching him away so soon.**


Galery
Standard Bank Sentrum

**Wenners van Standard Bank se Jongkunstenaarstoekenning**

*Bonnie Ntshalintshali*
*en*
*Fèe Halsted-Berning*

*Plek:*
**Standard Bank Sentrum Galery**
H/v Simmonds- & Frederickstraat
Johannesburg

**U word uitgenooi om die uitstalling te besigtig**
Reël vir parkering: Tel: 636-2354

**Galery-ure:**
Maandag - Vrydag 08:00 - 16:30
Saterdag 8:00 - 12:30
Die uitstalling sluit op Saterdag, 25 Augustus 1990

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde bank) Reg. no. 62/00738/06
SBSA 207213 15x3/BW


# Mooi rooi kleur van vleislus



**VICTOR MUNNIK skryf oor TV**

NES ons begin kla, moet ons hoor dis ons eie skuld. Die slagters, sê "50/50", het die kankerwekkende nitrate uit die vleis gehaal, maar toe kla die publiek die vleis is te vaal. Dis mos die mooi, rooi kleur wat ons mense agter aan eet.

Self het ekke half moeilik gesluk aan al die karkasse op Dinsdagaand se nuus. Eers al die bloed en doodslag, dan nog al die partye en bewegings se kleure en embleme, en hulle kommentare. Toe die doodgeskiete Harms-getuie in die veld, toe die geveg van die slagters.

En wat is ons liewe volkie se reaksie?

Hulle staan lang toue die straat af om die goedkoop vleis te kom koop van die leerlingslagters. Nes rugbygeesdriftiges nagwaak hou om kaartjies vir 'n groot wedstryd te koop.

### *Bitter einde*

"Die Game" het ook na 'n bittere einde geswiep. Ou Charlie se ma-hulle wil skei, dis nog te verstane. Maar toe slaan Charlie se grootste bewonderaar hom met 'n piksteel oor die kop. Net omdat Charlie nie van hom hou omdat hy 'n rassis is nie.

Oeps, daar duik die kranige Charlie sy maatjie morsdood, net omdat dié vir Noord-Transvaal speel in pleks van Province.

'n Jaarlange depressie volg, wat eers eindig toe Charlie die skoollaaties leer rugby speel. Hy leer hulle darem so hardloop dat hulle knieggies nie seerkry nie.

### *Vet spook*

Intussen spook die vrees vir vetwees ook nog onder ons volkie. Brumilda van Rensburg se ouma, byvoorbeeld, is dood aan vet.

Alleen maerword, is egter swaar, dus het die stewige spannetjie besluit om hul skraal toekoms in te stap voor die oë van die hele volk.

Hul eerste verskyning was om 'n kreunende tafel, waar hulle mondvol vir mondvol afskeid geneem het van koek en tert. Ons kan maar net sê, vasbyt mense.

### *Nooit*

Dis seker nie die eerste keer dat mense vir Schalk "Boer" Jacobsz gelag het nie, maar hy gooi darem daai KGB-aksent so in die begraafplaas van die binnekring. En kon julle kop of stert uitmaak van die baasspioen Alias Maske en sy girlfriend van die Patrys Loemoemba-universiteit in Siberië se liefdesnaweek op Majorka? Onthou net, meisie, "daar is sekere dinge wat jy my nooit moet vra nie".

### *Punk*

Ek het nooit geweet ou Germanicus was so 'n kranige skut nie, reg om die Geel Raka's met pistool en rewolwer van Bloubergstrand af te hou nie.

Maar hoe kon so 'n strateeg oom Paul uitlaat uit daardie ongelukkige Republiekfeeskonsert? Hy wat nadoods deur tannie Elize gekroon is tot boerepunker, kon mos 'n lekker nommer geskryf het oor oom Paul en Sammy Marks en die Vol Bottels, met 'n raserige slottoneel in Jamesons, Commissionerstraat.

Maar wie wil nie oud word soos oom Wyk nie? Agteroor sit met 'n sakdoek oor die oë as die lig jou pla of die gaste jou verveel. En ver van iewers ruggelings stort, tyd hê om jou sterfgebed te versorg.

# Nege 'tax shelter'-flieks op Hollyveld-fees

DIE Amerikaanse TV-persoonlikheid wat homself so lekker tuisgemaak het in Suid-Afrika, Ted Le Plat, is die seremoniemeester by die rolprenttydskrif Southern Screen and Stage se "Suid-Afrikaanse Rolprentfees" ... dit is 'n fees van prente wat gemaak is toe jy nie 'n goeie draaiboek nodig gehad het nie, bloot 'n groot behoefte om Jan Taksman te ontwyk.

Altesame nege prente word Sondag by die Nu Metro-teaters in Hyde Park vertoon. (12nm, 2.15nm en 8.15nm). Maar dis nie al nie. Die regisseur, Cedric Sundstrom, sal die publiek wys wat agter die skerms op 'n rolprentstel aangaan deur 'n paar tonele uit "The Foster Gang" - na verneem word behartig hy die regie van dié prent binnekort - te verfilm. Dié vertoning begin 10.30vm.

Daarna kom van die sterre van die prente wat om 12nm vertoon word, in hoge movie-styl daar aan. Verskeie uitstallings sal te sien wees.

'n "Hollyveld" gala-partytjie word teen laatnag gehou. Kaartjies is teen R70 te koop.

Die feesprente is: Bruce McFarlane se "African Express"; Gray Hofmeyr se "Dirty Games"; Jan Scholtz se "Paradise Road"; Cedric Sundstrom "American Ninja IV"; "Voice in the Dark" met Sandi Schultz en John Savage; "Prey for the Hunter" met Todd Jensen; Sias Odendaal se "Nukie"; "Rutanga Tapes" met Susan Anspagh, en ook Darrell Roodt se "The Stick."

# Die jonger geslag sê hul sê

**MOENIE die avant garde-tentoonstelling by die SA Kunsvereniging in Pretoria misloop nie.**

**Onlangse werke deur Arlene Amaler-Raviv, Wayne Barker, Kendell Geers, Neil Goedhals, Gunther Herbst, en Joachim Schönfeldt is te sien.**

**Die tentoonstelling vertoon onder meer Schönfeldt se beeldhouwerk wat nie aanvaar is vir die Johannesburgse Kunsmuseum se wedstryd nie.**

**Die radikale nuwe uitgangspunt van die "jonger geslag" kunstenaars word hier verteenwoordig.**

## TEATER

### JOHANNESBURG

Guy Butler se DEMEA is by die *Alexander-Teater* in Braamfontein te sien. Met Graham Hopkins en Louis van Niekerk. Tel: (011) 339-3461.

Ian Fraser is duidelik terug in Johannesburg met drie produksies by *Windybrow* se *Dalro-Teater*. DOGS OF THE BLUE GODS speel om 7nm, UNCENSORED om 8.15nm en CHALES MANSON om 9.30nm. Tel: (011) 724-3301.

Susan Pam se uitmuntende CURL UP AND DYE is terug by die *Mark-Teater*. Tel (011) 832-1641.

By die *Victory-Teater* in Orange Grove is JESUS CHRIST SUPERSTAR te sien.

By die *Mark-Teater* se *Warehouse* is Janice Honeyman se DOUBLE THICK DREAMS te sien. Met Gaby Lomberg, Tobie Cronje, Tonia Selly en Lana Green. Tel: (011) 832-1641.

By die *Alhambra-Teater* kan Gordon Mulholland en Rex Garner in MOVE OVER MRS MARKHAM gesien word. Tel: (011) 402-7726.

### KAAPSTAD

*Baxter-Teater*, Mainstraat: *Studio*: Berkoff se EAST. Tot 11 Augustus. Tel: (021) 685-7880.

*Concert*: Andrew Buckland se THING! is tot 4 Augustus hier. Tel: (021) 685-7880.

*Nico Malan-Teater: Theatre*: WHO'S AFRAID OF VIRGINIA WOOLF. Tot 21 Julie. Met Michael McGovern en Christine Basson. Tel: (021) 21-5470.

*Opera*: SWEENEY TODD wissel af met die vertoning CANDIDE. Tot 28 Julie. THE RAPE OF LUCRETIA open 28 Julie. Tot 5 Augustus. Tel: (021) 21-5470.

In die *Arena* is THE ZOO STORY tot 4 Augustus. Tel: (021) 21-5470.



*The Heidi Chronicles open dié week by die Mark-Teater met: Nicky Rebelo, Dorothy Anne Gould en Jonathan Rands*

## GALERYE

### JOHANNESBURG

*Karen KcKerron-galery*, Bryanston: Uitstalling van werke deur Pamela Prendini. Tot 1 Augustus.
*Gallery on the Market*, Newtown: Uitstalling van werk deur Alastair Findlay, Derek Bauer en Tinus Horn. Tot 14 Augustus.
*Les Art International*, Rosebank: Uitstalling van etse en kunswerke deur verskeie kunstenaars. Tot einde Augustus.
*East Urquhart-galery*, Melville: Uitstalling van blommeskilderye deur Sharland East-Urquhart. Tel (011)726-6677.
*Kim Sacks-galery*, Yeoville: Op die laaste Sondag van elke maand hou die galery 'n oop dag wanneer die publiek die geleentheid kry om kunstenaars in aksie te sien. Mandjiemaak-demonstrasies en so aan. Tel: (011) 648-6107.
*Theresa Jo se Workshop*, Bizarre-sentrum, Yeoville: Handgemaakte juweliersware en 'n verskeidenheid van etse deur Theresa Naude.
*African Magic*: Inheemse handwerk en kunsartikels. Ongewoon en outentiek. Rockeystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwood-sentrum 9a, Plettenbergbaai.
*Zona*. Naïewe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg. Uitstalling deur Samson Mudzunga.

### KAAPSTAD

*South African Association of Arts*, Kerkstraat: Uitstalling van nuwe werke deur Patricia Perloff. Tot 28 Julie.
*Baxter-Galery*: Algemene galery-uitstalling.
*Art Scene*, Seepunt: Gemengde galery-uitstalling.
*Chelsea-galery*, Waterlooweg 51, Wynberg: Uitstalling deur verskeie plaaslike kunstenaars.
*Gallery 709*, Adderleystraat: Uitstalling getiteld Contemporary Trends II. Galeryversameling wat beeldhouwerke en skilderye deur plaaslike en internasionale kunstenaars insluit, onder andere: Judith Mason-Attwood, Philippa Hobbs en André Naude.
*Kunskamer*, Bergstraat 14: Suid-Afrikaanse kunstenaars soos Pierneef, Maud Sumner, Maggie Laubser, Irma Stern, Preller, Welz, Kibel, Caldecott en Boonzaaier.
*Gallery International*, St Georges-sentrum: Algemene uitstalling.

## MUSIEK

### JOHANNESBURG

*Jamesons*, Commissionerstraat: Die jol is weer aan met verskeie jazz-groepe wat elke Woensdag, Vrydag en Saterdagaand optree. Tel: (011) 834-2351.
*Piccadilly Bar*, Highstraat, Brixton: Vanaand: Little Sister. Woensdag: Diamond Dogs. Saterdag: Jack Hammer. Tel: (011) 726-6019.
*Roxy Rhythm Bar*, Melville: Maandag: Count Ash, Dinsdag: Little Sister, Woensdag: P J Powers. Donderdag: Tananas, Vrydag: Fat City, Saterdag: Diamond Dogs. Tel: (011) 726-6019.
*Rumours*, Rockeystraat: Woensdag: Louis Levy, Donderdag: Stan Jones (klavier) en Art Kelly (bas). Hulle tree ook Sondae saam met Gil Anderson (tromme) op.
*Radium Beer Hall*, Louis Bothalaan: Sondae: The Fat Sound Big Band tree hier op. Bel om uit te vind watter Sondae: (011) 728-3866.
*Kippies*, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandae, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.) Fly by Nite tree tans hier op - jazz fusion.
*The Junction*, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en pool-kamer. Welkome afleiding van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior is soms Saterdagaande die platejoggie. Vir "denkende" jollers.
*Late Nite Duke's*, Melville: Laatnag-alternatief vir middelstedelinge. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.
*Club Manzattan*, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle soorte musiek.
*Blues*, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek. Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

### KAAPSTAD

*Base*: Sondag is Jazz Denn. Tel:(021) 23-3667 vir inligting oor wat in die week daar aangaan.
*La Med*, Victoriastraat, Clifton: Jeff Weiner en Mainstream elke Saterdag van 2 tot 6nm.


NU METRO THEATRES
NOW SHOWING: 27 JULY-2 AUGUST
* Main Feature starts 15 minutes after advertised times * BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO 1-6 HYDE PARK 447-3091
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROGER AND ME — Michael Moore (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
MADAME SOUSATZKA — Shirley MacLaine, Peggy Ashcroft (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE LITTLE MERMAID — Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO CITY 1-8 (Formerly Ster City) Cnr. CLAIM/PLEIN ST. 337-3033/23-5871 Parking at Jack Mincer
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19) DAILY: 10.00, 2.00, 5.15, 8.45
JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 BALFOUR PARK 887-8548
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 ALBERTON 907-2362
PRETTY WOMAN — Richard Gere, Julia Roberts (2-14) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

LEBA KLERKSDORP (018) 24564
THE LITTLE MERMAID — Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J. Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 COURAGE MOUNTAIN — Charlie Sheen, Leslie Caron (A) MON-FRI. 6.00, 8.30, SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 CAT CHASER — Peter Weller, Kelly McGillis (2-19) MON-FRI 6.00, 8.30. SAT 2.30, 6.00, 8.30

NU METRO 1-6 BEDFORDVIEW 616-6828
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
SHIRLEY VALENTINE — Pauline Collins, Tom Conti (2-16) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
FANTASIA — A Walt Disney Classic (A) DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SKI PATROL — Roger Rose, Martin Mull (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 HILLBROW 724-2511
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE LITTLE MERMAID — Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
SEX, LIES AND VIDEOTAPE — James Spader, Andie MacDowell (2-18) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
ROGER AND ME — Michael Moore (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BACK TO THE FUTURE III — Michael J Fox, Christopher Lloyd (A) DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO RANDBURG 787-0340
THE LITTLE MERMAID — Walt Disney Animated Adventure (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

7 ARTS NORWOOD 483-1680
BOLERO — DAILY 2.00, 7.15 (2-18)
LIFE OF BRIAN — DAILY 5.15, 10.15 (2-21)

SHARE THEATRES 494-1137 1-8 ALL ADMISSIONS R2,50
JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CRY FREEDOM — Denzel Washington, Kevin Kline (2-19) DAILY 10.00, 2.00, 5.15, 8.45
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19) DAILY. 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
YOUNG EINSTEIN — Yahoo Serious, Adile Le Clezio (A) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
THE DELINQUENTS — Kylie Minogue, Charlie Schlatter (2-14) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
NEXT OF KIN — Patrick Swayze, Helen Hunt (2-16) DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MEGACITY NU METRO MMABATHO (0140) 2-3553
MON-SAT: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 SUN 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.00
BAD INFLUENCE — Rob Lowe, James Spader (2-19)
INTERNAL AFFAIRS — Richard Gere, Andy Garcia (2-19)
HARD TO KILL — Steven Seagal, Kelly Le Brock (2-18)
JOE VERSUS THE VOLCANO — Tom Hanks, Meg Ryan (A)

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830
NOW SHOWING: Jessica Tandy Morgan Freeman DRIVING MISS DAISY Drama (A)



NU METRO THEATRES PRETORIA
Now Showing 27 July-2 August

NU METRO OSCAR Jeppe Street, Sunnyside 341-7682
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO SUNNYSIDE Esselen Street 44-9867
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO VILLAGE 1-2 Sunnyside 44-6096
INTERNAL AFFAIRS — Action (2-19) Richard Gere, Andy Garcia DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Ski Patrol — Red-Hot Comedy Action (A) Roger Rose, Martin Mull DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-7 Menlyn Park 47-4568
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
CAT CHASER — A Sexy Crime Thriller (2-19) Peter Weller, Kelly McGillis DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Ski Patrol — Red-Hot Comedy Action (A) Roger Rose, Martin Mull DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
sex, lies and videotape — Award Winning Sex Drama (2-18) James Spader, Andie MacDowell DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
The Little Mermaid — A Walt Disney Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266
400 Courage Mountain — Adventure (A) Charlie Sheen, Leslie Caron MON-FRI: 6.00, 8.30. SAT: 2.30, 6.00, 8.30
150 CAT CHASER — A Sexy Crime Thriller (2-19) Peter Weller, Kelly McGillis MON-FRI: 6.00, 8.30 SAT: 2.30, 6.00, 8.30

NU METRO NELSPRUIT 1-3 The Promenade (01311) 25767
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Ski Patrol — Red-Hot Comedy Action (A) Roger Rose, Martin Mull DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BOOK AT COMPUTICKET



NU METRO THEATRES
NOW SHOWING 27 July-2 August

NU METRO STUTTAFORDS 1-3 TOWN SQUARE 26-1818
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Next of Kin — Explosive Action Drama (2-16) Patrick Swayze, Helen Hunt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO FISH HOEK 1-3 TOWN SQUARE 82-2404
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Next of Kin — Explosive Action Drama (2-16) Patrick Swayze, Helen Hunt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO SEA POINT 1-4 MAIN ROAD 434-7951
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
The Little Mermaid — A Walt Disney Adventure (A) DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

NU METRO BRACKENFELL 1-4 CHECKERS CENTRE 981-8100
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00
Pretty Woman — Romantic Comedy (2-14) Richard Gere, Julia Roberts DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Back To The Future III — Action Comedy Adventure (A) Michael J. Fox, Christopher Lloyd DAILY: 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15
Next of Kin — Explosive Action Drama (2-16) Patrick Swayze, Helen Hunt DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO OSCAR ADDERLEY STREET 45-2585
sex, lies and videotape — Season Ends Soon (2-18) James Spader, Andie MacDowell DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO RONDEBOSCH MAIN ROAD 685-4569
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader DAILY: 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

NU METRO 1-2 MITCHELL'S PLAIN 32-2040
BAD INFLUENCE — Suspense Thriller (2-19) Rob Lowe, James Spader PLUS YOUNG GUNS — Outdoor Action (2-10) Charlie Sheen, Kiefer Sutherland MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30 SAT 11.00, 3.30, 8.00
Live Hard — Karate Action (A) PLUS Tiger On The Beat — Karate Action (A) MON-FRI. 9.30, 2.00, 7.30 SAT. 11.00, 3.30, 8.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

# FILMS

*****Voortreflik
****Sterk aanbeveel
***Sien gerus
**So-so
*Vermy as jy nugter is
Prente sonder sterretjies is nog nie beoordeel nie

***** *SEX, LIES AND VIDEOTAPE* - Andie McDowell speel die rol van 'n ongelukkige huisvrou en James Spader speel 'n soort hippie met seksuele probleme in die wonderlike fliek wat 'n Palm D'Or by die Cannes-filmfees ingepalm het.

***** *PRETTY WOMAN* - Richard Gere is 'n sakeman, kompleet met grys 'saidies', wat perongeluk op 'n prostituut verlief raak. Julia Roberts (van Steel Magnolias-faam) is die vriendelike prostituut. 'n Lokettreffer.

***** *MY LEFT FOOT* - Met Daniel Day Lewis in die hoofrol as 'n paraplegiese skrywer en kunstenaar in die fliek wat vir verskeie toekennings benoem is.

**** *TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES* - Die fliek oor vier baie dapper skilpaaie, 'n pragtige joernalis- genaamd April en die boef- Shredder, is uiteindelik hier.

**** *STORMY MONDAY* - Melanie Griffith, Tommy Lee Jones en Sting speel in die romantiese riller.

*** *THE FABULOUS BAKER BOYS* - 'n Lekker agteroorsit-fliek oor 'n pragtige sangeres (Michelle Pfeiffer) wat twee broers se lewe (en bankbalans) opkikker met haar pragtige stem en lyf. Ook met Jeff en Beau Bridges.

*** *DRIVING MISS DAISY* - 'n Fliek oor 'n ouerige dame wat noodgedwonge vir haar 'n motorbestuurder moet aanskaf.

*** *QUEEN OF HEARTS* - 'n Seun onthou sy jeugjare, verander sy familie se lewe tydens een aand se kaartspeel en verlang na die cuppuchino-masjien. Met Anita Zagaria, Joseph Long en Ian Hawkes.

*** *FANTASIA* - Die 50ste herdenking van Walt Disney se fantasie-film met Leopold Stokowski en die Philadelphia-orkes.

** *THAT SUMMER OF WHITE ROSES* - 'n Man probeer wys dat hy nog 'n man is, dis oorlog, 'n mooi vrou raak op hom verlief en op 'n stadium is daar baie spanning. Gebaseer op 'n ware verhaal. Met Tom Conti en Susan George.

** *MADAME SOUSATZKA* - Shirley MacLaine speel die hoofrol en dit alleen regverdig 'n kuiertjie by die fliek.

** *THE LITTLE MERMAID* - Hans Christian Anderson se verhaal oor 'n meermin wat graag 'n mens wil word. Wenner van twee Academy-toekennings.

** *BACK TO THE FUTURE III* - Wonder waarheen is hulle dié keer. Steven Spielberg het seker 'n plek gekry. Met Michael J. Fox, Christopher Lloyd en Mary Steenburgen.

** *DELINQUENTS* - Kylie Minoque in 'n fliek oor twee tieners wat nie hulle mind kan opmaak of hulle wil of nie wil nie, en dis al. Charlie Schlatter is die tienerseun wat die probleem deel.

* *LISTEN TO ME* - Iemand luister nie vir iemand nie in die drama oor drie vriende met probleme. Met Kirk Cameron, Jami Gertz en Tim Quill.

* *SKI PATROL* - 'n Vreeslike vervelige fliek oor 'n klomp jong Amerikaners wat die winter in die berge deurbring (waar dit baie sneeu) en hoe hulle 'n ski-oord uit die kloue van 'n klomp gretige boewe red.

*ERIK, THE VIKING* - John Cleese is terug in hierdie baie snaakse fliek oor 'n sensitiewe Viking (Tim Robbins) wat soek na die antwoord op die groot vraag: waaroor gaan dit eintlik nou alles. Daar is natuurlik vrouens by die saak betrokke. Ook met Mickey Rooney.

**Vervolg op bl B8**

*Teenage Mutant Ninja Turtles kyk TV*



## Kaapstad


SK WORD NOU VERTOON — VRYDAG en SATERDAG 27 en 28 JULIE 1990
**ROLPRENTE**
**TEATERS** — VOORUITBESPREKING BY COMPUTICKET (NAVRAE (021) 21-4715)

**Blue Route Tokai**
Blouroetesentrum, Tel. 75-3030
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 8.15, 10.15 nm
KEVIN KLINE • TRACEY ULLMAN
RIVER PHOENIX • WILLIAM HURT
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.00, 10.15 nm
• BETTE MIDLER •
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
JOHN (NIGHT COURT) LARROQUETTE
**• MADHOUSE •**
Mede-Speler:- Kirstie (Look Who's Talking) Alley (2-12)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15 nm ALLEEN
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
SAANS: 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
**THE PACKAGE** (2-14)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45 en 5.15 nm
**THE LITTLE MERMAID**
Verbysterend – Genotvolle tekenprent vir ALMAL
SAANS: 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
**LISTEN TO ME**
Dit is omtrent die lewe. (2-14)

**Maynard Mall Wynberg**
HOOFWEG, TEL. 761-0131
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 8.15, 10.15 nm
KEVIN KLINE, TRACEY ULLMAN, RIVER PHOENIX, WILLIAM HURT
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
**LISTEN TO ME** (2-14)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45 en 5.45 nm ALLEEN
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
SAANS: 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
**THE FABULOUS BAKER BOYS**
VOLWASSENES DRAMA (2-18)

**Monte Carlo**
STRANDGEBIED, TEL. 25-3052
MAAN-DON: 10.30 vm, 2.30, 5.30, 8.30 nm
**A CHORUS OF DISAPPROVAL**
Alan Aykbourn se Wen-Komedie (ALMAL)
MAAN-DON: 10.30 vm, 2.30, 5.30 en 8.00 nm
JOHN CLEESE • MICKEY ROONEY • SARAH KITT
**ERIK THE VIKING** (ALMAL)

**Protea Claremont**
HOOFWEG, TEL. 61-7979
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.15, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
• BETTE MIDLER •
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15 en 5.15 nm ALLEEN
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
SAANS: om 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
**STORMY MONDAY** (2-16)

**Constantia Rosebank**
HOOFWEG, TEL. 686-6649
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.20, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15 nm
**JESUS OF MONTREAL** (2-18)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
**QUEEN OF HEARTS**
DIE SEISOEN SE SOETSTE VERRASSING (Almal)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 2.45 en 8.15 nm ALLEEN
**THAT SUMMER OF WHITE ROSES** (2-18)
DAAGLIKS: 12.15, 5.45 en 10.30 nm ALLEEN
**TROP BELLE POUR TOI** (2-18)

**Goue Akker**
MIDDESTAD, TEL. 25-2720
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
KEVIN KLINE • TRACEY ULLMAN
RIVER PHOENIX • WILLIAM HURT
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45, 5.45, 8.15, 10.15 nm
• BETTE MIDLER •
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30 en 2.45 nm ALLEEN
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
SAANS: 5.15, 7.45 en 10.00 nm ALLEEN
**LISTEN TO ME**
Mede-speler Roy Scheider – Dis omtrent die lewe (2-14)

**Tygervallei**
Tygervalleisentrum, Bellville Tel. 948-6710
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.00, 2.15, 5.45, 8.15, 10.15 nm
KEVIN KLINE • TRACEY ULLMAN
RIVER PHOENIX • WILLIAM HURT
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
• BETTE MIDLER •
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET
DAAGLIKS: 10.00 vm, 12.30, 2.45 en 5.45 nm
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
SAANS: 8.00 en 10.15 nm ALLEEN
**BAGDAD CAFE** (2-18)
DAAGLIKS: 9.45 vm, 12.15, 2.45, 5.15, 7.45, 10.15 nm
RICHARD GERE • JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)

**Kine Parow**
Sanlamsentrum, Parow Tel. 92-5126
VRY/SAT: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.15, 7.45, 10.00 nm
MAAN-DON: 9.45 vm, 12.00, 2.15, 5.30 en 8.30 nm
KIRK CAMERON • JAMI GERTZ
**LISTEN TO ME**
Mede-speler Roy Scheider – Dis omtrent die lewe (2-14)
VRY/SAT: 10.00 vm, 12.30, 2.45 en 5.45 nm ALLEEN
MAAN-DON: 10.00 vm, 12.30 en 2.45 nm ALLEEN
HELLO! ONS IS HIER
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
VRY/SAT: om 8.15 en 10.15 nm ALLEEN
MAAN-DON: om 5.45 en 8.00 nm ALLEEN
JOHN (NIGHT COURT) LARROQUETTE
**• MADHOUSE •**
Mede-Speler:- Kirstie (Look Who's Talking) Alley (2-12)

**Somerset-Wes**
TEL. (024) 51-5581
VRYDAG: 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
MAAN-DON: 2.30, 5.30 en 8.00 nm ALLEEN
KEVIN KLINE • TRACEY ULLMAN
RIVER PHOENIX • WILLIAM HURT
**I LOVE YOU TO DEATH**
'n Ongelooflike Storie wat die reine waarheid is!! (2-12)
VRYDAG: 2.30, 4.45, 7.00 en 9.15 nm
SATERDAG: 11.00 vm, 2.30, 4.45, 7.00, 9.15 nm
MAAN-DON: 3.00, 6.00 en 8.30 nm ALLEEN
KIRK CAMERON • JAMI GERTZ
**LISTEN TO ME**
Mede-speler Roy Scheider – Dis omtrent die lewe (2-14)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
MAAN-VRY: 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 nm
SATERDAG: 11.00 vm, 2.00, 4.15, 6.30 en 8.45 nm
• BETTE MIDLER •
**STELLA** (2-13)
'N ROERENDE VERHAAL WAT U NOOIT SAL VERGEET
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45 en 9.00 nm
RICHARD GERE • JULIA ROBERTS
**PRETTY WOMAN**
SUPER – ROMANTIESE KOMEDIE (2-14)
MAAN-VRY: 2.00, 4.15 en 6.30 nm
SATERDAG: 11.00 vm, 2.00, 4.15 en 6.30
**TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES**
LENIG, GROEN EN OP DIE GROOT SILWERDOEK (Almal)
SAANS: om 8.45 nm ALLEEN
**GETTING IT RIGHT** (2-16)
MAAN-VRY: 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 nm
SATERDAG: 10.30 vm, 2.00, 4.30, 6.45, 9.00 vm
**VENUS TRAP** (2-19)

**IN-RY** ★ SAANS OM 7.30 nm ★
★ R11,00 per Motor, Kombi of Bakkie vir 2 Rolprente ★
**Goodwood-Tel 54-4339** – Langs Goodwood Skougrond
PRETTY WOMAN (2-14) — RETURN TO RIVER KWAI (2-14)
**Seabreeze - Tel 701-3309** – Pollsmoorweg, TOKAI
NEXT OF KIN (2-18) — HARD TO KILL (2-18)
**Skyvue - Tel 903-5130** – Hoofweg, KUILSRIVIER
BLIND FURY (2-14) — LOCK-UP (2-18)



SK STER-KINEKOR
27 JULIE – 2 AUGUSTUS
VROEË BESPREKINGS BY COMPUTICKET
NAVRAE (011) 331-9991 – ALMAL WELKOM
**ROLPRENTE**
LET WEL: ALLE ROLPRENTE VERANDER VRYDAE

### SENTRAAL

**KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2**
Maan-Don. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Vry-Sat 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
MADHOUSE (2-12) — KIRSTIE "LOOK WHO'S TALKING" ALLEY & JOHN "NIGHT COURT" LARROQUETTE IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
LISTEN TO ME (2-14)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
PRETTY WOMAN (2-14)
BLIND FURY (2-14)
INTERNAL AFFAIRS (2-19)
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)
3 Aug – THE HIDDEN (2-16)
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY VOORSTE INGANG NA KINE CENTRE

**KINE HILLBROW 1-3 725-3134/724-4116**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
MADHOUSE (2-12) — KIRSTIE "LOOK WHO'S TALKING" ALLEY & JOHN "NIGHT COURT" LARROQUETTE IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00 nm
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – THE HIDDEN (2-16)
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

### NOORD

**SANDTON CITY 1-9 783-4430/1**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
MADHOUSE (2-12) — KIRSTIE "LOOK WHO'S TALKING" ALLEY & JOHN "NIGHT COURT" LARROQUETTE IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
LISTEN TO ME (2-14) — KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) — HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18) — ROMANSE, DRAMA, KOMEDIE EN MUSIEK MET MICHELLE PFEIFFER, JEFF BRIDGES & BEAU BRIDGES!
THE LITTLE MERMAID (A) — 'N WALT DISNEY ROMANTIESE AVONTUUR STROKIESPRENT!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
PRETTY WOMAN (2-14) — RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks: 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)
3 Aug – MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

SK DIE MEKKA VAN GEHALTE FILMS
Pensioenaris konsessies slegs geldig Maan tot Don om 10.00 vm, 12.15 & 2.30 nm by Constantia en The Mall
OPEN 3 AUGUSTUS
MOUNTAINS OF THE MOON
'n Kleurvolle avontuurverhaal – 'n ware verhaal. Met PATRICK BERGIN, IAIN GLENN & RICHARD E. GRANT
REUNION
Gebaseer op Fred Uhlman se merkwaardige roman. Met JASON ROBARDS

**THE MALL ROSEBANK 880-2866/7**
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
JESUS OF MONTREAL (2-18) — (FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15
QUEEN OF HEARTS (A)
Daagliks: 9.45, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
FANTASIA (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
THAT SUMMER OF WHITE ROSES (2-16)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
A CHORUS OF DISAPPROVAL (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
TROP BELLE POUR TOI (2-16) — (FRANSE DIALOOG – Engelse byskrifte) FINALE DAE!

**CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
ERIK THE VIKING (A)
Onderdak parkering beskikbaar by ingang agter Constantia-sentrum

**NOORD**

**CRESTA RANDBURG 476-3802**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks: 7.45, 10.00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – THE HIDDEN (2-16)
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

**KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR

**NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
PRETTY WOMAN (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)

### OOS

**EASTGATE 1-6 622-3617/8**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
THE LITTLE MERMAID (A) — 'N WALT DISNEY ROMANTIESE AVONTUUR STROKIESPRENT!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.15 nm
PRETTY WOMAN (2-14) — RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) — HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
LISTEN TO ME (2-14) — KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
VOLGENDE AANBIEDING
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

**KEMPTON PARK 1 & 2 975-5023**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Maan-Don 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat 5.30, 7.45, 10.00 nm
BLIND FURY (2-14)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Maan-Don 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat 5.30, 7.45, 10.00 nm
MADHOUSE (2-12)

**CONSTANTIA BENONI 422-3305**
Maan-Don: 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Sat 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
ONDERDAK PARKERING BESKIKBAAR BY BENONI PLAZA
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)

**PALM SPRINGS 1 & 2 56-3223**
Maan-Don: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDING
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

**POTCH**

**KINE POTCHEFSTROOM 930378**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) — RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks. 7.45, 10.00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
Daagliks. 9.45, 12.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 nm
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)

### WES

**WESTGATE 1-6 764-2530**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
MADHOUSE (2-12)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks: 7.45, 10.00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

**KINE FLORA 1 & 2 472-1658**
Daagliks 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
LISTEN TO ME (2-14) — KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)

**CINE HIGHGATE 1-5 474-2013**
Kaartjies: Volwassenes R6,50. Skollere R4,50
Daagliks 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
BAD INFLUENCE (2-19) — ROB LOWE & JAMES SPADER IN DIE AKSIE RILLER!
MADHOUSE (2-12)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
PRETTY WOMAN (2-14)
BLIND FURY (2-14)
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)
3 Aug – THE HIDDEN (2-16)

**KINE KRUGERSDORP 665-5330**
Daagliks 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
Daagliks: 10.00, 2.30, 7.45 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
Daagliks: 12.15, 5.30, 10.00 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
VOLGENDE AANBIEDING
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

**VAAL**

**RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
THE LITTLE MERMAID (A) — 'N WALT DISNEY ROMANTIESE AVONTUUR STROKIESPRENT!

**KINE VANDERBIJLPARK 016-330072**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
Daagliks 10.00, 2.30, 7.45 nm
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
Daagliks: 12.15, 5.30, 10.00 nm
LISTEN TO ME (2-14)
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)

### PRETORIA

PRETORIA COMPUTICKET
NAVRAE (012) 322-7460

**STERLAND 1-8 341-7568/9**
Daagliks: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
I LOVE YOU TO DEATH (2-12) — 'N LAGWEKKENDE KOMEDIE MET KEVIN KLINE EN TRACEY ULLMAN!
MADHOUSE (2-12) — KIRSTIE "LOOK WHO'S TALKING" ALLEY & JOHN "NIGHT COURT" LARROQUETTE IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
LISTEN TO ME (2-14) — KIRK CAMERON & JAMIE GERTZ IN DIE ROERENDE DRAMA!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A) — HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BLIND FURY (2-14)
GETTING IT RIGHT (2-16)
HARD TO KILL (2-18)
THE FABULOUS BAKER BOYS (2-18)
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – THE HIDDEN (2-16)

**SUNNYPARK 1-3 44-4069**
Daagliks. 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
STELLA (2-13) — BETTE MIDLER & STEPHEN COLLINS IN DIE ROERENDE DRAMA!
PRETTY WOMAN (2-14)
Daagliks: 9.45, 11.30, 1.00, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
THE LITTLE MERMAID (A)
VOLGENDE AANBIEDING
3 Aug – MOUNTAINS OF THE MOON (VV2-12)

**TRANSVALIA 26-8387**
Maan. 2.30, 5.30, 8.00 nm
Dins-Don: 2.30, 8.00 nm
Vry: 2.30, 5.30, 8.00 nm
Sat: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00 nm
FANTASIA (A)

**VERWOERDBURGSTAD 663-2034**
Maan: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
Dins-Don 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45 nm
Vry-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 7.45, 10.00 nm
PRETTY WOMAN (2-14) — RICHARD GERE EN JULIA ROBERTS IN DIE ROMANTIESE KOMEDIE!
THE LITTLE MERMAID (A) — 'N WALT DISNEY ROMANTIESE AVONTUUR STROKIESPRENT!
VOLGENDE AANBIEDINGS
3 Aug – HUNT FOR RED OCTOBER (A)
10 Aug – ROBOCOP 2 (2-16)

**ICE-RINK 44-5253**
PUBLIEK SKAATS
MAANDAE – SATERDAE
1ste Sessie: 10.00-12.30 nm
2de Sessie: 2.00-5.00 nm
Son. 2.00-5.00 nm – 7.30-10.30 nm

**Sun City Teaters 014651-21174**
WORD TANS VERTOON: OOP 7 DAE PER WEEK
CINE 3
THE HIDDEN (2-16)
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
THE LITTLE MERMAID (A)
WARLOCK (2-16)
CINE 1
THE OTHER SIDE OF JULIE (Volwasse)
MIRANDA (Volwasse)
CINE 2
THE MISTRESS (Volwasse)
SCREW LOOSE (Volwasse)

SK STER-KINEKOR PRETORIA INRYE
Skakel asb. Ster-Kinekor Navrae 44-5253 vir besonderhede

**LYNNWOOD 87-1633**
MICHAEL J FOX IS TERUG IN DIE AKSIE AVONTUUR! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
AMAZING STORIES (2-12)

**SWARTKOPS 374-4902**
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE SPANNINGVOLLE AKSIE RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)

**WONDERBOOM 57-1108**
WALT DISNEY SE NUUTSTE TREFFER AVONTUUR STROKIESPRENT!
THE LITTLE MERMAID (A)
RETURN TO SNOWY RIVER (A)

**UITSPAN 7-2515**
SUPER AKSIE EN SPANNING DUBBEL! MOET DIT NIE MISLOOP NIE!
CHINA O'BRIEN (VV2-8)
SHAKEDOWN (2-18)

**JAKARANDA 54-9115 9**
HULLE IS HIER! AKSIE EN AVONTUUR! VIR DIE HELE FAMILIE!
TEENAGE NINJA MUTANT TURTLES (A)
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)

**WITBANK 01351-81064**
MERYL STREEP EN ROSEANNE BAKER IN DIE LAGWEKKENDE KOMEDIE!
SHE-DEVIL (2-14)
NIGHTWARS (2-16)

**RUSTENBURG 01421-29358**
SUPER AVONTUUR EN KOMEDIE DUBBEL VIR DIE HELE FAMILIE!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
VIBES (A)

SK STER-KINEKOR 27 Jul – 2 Aug **INRYE**
VAKANSIE TREFFERS VIR DIE HELE FAMILIE BY DIE INRYE!
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES — Germiston • Hillfox • Krugersdorp • Springbok • Nigel
THE LITTLE MERMAID — Speedy's • Sterlig • Vereeniging
BACK TO THE FUTURE 3 — Top Star • Atlas

**GERMISTON 902-1607/8**
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)
3 Aug BACK TO THE FUTURE 3

**SPEEDYS (SOUTH HILLS) 613-4129**
WALT DISNEY SE THE LITTLE MERMAID (A)
AMERICAN FLYERS (A)
3 Aug BLIND FURY CHINA O'BRIEN

**PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411**
KOMEDIE AVONTUUR MET TOM HANKS!
JOE VS THE VOLCANO (A)
THE RESCUE (A)
3 Aug BAD INFLUENCE/TWO MOON JUNCTION

**TOP STAR (STAD) 412-1843/493-5877**
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
LET IT RIDE (A)
3 Aug I LOVE YOU TO DEATH

**STADIUM (MALVERN) 615-1131**
KOMEDIE AVONTUUR MET TOM HANKS!
JOE VS THE VOLCANO (A)
AMERICAN FLYERS (A)
3 Aug BAD INFLUENCE/TWO MOON JUNCTION

**VEREENIGING 12-3211**
WALT DISNEY SE THE LITTLE MERMAID (A)
PINK CADILLAC (A)
3 Aug: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES

**MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060**
DIE VUURWARM DANS FILM VAN DIE JAAR!
SET THE NIGHT ON FIRE (A)
RIVER OF DEATH (A)
3 Aug LISTEN TO ME/SHE-DEVIL

**KINANDER (EVANDER) 24117**
SUPER VAKANSIE DUBBEL!
ALL DOGS GO TO HEAVEN (A)
THE ADVENTURES OF BARON MUNCHAUSEN (A)
3 Aug: TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES

**VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2612**
KEVIN KLINE ("A FISH CALLED WANDA") IN DIE SUPER KOMEDIE!
I LOVE YOU TO DEATH (2-12)
IMMEDIATE FAMILY (2-12)
3 Aug. BAD INFLUENCE TWO MOON JUNCTION

**5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/794-1385**
SUPER KOMEDIE EN AKSIE DUBBEL VERTONING!
SHE-DEVIL (2-14)
CHINA O'BRIEN (VV2-8)
3 Aug BACK TO THE FUTURE 3

**STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468**
WALT DISNEY SE THE LITTLE MERMAID (A)
FUNNY FARM (A)
3 Aug: BACK TO THE FUTURE 3

**HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212**
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
SHE'S OUT OF CONTROL (VV2-10)

**KRUGERSDORP 953-1959**
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
SHE'S OUT OF CONTROL (VV2-10)

**ATLAS (BRENTWOOD PARK) 973-1017**
BACK TO THE FUTURE 3 (A)
THE LAND BEFORE TIME (A)
3 Aug. PRETTY WOMAN

**KEMPTON PARK 976-4905**
TOM HANKS IN DIE WONDERLIKE KOMEDIE!
JOE VS THE VOLCANO (A)
PINK CADILLAC (A)
3 Aug: THE LITTLE MERMAID/HONEY, I SHRUNK THE KIDS

**BRAKPAN 915-3907**
ROB LOWE EN JAMES SPADER IN DIE AKSIE SPANNING RILLER!
BAD INFLUENCE (2-19)
TWO MOON JUNCTION (2-18)
3 Aug: BACK TO THE FUTURE 3

**SPRINGBOK (SPRINGS) 813-4138**
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
LOOK WHO'S TALKING (2-12)

**NIGEL 739-6616**
TEENAGE MUTANT NINJA TURTLES (A)
BEST OF THE BEST (VV2-8)

# Onafhanklike Rolprentteaters

**KAAPSTAD**

*LABIA* - Oranjestraat 68: Tel: (021) 24-5927.
Vanaand:
*Screen 1:*
3.30 Chouans!
6.15 My Sweet Little Village.
8.15 One deadly Summer.
10.30 Salome's Last Dance.
*Screen 2:*
4.00 Salaam Bombay.
6.00 Eat a Bowl of Tea,
8.00 La Lectrice.
10.00 Liar of the White Worm.

Saterdag:
*Screen 1:*
10.15 Best of the Best.
2.15 My Sweet Little Village.
4.00 Salome's Last Dance.
5.45 Liar of the White Worm
7.45 Chouans!
10.15 One Deadly Summer.
*Screen 2:*
1.45 The Life of Bach.
4.15 La Lectrice.
6.00 Salaam Bombay.
8.00 Eat a Bowl of Tea.
10.00 My Sweet Little Village.

**JOHANNESBURG**

*MINI CINE* - Pretoriastraat 49, Hillbrow: Vandag en Saterdag om 3, 6 en 9nm wys DR STRANGELOVE en vanaand om middemag wys LEGEND en WILLOW. Van Sondagaand is dit die Osprey-filmfees met ALLEGRO NON TROPPO, SUGARBABAY, A MAN LIKE EVA en THE GRASS IS SINGING wat dié week wys.
Tel: (011) 642-8915.



*Val Kilmer in die fliek WILLOW wat vandag by die Mini Cine in Hillbrow wys.*

# Dié Week Se TV

## Vrydag 27 Julie

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Rags to Riches
3.30 The Racoons
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Peanuts
5.00 Grapevine
5.15 Fast Forward
5.45 News
6.00 TopSport
7.00 The Dirty Dozen
8.00 Nuus
8.45 Police File
9.00 Vendetta
10.00 Die geheime laai
11.00 TopSport
12.00 Oordenking

### TV2
5.57 Dramareeks
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box

### TV3
5.57 Dramareeks
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Imalini
8.15 Video Juke Box

### TV4
5.00 TopSport
9.04 Coma - kyk onder hoogtepunte
10.59 Vinnie and the Viscounts
11.37 MASH

### M-NET
10.30 The Swiss Family Robinson
3.00 The Smurfs
3.25 Wildfire
3.50 Dino Riders
4.15 Inspector Gadget
4.40 The Flintstone Kids
5.00 Hot Hits
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Sport
Intekenare
7.00 Dark Horse
8.15 Panorama
9.00 Aliens - kyk onder hoogtepunte
11.15 Boks
12.15 Legal Eagles

## Saterdag 28

### TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige TV
6.30 Agriforum
7.00 Goeie Môre SA
9.00 Opvoedkundige TV
11.00 Oskapades
11.10 Die Robinsons
11.35 Oorlewing
12.00 TopSport
6.00 Nuus
6.15 Kompas
6.20 Boeremusiek-kompetisie
7.00 Die waaghals
8.00 News
8.35 LA Law
9.30 Sophie's Choice - kyk onder hoogtepunte
11.50 The Thorns
12.15 Epilogue

### TV2
11.00 Educational Rendezvous
3.10 TopSport
6.30 Epilogue
6.45 News
7.01 Top 20
8.55 Oordenking

### TV3
11.00 Educational Rendezvous
3.00 TopSport
6.27 Epilogue
6.30 Nuus
6.45 In depth programme
7.00 Top 20
8.55 Oordenking

### TV4
6.02 Mr Belvedere
9.52 Kupid
10.36 Benson
11.03 Our House
11.53 Sledge Hammer
11.32 TopSport

### M-NET
7.00 K-TV
11.00 The Alien Years
4.00 Motorsport
5.00 Motorsport
5.30 Perdewedrenne
Oop Tyd
6.00 Diamonds
Intekenare
7.00 Defense Play
8.30 60 Minutes
9.00 Mona Lisa - kyk onder hoogtepunte
10.40 Boks
12.00 Blue Thunder
1.25 Double Standard

## Sondag 29

### TV1
12.30 Joy of Music
1.00 Tao Tao
1.30 ZET!
1.40 The Gummi Bears
2.00 Walt Disney-fliek
2.50 Die Waltons
3.45 Collage
4.45 Beyond 2000
5.45 Kruis en Kroniek
6.25 Skat in Kleipotte
6.40 Met Woord en lied
7.00 50/50
8.00 Nuus
9.00 Vincent - kyk onder hoogtepunte
10.35 A Look at the Book
10.40 Lig vir die wêreld

### TV2
1.00 TopSport
5.57 Vulkane
6.30 In depth programme
7.45 Nuus
7.01 Masekhane
7.55 Oordenking

### TV3
12.00 TopSport
5.57 Terasse
6.30 News
6.45 In depth programme
7.01 Imahlasedi a Tumelo
7.55 Oordenking

### TV4
10.00 Impressions
12.00 TopSport
9.04 Edward, My Son
10.59 Muzik a la Carte
11.31 TopSport

### M-NET
7.00 Indiese programme
10.30 Portugese programme
Intekenare
1.30 Care Bears
2.00 Mac and Mutley
2.30 Superbook
3.00 Blood Vows
4.50 The Doobie Brothers
Oop Tyd
6.00 Beauty and the Beast
Intekenare
7.00 Carte Blanche
8.00 Royalty Special
9.00 Clue
11.00 Tennis

## Maandag 30

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleschool
4.05 Santa Barbara
4.30 Just the Ten of Us
5.00 Innovations
5.15 Bionic Six
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Major Dad
7.30 Origins
8.00 Nuus
9.00 TopSport
10.00 St Eligius
10.50 Oordenking
11.00 TopSport

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Disneyland
5.58 Hello Kitty's
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 Police File
8.00 Velaphi
8.30 Ziyaduma

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Disneyland
5.58 Dikolong
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Police File
8.00 After 8
8.30 Sediba Sa Moya

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.03 Family Ties
9.30 Wiseguy
10.27 Unsolved Mysteries
11.20 Rock 'n Roll Palace

### M-NET
10.30 The Swiss Family Robinson
3.00 The Smurfs
3.25 My Little Pony
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Perfect Strangers
Intekenare
7.00 The House on Carroll Street
8.40 Saturday Night
9.00 All of Me - kyk onder hoogtepunte
10.30 60 Minutes
11.00 Dark Horse

## Dinsdag 31

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleskool
3.30 Oscar
3.45 Wielie Walie
4.00 Rustelose jare
5.00 As die eeu draai
5.15 Mooirivier
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Fox en vennote
8.00 News
9.00 Dallas
10.00 The Golden Girls
10.30 No Jacket Required
11.00 TopSport
12.00 Evening Prayer

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.46 Dealing with Dogs
5.58 Centurions
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.31 Tydskrifprogram

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Countries
4.45 Dealing with Dogs
5.58 Thakaneng
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Musiek

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Mistress
10.47 My Two Dads
11.13 Paradise

### M-NET
10.30 Secret Passions
12.05 60 Minutes
3.00 The Smurfs
3.25 My Little Pony
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Muntant Hero Turtles
5.35 Slimer
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Hogan Family
Intekenare
7.00 The Pick-up Artist
8.20 One Hundred Years
9.00 Heritage
10.00 Supersport
11.00 Detective Sadie and Son

## Woensdag 1

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Telescool
3.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
4.00 Bible Story
4.05 Santa Barbara
4.30 Growing Pains
5.00 Innovations
5.15 ZAPMAG
5.45 News
6.00 Antenna
7.00 Space Experience
7.30 Who's the Boss
8.00 Nuus
9.05 Die Guldenburgs
10.00 TopSport
11.00 Oordenking

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and development
5.58 Jeugdrama
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.26 Bathathe

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 Training and Development
5.58 G I Joe
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.26 Crossbow

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Napoleon and Josephine
9.58 Night Court
10.26 Die haastige man

### M-NET
10.30 The House on Carroll Street
12.10 60 Minutes
3.00 The Smurfs
3.25 My Little Pony
3.50 Diplodo
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Spartakus and the Sun
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 Doctor Doctor
Intekenare
7.00 Clue
8.30 Saturday Night
9.00 Better off Dead - kyk onder hoogtepunte
10.40 60 Minutes
11.00 Aliens

## Donderdag 2

### TV1
6.00 Goeie Môre SA
2.30 Teleskool
3.30 Wysheid van die kabouters
4.00 Rustelose jare
5.00 Wetenskap in werking
5.15 Tekkies
5.45 Nuus
6.00 Kompas
6.05 Antenne
7.00 Binnekring
8.00 News
9.00 thirtysomething
10.00 The City
10.30 Diagonal Street
11.00 TopSport
12.00 Face to Face

### TV2
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Tydskrifprogram
6.27 Epilogue
6.30 In depth programme
7.00 News
7.31 526
8.00 Crossbow
8.30 Jazz

### TV3
4.13 Featherfoot Farm
4.25 AIT
4.42 Stepping into Rhythm
5.58 Kickers
6.27 Epilogue
6.30 News
7.00 In depth programme
7.31 Pick-a-Box
8.00 Nong Seakaladi
8.30 Jazz

### TV4
5.00 Capitol
5.30 The Bold and the Beautiful
9.04 Napoleon and Josephine
10.01 Movie Focus
10.29 The Nutt House
10.56 T.J. Hooker

### M-NET
10.30 Blue Thunder
12.15 Newsnight
3.00 Hello Spencer
3.25 The Smurfs
3.50 Dino Riders
4.15 Inspector Gadget
4.40 Heathcliff
5.10 Teenage Mutant Hero Turtles
5.35 Slimer
Oop Tyd
6.00 Loving
6.30 The Wonder Years
Intekenare
7.00 Revue Plus
8.00 The John Berks Show
8.30 Evita's Indaba
9.00 Dr No - kyk onder hoogtepunte
10.45 Newsnight
11.00 The Good Wife

# Berks en Evita chat op TV

TWEE lekker programme wat Donderdagaand op M-Net begin, is THE JOHN BERKS CHAT SHOW wat maandeliks vertoon sal word en EVITA'S ENDABA, 'n reeks in ses dele met Evita Bezuidenhout (Pieter-Dirk Uys) as aanbieder.

Sean Connery is ook Donderdagaand in die eerste van die James Bond-flieks DR NO te sien. Agent 007 infiltreer Crab Key, die hoofkwartier van Dr No (Joseph Wiseman) wat met niks minder as wêreldoorname tevrede sal wees nie. Ook met Ursulla Andres.

COMA is 'n drama oor 'n dokter wat onraad merk toe haar vriendin in 'n koma verval nadat sy 'n klein operasie ondergaan het. Toe sy ondersoek instel, maak sy 'n grusame ontdekking. Met Genevieve Bujold en Michael Douglas.

'n Tienerseun word die trekpas gegee en hy kry homself toe verskriklik jammer totdat 'n pragtige Franse uitruilstudent vir hom wys wat wat in die lewe is. Met John Cusack en Diane Franklin. BETTER OFF DEAD wys Woensdagaand op M-Net.

'n Ryk en eksentrieke vrou (Lily Tomlin) sterf en 'n mal ghoeroe probeer haar siel in 'n pragtige vrou plaas, dit werk toe nie so lekker nie want voordat sy weet wie is wat en waar, is sy in die liggaam van 'n man. ALL OF ME met Richard Libertini, Victoria Tennant en Steve Martin wys Maandagaand op M-Net.

In die film MONA LISA wat Saterdagaand op M-net wys, vertolk Bob Hoskins die rol van 'n gewese tronkvoël wat 'n chauffeur vir 'n pragtige foonsnol word. En toe raak hy boonop op haar verlief. Ook met Michael Caine en Cathy Tyson.

Die vervolg van die fliek Alien is ALIENS wat Vrydagaand op M-Net wys. Adjunk-offisier Ripley (Sigourney Weaver) is die enigste oorlewende op 'n ruimteskip wat besluit om die monster wat haar kollegas vermoor het, 'n ding of twee te gaan wys. Ook met Carrie Henn.

Die drama SOPHIE'S CHOICE wys Saterdagaand op TV1 met Meryl Streep in die hoofrol. Dis die verhaal van Sophie, 'n konsentrasiekamp-oorlewende en haar verhouding met 'n onstabiele man, Nathan (Kevin Kline). Hulle verhouding word deur 'n vriend Stingo (Peter MacNicol) waargeneem wat toe op Sophie verlief raak.

'n Program oor die lewe en werk van die briljante kunstenaar Vincent van Gogh getitel VINCENT wys Sondagaand op TV1.

**Gidse saamgestel deur DEBBIE AMOS**

**Jesus of Montreal - B4**